# JAARBOEK 2006

## Fakulteit Regte



**DEKAAN**

Prof F Venter

**Noordwes-Universiteit**
**Potchefstroomkampus**

Rig alle korrespondensie aan
Die Registrateur: Akademiese en Korporatiewe Administrasie
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM

Tel: (018) 299-1111/2222
Faks: (018) 299-2799
Internet: http://www.nwu.ac.za

**U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.**

Let wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie.

**A-Reëls verskyn in 'n aparte eksemplaar.**

***Opmerking***

Voordat hulle finaal oor die keuse van modules besluit, moet studente hulle deeglik vergewis van die klasrooster. Indien daar 'n botsing by ‘n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke vakkombinasie ontoelaatbaar. Dergelike gevalle moet asseblief met die betrokke persone by die Fakulteitsadministrasie bespreek word.

## INHOUDSOPGAWE


R.1 INLEIDING........................................................................1

R.1.1 STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE FAKULTEIT..........................1

R.1.2 GRADE EN DIPLOMAS ..................................................................2

R.1.3 MODULES EN KREDIETE ..............................................................3

R.1.4 VERHOUDING TUSSEN KREDIETE EN GEAGTE LEERURE........................3

R.1.5 ERKENNING VAN VORIGE LEER ......................................................3

R.1.6 REGISTRASIE...............................................................................4

R.1.7 PROFESSIONELE ETIEK ................................................................4

R.1.8 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT.....................................................4

R.1.9 TAALMEDIA ................................................................................4

R.1.10 OORGANGSREËLS.........................................................................4

R.1.11 EKSAMENSUBMINIMUM ................................................................4

R.1.12 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID...............................5

R.2 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS LEGUM (LL B)..................................6

R.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ....................................................6

R.2.2 TOELATINGSVEREISTES.................................................................6

R.2.3 LYS VAN MODULES: LL B (VOLTYDS) (PROGRAMKODE R401P) ............7

R.2.4 PROGRAMUITKOMSTE VAN DIE LL B...............................................9

R.2.5 PROGRAM VIR DIE LL B-GRAAD (VOLTYDS)......................................12

R.2.6 EKSAMINERING ...........................................................................15

R.2.7 LYS VAN MODULES: LL B (TELEMATIES) (PROGRAMKODE R401P) ..........16

R.3 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM MET REGSVAKKE........................20

R.3.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ....................................................20

R.3.2 TOELATINGSVEREISTES.................................................................20

R.3.3 LYS VAN MODULES (VOLTYDS) (PROGRAMKODE: R301P) ....................21

R.3.4 PROGRAMUITKOMSTE VIR DIE BA-GRAAD.........................................26

R.3.5 PROGRAM VIR DIE GRAAD BA MET REGSVAKKE...................................29

R.3.6 INSKRYWING VOLGENS ROOSTER ........ 31
R.3.7 TOEKENNING VAN GRAAD MET LOF EN MET ONDERSKEIDING IN 'N MODULE ........ 31
R.3.8 LYS VAN MODULES (TELEMATIES) (PROGRAMKODE: R301P) ........ 31
R.3.9 PROGRAM VIR DIE BA-GRAAD MET REGSVAKKE (TELEMATIES) ........ 31

**R.4 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER LEGUM (LL M) EN MAGISTER PHILOSOPHIAE (M PHIL) ........ 32**

R.4.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ........ 32
R.4.2 TOELATINGSVEREISTES ........ 32
R.4.3 LYS VAN MODULES ........ 34
R.4.4 PROGRAMUITKOMSTE ........ 35
R.4.5 PROGRAMME VIR DIE LL M/M PHIL-GRAAD ........ 35
R.4.6 EKSAMINERING ........ 40

**R.5 REELS VIR DIE GRAAD DOCTOR LEGUM (LL D) (PROGRAMKODE: R901P) ........ 41**

R.5.1 LL D VERWERF DEUR DIE SKRYF VAN 'N PROEFSKRIF ........ 41
R.5.2 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ........ 41
R.5.3 TOELATINGSVEREISTES ........ 41
R.5.4 LYS VAN MODULES EN PROGRAM ........ 41
R.5.5 PROGRAMUITKOMSTE ........ 41
R.5.6 EKSAMINERING ........ 42

**R.6 REËLS VIR DIE DIPLOMA IN LAW (PARALEGAL PRACTICE) (PROGRAMKODE: R101T) ........ 43**

**R.7 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN BOEDELREG (PROGRAMKODE: R501P)* ........ 44**

R.7.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ........ 44
R.7.2 TOELATINGSVEREISTES ........ 44
R.7.3 LYS VAN MODULES ........ 44
R.7.4 PROGRAMUITKOMSTE ........ 44
R.7.5 EKSAMINERING ........ 45

R.8 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN IN- EN UITVOERREG (PROGRAMKODE: R502P) ..........46
R.8.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ..........46
R.8.2 TOELATINGSVEREISTES..........46
R.8.3 LYS VAN MODULES..........46
R.8.4 PROGRAMUITKOMSTE ..........47
R.8.5 EKSAMINERING ..........47
R.9 MODULE-UITKOMSTE ..........48
R.9.1 MODULES AANGEBIED DUER DIE FAKULTEIT REGTE ..........48
R.9.2 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (SKOOL VIR TALE)..........69
R.9.3 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (SKOOL VIR SODIALE EN OWERHEIDSSTUDIES) ..........75
R.9.4 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE (SKOOL VIR REKENKUNDIGE WETENSKAPPE) ..........77
R.9.5 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT TEOLOGIE ( SKOOL VIR BYBELSTUDIES EN ANTIEKE TALE) ..........77
R.9.6 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (SKOOL VIR FILOSOFIE) ..........79
R.9.7 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE..........79
R.9.8 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE..........83
R.9.9 DOPLOMA MODULES..........86
R.9.10 NAGRAADSE MODULES ..........86
R.10 OORGANGSREËLS..........95

**AMPSDRAERS**

DEKAAN

Prof F Venter

**DIREKTEURE**

**NAVORSINGSFOKUSAREA (ONTWIKKELING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REGSTAAT)**

Prof W du Plessis

**ONDERRIG**

Me MC Roos

**PROFESSIONELE DIENSTE**

Prof JA Robinson

**SENTRUM VIR GEMEENSKAPSREG EN ONTWIKKELING**

Mnr SWJ Meyer

**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**

Me EJ Britz/Me A Stapelberg (Waarnemend)

**FAKULTEITSRAAD**

Verteenwoordiger van die SRVP

Crous AJ

De la Harpe SPLR

Du Plessis AA

Du Plessis W

Du Toit PG

Ferreira GM

Hattingh D

Horsten DA

Jansen van Rensburg L

Kloppers HJ

Kotze LJ

Meyer SWJ

Monare AT

Monchusi PJ

Pienaar GJ

Rautenbach C

Robinson JA

Roos MC

Scholtz W

Schutte PJW

Stander AL

Van der Merwe APS

Van der Schyff E

Venter F

**EREPROFESSORE**

SW van der Merwe

DH van Zyl

L Wessels

**BUITENGEWONE PROFESSORE**

F Diedrich

GH Pienaar

JM Pienaar

I Klynsmith

E de Wet

NJJ Olivier

**BUITENGEWONE SENIOR DOSENT**

T van der Walt

## REËLS: FAKULTEIT REGTE

### R.1 INLEIDING

Hierdie reëls moet saam met en onderhewig aan die A-reëls van die Universiteit gelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op http://www.puk.ac.za onder "Algemeen"/"Algemene Jaarboek"/"Reëls", en gedrukte eksemplare daarvan kan in die Ferdinand Postma Biblioteek en by die Direkteur: Akademiese Administrasie geraadpleeg word.

### R.1.1 STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE FAKULTEIT

Die **Fakulteit Regte** funksioneer in drie komponente: die voorgraadse onderrigprogram, nagraadse opleiding en navorsing en professionele dienslewering.

Die **voorgraadse onderrigprogram** word bestuur deur die Direkteur: Onderrig.

**Nagraadse opleiding en navorsing** word deur die Navorsingsfokusareadirekteur bestuur.

**Professionele dienslewering** word deur die Direkteur: Professionele Dienste en die direkteur van die Sentrum vir Gemeenskapsreg en Ontwikkeling bestuur.

Op voorgraadse vlak is die primêre fokus op die LL B-program. Nagraadse opleiding en navorsing word in die fokusarea *Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat* bedryf. Die Sentrum vir Gemeenskapsreg en Ontwikkeling lewer regshulpdienste, gemeenskapsdienste en –opleiding asook konsultasie- en adviesdienste. Die kursusse in regspraktyk, die Regsdiploma (Pararegspraktyk) word by die Sentrum aangebied. Die Regsdiploma (Pararegspraktyk) word slegs in Engels aangebied.

## R.1.2 GRADE EN DIPLOMAS

Die volgende grade kan in die Fakulteit Regte toegeken word:

| KWALIFIKASIE | AFKORTING | PROGRAM EN PROGRAMKODE | | KURRIKULUMKODE |
|---|---|---|---|---|
| Baccalaureus Legum | LL B | Baccalaureus Legum | R401P<br><br>R410P | 607 104 Voltyds, faseer uit 2007<br>607 104 Vanaf 2007 |
| Baccalaureus Artium | B A | Baccalaureus Artium met Regsvakke | R301P<br>R301P | 100 145 Voltyds<br>100 145 Telematies** |
| Magister Legum | LL M | Magister Legum: Verhandeling | R801P | 604 110 Voltyds<br>604 110 Deeltyds |
| | | Magister Legum in Boedelreg | R802P | 604 111 Voltyds<br>604 111 Deeltyds |
| | | Magister Legum in In- en Uitvoerreg | R803P | 604 112 Voltyds<br>604 112 Deeltyds |
| | | Magister Legum in Publiekreg | R804P | 604 113 Voltyds<br>604 113 Deeltyds |
| | | Magister Legum inOmgewingsreg en - beheer | R806P | 604 114 Voltyds<br>604 114 Deeltyds |
| | | Magister Legum in Arbeidsreg | R805P | 604 115 Voltyds<br>604 115 Deeltyds |
| Magister Philosophiae** | M Phil | Magister Philosophiae in Omgewingsreg en - beheer | R801P | 187 101 Voltyds<br>187 101 Deeltyds |
| Doctor Legum | LL D | Doctor Legum | R901P | 605 110 Voltyds<br>605 110 Deeltyds |

**Geen nuwe eerste registrasie vir hierdie grade sal vanaf 2006 aanvaar word nie. In 2007 sal eerstejaarmodules vir die laaste keer telematies aangebied word. In 2008 sal tweedejaarmodules vir die laaste keer telematies aangebied word en in 2009 en 2010 sal die derde- en vierdejaarmodules uitfaseer word.

Die volgende diplomas kan in die Fakulteit Regte toegeken word:

| KWALIFIKASIE | AFKORTING | KWALIFIKASIEKODE | PRO-GRAM | KURRIKULUMKODE |
|---|---|---|---|---|
| Nagraadse diploma** | Dip | Nagraadse diploma: Boedelreg | R501P | 606 102 Voltyds<br>606 102 Deeltyds |
| Nagraadse diploma** | Dip | Nagraadse diploma: In- en Uitvoerreg | R502P | 608 102 Voltyds<br>608 102 Deeltyds |
| Diploma in law** | DiL | Diploma in Law: Paralegal Practice | R101T | 610 101 Telematies |

** Geen nuwe eerste registrasies word vanaf 2006 vir hierdie diplomas aanvaar nie. Eerstejaarmodules in die *Diploma (Paralegal Practice)* sal nie na 2007 aangebied word nie en geen tweedejaarmodules na 2008 nie.

## R.1.3 MODULES EN KREDIETE

Die leerstof vir elke graad is in modules verdeel en elke module het 'n bepaalde kredietwaarde. Elke module word afsonderlik geëksamineer.

## R.1.4 VERHOUDING TUSSEN KREDIETE EN GEAGTE LEERURE

Die aantal kredietpunte wat aan elke module ooreenkomstig reël A.1.12 toegewys word, is soos aangedui in reël R.2.5, R.3.5, R.4.3, R.5.4, R.7.3 en R.8.3.

## R.1.5 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsels onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel. Die Noordwes-Universiteit onderskryf verder die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigleerprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklike gekose onderrig-leerprogram van die Universiteit uitmaak.

By die erkenning van vorige leer (kyk reël A.1.50 en reël A.4.2.1.3) handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigleerprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uittreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus ooreenkomstig die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uittreeuitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van en kredietverlening aan voornemende of bestaande studente - hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

## R.1.6 REGISTRASIE

Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat ‘n student deurloop het om as student van die Universiteit ingeskryf te word.

'n Toegelate student registreer jaarliks vir die duur van die studie vir 'n spesifieke studieprogram op die tyd en plek deur die Universiteit daarvoor bepaal. Die proses behels dat die voorgeskrewe registrasiegeld betaal word, die registrasievorm voltooi en die nodige handtekeninge daarop aangebring is, waardeur aangedui word dat die Direkteur Onderrig die studente se keuse van modules vir die jaar goedkeur.

Die registrasievorm word deur die studente by die registrasieafdeling ingedien waarop 'n bewys van registrasie uitgereik word.

## R.1.7 PROFESSIONELE ETIEK

Regstudie bied toegang tot die regsprofessie. Toegang tot die regsprofessie is daarvan afhanklik dat 'n applikant gereken word as geskik om tot die professie toe te tree. Weens die hoë etiese standaarde wat in die regsprofessie gestel word, is dit onwaarskynlik dat 'n persoon wat regtens gestraf word of teen wie dissiplinêr opgetree word weens optrede wat dui op oneerlikheid, tot die regsprofessie toegelaat sal word, nieteenstaande goeie akademiese prestasie.

## R.1.8 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as ‘n groepaktiwiteit). Vir verdere inligting sien: http://www.puk.ac.za/beheer-bestuur/beleidreels/index_e.html

## R.1.9 TAALMEDIA

Die voltydse voorgraadse programme word in Afrikaans aangebied en die telematiese programme in Engels. Tolking vanaf Afrikaans na Engels is vanaf 2006, 2007 in die JURI-modules van die eerste en tweede studiejaar in die voltydse program beskikbaar. Eksamens en ander evaluerings, sowel as korrespondensie, kan in alle programme na keuse in Afrikaans of Engels afgelê of gevoer word.

## R.1.10 OORGANGSREËLS

Die Direkteur: Onderrig reik waar nodig oorgangsreëls uit ten einde die oorgang van bestaande programme na nuwe programme moontlik te maak.

## R.1.11 EKSAMENSUBMINIMUM

Die eksamensubminimum vir modules in die Fakultiet Regte met ‘n LLBR- en DPRA-kode is 45.

## R.1.12 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID

(i) Alle nuwe eerstejaarstudente aan die Universiteit moet hulle aanmeld vir ’n verpligte vaardigheidstoets ten einde hulle vermoë om in ’n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer.

(ii) Die doel van die toets is om studente te help om vroegtydig leemtes te identifiseer en dan die nodige leiding in hierdie verband te kry.

(iii) Hierdie toets word in die oriënteringstydperk in koshuisverband afgeneem, maar die kursusse self word in fakulteitsverband aangebied.

(iv) Studente wat nie by koshuise inskakel nie, moet ook die toets aflê. Sodanige studente moet met die oog op die nodige reëlings daarvoor kom aanmeld by die kantoor van die akademiese-taalvaardigheidsprogram op die onderskeie kampusse.

(v) Die program waarvoor studente registreer, is bepalend vir die taal waarin (a) die toetse afgeneem en (b) die hulp ook aangebied word. Dit sal bepaal of studente registreer vir AFNL 116/126 (moedertaalsprekers van Afrikaans), AFNL 117/127 (nie-moedertaalsprekers van Afrikaans), ENGL 116/126 (algemene Engelse vaardigheid).

(vi) Indien ‘n student geïdentifiseer word as 'n kandidaat vir een van die kursusse, moet die betrokke kursus geslaag word alvorens die studente vir die tweede studiejaar kan registreer.

## R.2 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS LEGUM (LL B)

### R.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die studie vir die graad Baccalaureus Legum (LL B) duur 'n minimum van vier en 'n maksimum van vyf jaar.

Die LL B kan ook as tweede baccalaureusgraad verwerf word. ‘n Student kan byvoorbeeld vir die graad Baccalaureus Artium (BA) met Regsvakke in hierdie Fakulteit of vir 'n Baccalaureus Commercii met Regsvakke wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word, inskryf. Regsvakke wat in die loop van hierdie grade geslaag word, hoef nie tydens die LL B-studie herhaal te word nie, met die gevolg dat die LL B-graad na slegs, maar ten minste, twee verdere jare studie verwerf kan word. Die LL B-studie wat volg op bogemelde baccalaureusgrade duur 'n maksimum van drie jaar.

### R.2.2 TOELATINGSVEREISTES

(i) Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.

(ii) 'n Voornemende student met matrikulasievrystelling met 'n M-telling van 16 of meer (kyk R.2.2.1 hieronder) kwalifiseer vir toelating tot die LL B-studie.

#### R.2.2.1 Bepaling van die M-telling

Met inagneming van die Algemene Reëls en Fakulteitsreëls soos vervat in die betrokke jaarboeke en met spesifieke verwysing na Reël A.4.2 (wat bepaal dat skooleindsertifikate geëndosseer moet wees dat daar voldoen is aan die minimum statutêre vereistes vir toelating tot B-graadstudie aan 'n universiteit in die RSA - met ander woorde dat **volle matrikulasie-vrystelling/voorwaardelike vrystelling** verwerf is), behou die Universiteit hom die reg voor om die volgende keuringsmodel toe te pas, aan die hand van welke resultate oorweging aan kandidate se aansoeke verleen sal word.

**Keuringsmodel**

| Vaksimbool | Hoër Graad | Standaardgraad |
|---|---|---|
| A | 6 | 5 |
| B | 5 | 4 |
| C | 4 | 3 |
| D | 3 | 2 |
| E | 2 | 1 |
| F | 1 | 0 |

’n Maksimum van 4 vakke word gebruik om die M-telling te bepaal.

**L.W.** Die telling van die toepaslikste vak vir die betrokke studierigting dra dubbele gewig.

### Berekening van M-telling vir die LL.B-graad

M-telling : Onderrigtaal van voorgenome kwalifikasie (Afrikaans of Engels) x 2 + 3 beste vakke.

| Graad | Vereiste skool vakke | Aanslag vir toelating (vereiste M-telling)) | Keuringstoets |
|---|---|---|---|
| LL.B<br>4-jarige voorgraadse kursus 607107 – R410P | | 16 | |

### R.2.3 LYS VAN MODULES: LL B (VOLTYDS) (PROGRAMKODE R401P)

Verwys na R2.7 hieronder.

### R.2.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT MODULES

#### R.2.3.1.1 Afrikaans en Nederlands

a) Vir toelating tot Afrikaans: *Taal sonder grense (AFNL111)* en *Afrikaanse en Nederlandse Taal- en Literatuurstudie* (AFNL121) word minstens ‘n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (hoër graad) of ‘n C-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (hoër graad) op matriekvlak vereis.

b) Vir toelating tot *Die studie van Afrikaans: moedertaa*l (AFNT112) en *Afrikaanse taal- en literatuurstudie* (AFNT121) word minstens ‘n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (hoër graad) of ‘n D-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (hoër graad) op matriekvlak vereis.

c) AFNT112 en AFNT121 word slegs via die Universiteit se telematiese program aangebied.

d) Studente wat die telematiese kursuseenhede in Afrikaans (AFNT112, 121) suksesvol voltooi het en wil oorskakel na die voltydse kursuseenhede in Afrikaans en Nederlands (AFNL211,221), moet daarvoor aansoek doen by die vakvoorsitter. Ekstra werk in Nederlands tot die bevrediging van die vakgroep kan van hierdie studente geverg word. Die aanbied van die elektiewe modules AFNE211 en AFNE213 in ‘n gegewe jaar kan beïnvloed word deur die aantal studente wat vir die module registreer asook navorsingsverpligtinge en verlofreëlings van dosente.

e) Studente wat aan die toelatingsvereistes vir AFNL111,121 of AFNT211,121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands.

#### R.2.3.1.2 Afrikatale

a) Studente wat `n Sothotaal soos Tswana, Suid-Sotho of Noord-Sotho Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursusse van Tswana (ATSW114, ATSW124) inskryf nie.

b) Studente wat Zoeloe Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of die taal as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalmodule van Zoeloe (AZOE114, AZOE124) inskryf nie.

c) Studente wat Xhosa of Swati Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, word toegelaat om Zoeloe derdetaal (AZOE114, AZOE124) te neem.

d) As Tswana as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Zoeloe (AZOE114, AZOE124) in die program in te sluit.

e) As Zoeloe as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Tswana (ATSW114, ATSW124) in die program in te sluit.

#### R.2.3.1.3 Duits

a) ‘n Student wat Duits as matriekvak geslaag het, kan óf in sy eerste studiejaar vir GRMN111,121 óf in sy tweede studiejaar, na suksesvolle aflegging van ’n toelatingstoets, vir GRMN211,221 registreer.

b) ‘n Student wat ’n taalsertifikaat in Duits aan ’n taalinstituut verwerf het, kan by suksesvolle aflegging van ’n toelatingstoets, vrystelling kry vir GRMN111, maar moet vir GRMN121 registreer en dit slaag voordat hy/sy vir Duits (GRMN211,221) kan registreer.

c) Duits (as derdevlakkursus) kan deur UNISA afgelê word en sal deur die Noordwes-Universiteit erken word.

**R.2.3.1.4 English**

a) To register for English (ENGL111,121 – full-time or part-time) a student must have obtained at least a C symbol (60%) in English Second Language (HG) or a D symbol in English First Language (HG) in the matriculation examination.

b) To register for the second semester ENGL121 (academic), a student must have obtained 60% for the module mark of the first semester (ENGL111). Students who failed to obtain 60% in ENGL111 will automatically be admitted to ENGL122 (service module).

c) ENGL111, 121 were the only modules presented through the university’s telematic system, but as from 2007 these modules will not be offered telematically.

**R.2.3.1.5 Frans**

a) Om vir FRAN111,121/FRAB111, 121 te registreer, moet ‘n student oor ‘n matrikulasie-vrystellingsertifikaat beskik.

b) ‘n Student wat in Frans gematrikuleer het, kan nie vir FRAN111, 121/FRAB111,121 registreer nie.

c) ‘n Student wat in Frans gematrikuleer het en Frans as hoofvak wil neem, moet in die eerste studiejaar vir Antieke Kultuur (AKRL111,121) en in sy/haar tweede studiejaar vir FRAN211,221 registreer.

d) Studente met voorafkennis van Frans sal toegelaat word om direk te registreer vir FRAN211 ná die aflegging van ‘n toets. Hierdie registrasie mag eers vanaf die tweede studiejaar gedoen word.

e) Studente wat FRAN111 en 121 geslaag het, word toegelaat om met FRAN211, 221 aan te gaan.

**R.2.3.1.6 Latyn**

a) ‘n Student wat in Latyn gematrikuleer het, mag nie vir Latyn (LATN111, 121) registreer nie, maar mag inskryf vir LATN211,221.

b) Studente met Matrieklatyn wat Latyn as hoofvak wil neem, moet in die plek van LATN111,121 registreer vir Antieke Kultuur (AKLR111,121).

## R.2.4 PROGRAMUITKOMSTE VAN DIE LL B

**R.2.4.1 Algemeen**

Benewens die akademiese en prinsipiële vorming van studente word die volgende oogmerke met die program nagestreef:

a) om die studente toe te rus met kennis en spesifieke vaardighede, gekoppel met die vermoë om die verworwe kennis en vaardighede toe te pas in 'n verskeidenheid vertakkinge van die regsberoep met die oog op verdere persoonlike intellektuele ontwikkeling, ekonomiese bedrywighede en gemeenskapsdiens;

b) om 'n bydrae te lewer tot die toetrede van genoegsame hoeveelhede gekwalifiseerde regslui tot die private en die openbare sektor in Suid-Afrika ten einde te verseker dat daar volhoubaar aan al die uiteenlopende behoeftes ten opsigte van regsdienste, leierskap en innoverende, kennisgebaseerde aktiwiteite van 'n transformerende samelewing binne die Suid-Afrikaanse regstaat voldoen word;

c) om gekwalifiseerdes toe te rus om verdere studie en navorsing op nagraadse vlak te onderneem vir doeleindes van die verwerwing van 'n nagraadse kwalifikasie.

**R.2.4.2 Primêre programdoelstelling**

Die LL B-program lewer regsgeleerdes wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers en wat toegerus is om selfstandig in konkrete situasies met die reg te werk.

**R.2.4.3 Kundigheids- en vaardigheidsdoelwitte en waardes**

‘n Student wat die LL B-graad behaal, moet —

a) as regsgeleerde wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers, toegerus wees met die kennis en vaardighede wat as vertrekpunt vir die suksesvolle buite-universitêre opleiding vir enige van die regsprofessies kan dien, sowel as om met nagraadse studie en navorsing te begin. Om hierdie doelwit te bereik, word die volgende kennis en vaardighede in die module ontwikkel:

   i) regskommunikasievaardighede;

   ii) kennis van professionele regsetiek en insig in die belangrikheid daarvan;

   iii) basiskennis oor die vakgebiede waaroor die professionele eksamens handel;

   iv) verwerwing van insig in die samehang van alle aspekte van die reg.

b) 'n algemene vorming as beginselvaste juris met insig in die hantering van grondvrae in die reg ondergaan het. Hierdie vormingsproses sluit die volgende in:

   i) kennisverwerwing en persoonlike standpuntformulering oor basiese regsfilosofiese en regsteoretiese kwessies en die konkretisering daarvan in die verskillende regsmodules;

   ii) vertroudmaking met 'n Christelike perspektief op die reg naas ander perspektiewe.

c) daartoe in staat wees om onafhanklik as regsgeleerde wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers, verder te ontwikkel. Om

hierdie doelwit te bereik, word die volgende kennis en vaardighede in die program tot stand gebring:

i) die hantering van die ken- en ontstaansbronne van die reg;

ii) beheersing van die teorie, terminologie en grondslae van die vakgebiede wat in die LL B-program ingesluit is;

iii) basiese rekenaarvaardigheid;

iv) die vermoë om regsnorme konkreet toe te pas.

**R.2.4.4 Artikulasiemoontlikhede**

Ná suksesvolle voltooiing van die graad kan die studente wat voldoende presteer het regstreeks toegang tot die LL M-studie verkry.

Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is kan van die Direkteur: Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomste bydra.

## R.2.5 PROGRAM VIR DIE LL B-GRAAD (VOLTYDS)

**Die volgende tabel bevat 'n uiteensetting van die samestelling van die LL B-graad**

| JAARVLAK 1 | | JAARVLAK 2 | | JAARVLAK 3 | | JAARVLAK 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| ABCD111 | 8 | JURI211 | 12 | JURI311 | 12 | JURI411 | 12 |
| JURI111 | 12 | JURI213 | 12 | JURI313 | 12 | JURI312 | 8 |
| JURI112 | 8 | JURI214 | 12 | JURI314 | 12 | JURI317 | 8 |
| JURI113 | 12 | JURI215 | 12 | JURI315 | 12 | JURI414 | 12 |
| JURI114 | 12 | JURI216 | 12 | JURI316 | 12 | JURI415 | 12 |
| RINL111 | 8 | JURI217 | 12 | ABCD311 | 12 | ABCD411 | 12 |
| LEER111 | 8 | | | | | ABCD413 | 12 |
| | | | | | | | |
| [illegible]ster | 68 | Totaal $1^{ste}$ semester | 72 | Totaal $1^{ste}$ semester | 72 | Totaal $1^{ste}$ semester | 76 |

**NOTA**: Let op dat geen nuwe eerste registrasies vir die LLB-graad in die telematiese program vanaf 2006 aanvaar word nie. 2007 sal die laaste jaar wees waarin eerstejaarmodules telematies aangebied word; 2008 die laaste jaar waarin tweedejaarmodules telematies aangebied sal word en derdejaar en vierdejaar telematiese modules sal in 2009 en 2010 uifaseer word.

**NOTA**: Let op dat geen nuwe eerste registrasies vir die LLB-graad in die telematiese program vanaf 2006 aanvaar word nie. 2007 sal die laaste jaar wees waarin eerstejaarmodules telematies aangebied word; 2008 die laaste jaar waarin tweedejaarmodules telematies aangebied sal word en derdejaar en vierdejaar telematiese modules sal in 2009 en 2010 uifaseer word.

| JAARVLAK 1 | | JAARVLAK 2 | | JAARVLAK 3 | | JAARVLAK 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| ABCD121 | 16 | JURI221 | 12 | JURI321 | 12 | JURI421 | 12 |
| JURI121 | 12 | JURI223 | 12 | JURI323 | 12 | JURI322 | 8 |
| JURI122 | 12 | JURI224 | 12 | JURI324 | 12 | JURI423 | 12 |
| JURI123 | 12 | JURI225 | 12 | JURI325 | 12 | JURI424 | 12 |
| JURI124 | 12 | JURI226 | 12 | JURI326 | 12 | JURI425 | 12 |
| | | | | JURI327 | 12 | ABCD421 | 12 |
| | | | | ABCD321 | 12 | | |
| | | | | | | | |
| Totaal 2de semester | 64 | Totaal 2de semester | 60 | Totaal 2de semester | 84 | Totaal 2de semester | 68 |
| Totaal Jaarvlak 1 | 132 | Totaal Jaarvlak 2 | 132 | Totaal Jaarvlak 3 | 156 | Totaal Jaarvlak 4 | 144 |
| Totale krediete vir die program | | | | | | | 564 |

**Opmerking:** Vir die betekenis van ABCD in hierdie tabelle, verwys na bladsy 16.

**NOTA:** Let op dat geen nuwe eerste registrasies vir die LLB-graad in die telematiese program vanaf 2006 aanvaar word nie. 2007 sal die laaste jaar wees waarin eerstejaarmodules telematies aangebied word; 2008 die laaste jaar waarin tweedejaarmodules telematies aangebied sal word en derdejaar en vierdejaar telematiese modules sal in 2009 en 2010 uifaseer word.

**Keusemodules**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ABCD111 | | ABCD311 | | ABCD411 en ABCD413 | |
| **JAARVLAK 1** | | **JAARVLAK 2** | | **JAARVLAK 4** | |
| **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| AFNL 111 | 8 | JURE311 | 12 | JURE411 | 12 |
| *AFNT112 | | JURE313 | 12 | JURE412**** | 12 |
| ATSW113 | 8 | RERP211*** | 8 | JURE413 | 12 |
| AKLR111 | 8 | | | JURP411 | 12 |
| LATN111 | 8 | | | | |
| ATSW114 | 8 | | | | |
| AZOE114 | 8 | | | | |
| FRAN111 | 8 | | | | |
| GRMN111 | 8 | | | | |
| ENGL111 | 8 | | | | |
| ABCD121** | | ABCD321 | | ABCD421 | |
| **JAARVLAK 1** | | **JAARVLAK 2** | | **JAARVLAK 3** | |
| **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | |
| AFNL121 | 16 | JURP321 | 12 | JURE421 | 12 |
| *AFNT121 | 16 | JURP323 | 12 | JURP421 | 12 |
| ATSW123 | 16 | RERP221*** | 8 | | |
| ATSW124 | 16 | | | | |
| AZOE124 | 16 | | | | |
| ENGL121 | 16 | | | | |
| AKLR121 | 16 | | | | |
| LATN121 | 16 | | | | |
| FRAN121 | 16 | | | | |
| GRMN121 | 16 | | | | |

**Opmerkings**:

Wanneer ‘n student in 'n taalmodule in die eerste semester (ABCD 111) registreer, moet die bypassende tweedesemestermodule (ABCD 121) in dieselfde jaar geneem word.

*Enigste taalmudules wat telematies aangebied word, die ander voltyds of na-uurs.

*** ‘n Student wat registreer vir Regsrekeningkunde (RERP 211 en RERP221) sal hierdie module in albei semesters moet slaag plus enige ander keusemodule (eerste of tweede semester) wat aangebied word deur die Fakulteit Regte in die derde jaar.

**** Geen telematiese studente mag registreer vir JURE 412 (Skynhof) nie, hierdie module word slegs in die voltydse program aangebied.

**R.2.5.1 Navorsingsverslag**

a) Die suksesvolle afhandeling van 'n Navorsingsverslag (LLBR451) is 'n vereiste vir die voltooiing van die graad.

b) Ten aansien van die registrasie van Navorsingsverslagonderwerpe en die voorbereiding, indiening en eksaminering van die Navorsingsverslag, is die vorm- en stylvereistes vervat in die *Leerdershandleiding by die Skryf van Navorsingsverslae vir die Graad LL B in die Fakulteit Regte* soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing.

**R.2.5.2 Inskrywing volgens rooster**

‘n Student word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomstig die standaard lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die student ingeskryf is, voorkom nie.

## R.2.6 EKSAMINERING

**R.2.6.1 Skriftelike werk**

Ten aansien van die voorbereiding, indiening en eksaminering van alle skriftelike werk wat van die student vereis mag word, is die vorm- en stylvereistes vervat in die *Leerdershandleiding by die Skryf van Navorsingsverslae vir die Graad LL B in die Fakulteit Regte* soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing.

**R.2.6.2 Samestelling van die deelnamepunt**

Die deelnamepunt vir alle modules word ooreenkomstig die betrokke module se struktuur saamgestel uit die evalueringspunte wat vir toetse en werkstukke verwerf word. In modules op eerste, tweede en derde vlak dra die semestertoetspunt 'n gewig van 50% vir die berekening van die deelnamepunt, terwyl die ander helfte saamgestel moet word uit ten minste drie evalueringspunte. In modules op die vierde vlak word 'n semestertoets nie afgeneem nie en word die deelnamepunt uit 'n minimum van vier evalueringspunte saamgestel. In geen module word meer as ses evaluerings benewens die semestertoets en eksamen gedoen nie.

**R.2.6.3 Toelating tot die eksamen**

a) Toelating tot die eksamen in enige module word aan ‘n student verleen op grond van die student se verwerwing van ’n deelnamebewys in die betrokke module. ‘n Student wat in ’n module ’n deelnamebewys verwerf het, het twee geleenthede waartydens in sodanige module eksamen afgelê kan word, waarvan die student enige een of altwee kan benut, met dien verstande dat, waar ‘n student altwee sodanige geleenthede benut, die punt wat in die tweede eksamen verwerf word, die modulepunt bepaal.

Studente wat van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak, betaal die gelde daarvoor voorgeskryf.

b) In die modules wat in die eerste semester van die eerste jaar van die program geplaas is, is 'n deelnamepunt van 35% voldoende vir toelating tot die eksamen.

**R.2.6.4 Modulepunt**

Die modulepunt vir elke module word bereken deur die gemiddeld van die deelnamepunt en die eksamenpunt te bereken.

**R.2.6.5 Slaagvereistes**

a) Die slaagvereiste vir elke module is 50%, met dien verstande dat ten minste 45% in die eksamen behaal moet word.

b) Slegs in die geval van modules wat in die eerste semester van die eerste jaar geplaas is, word die slaagvereiste vir *bona fide* eerstejaarstudente soos volg verlig: indien 'n lae deelnamepunt veroorsaak dat die gemiddeld tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt laer as 50% is, word 'n modulepunt van 50% toegeken mits ten minste 50% in die eksamen behaal is.

**R.2.6.6 Toekenning van graad met lof en onderskeiding in 'n module**

‘n Student kan hierdie graad met lof verwerf en met onderskeiding in modules slaag indien aan die vereistes gestel in reël A.8.7.10 voldoen word. Vir hierdie doel geld alle modules wat "LLBR" in die modulekode bevat as kernmodules.

**R.2.6.7 Herhaling van modules**

Indien ‘n student nie tydens een van die twee eksamengeleenthede wat volg op die verwerwing van 'n deelnamepunt vir 'n bepaalde module in die eksamen slaag nie, moet die module herhaal word en 'n nuwe deelnamepunt opgebou word.

## R.2.7 LYS VAN MODULES: LL B (TELEMATIES) (PROGRAMKODE R401P)

**NOTA: Let op dat geen nuwe eerste registrasies vir die LLB-graad in die telematiese program vanaf 2006 aanvaar word nie.** Die telematiese program faseer uit, soos aangedui op bl 11. Wanneer ‘n student in 'n taalmodule in die eerste semester (ABCD 111) registreer, moet die bypassende tweedesemestermodule (ABCD 121) in dieselfde jaar geneem word.

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| | **Verpligte modules** | | |
| RINL111 | Rekenaar- en Inligtingsvaardighede | 8 | |
| LEER111 | Leer- en Leesvaardigheid | 8 | |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| JURI111 | Inleiding tot die Reg | 8 | |
| JURI112 | Taalvaardighede in Regskonteks | 8 | |
| JURI113 | Regsgeskiedenis | 12 | |
| JURI114 | Persone- en Regspersoneregt | 12 | |
| JURI121 | Inheemse Reg | 12 | |
| JURI122 | Regsvaardighede | 12 | |
| JURI123 | Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg | 12 | |
| JURI124 | Erfreg | 12 | |
| JURI211 | Strafreg:Algemene Beginsels | 12 | |
| JURI213 | Strafprosesreg | 12 | |
| JURI214 | Staatsreg | 12 | |
| JURI215 | Ondernemingsreg | 12 | |
| JURI216 | Familiereg | 12 | |
| JURI217 | Uitleg van Wette | 12 | |
| JURI221 | Strafreg: Besondere Misdade | 12 | |
| JURI223 | Strafprosesreg | 12 | |
| JURI224 | Arbeidsreg | 12 | |
| JURI225 | Deliktereg | 12 | |
| JURI226 | Sakereg | 12 | |
| JURI311 | Landdroshofprosesreg | 12 | |
| JURI313 | Inleiding tot Regsfilosofie | 12 | |
| JURI314 | Bewysreg | 12 | |
| JURI315 | Kontraktereg | 12 | |
| JURI316 | Volkereg | 12 | |
| JURI321 | Administratiefreg | 12 | |
| JURI323 | Hooggeregshofprosesreg | 12 | |
| JURI324 | Fundamentele Regte | 12 | |
| JURI325 | Bewysreg | 12 | |
| JURI326 | Insolvensiereg | 12 | |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| JURI327 | Besondere Kontrakte | 12 | |
| JURI411 | Verhandelbaredokumentereg en Elektroniese Handel | 12 | |
| JURI312 | Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding | 8 | |
| JURI317 | Navorsingsmetodologie | 8 | |
| JURI414 | Padongelukkevergoeding- en Versekeringsreg | 12 | |
| JURI415 | Skadevergoedingsreg | 12 | |
| JURI421 | Boedelbereddering | 12 | |
| JURI322 | Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding | 8 | |
| JURI423 | Verryking en Estoppel | 12 | |
| JURI424 | Regsfilosofie | 12 | |
| JURI425 | Skripsie | 12 | |
| | **Keusemodules** | | |
| RERP211 | Regsrekeningkunde | 8 | |
| RERP221 | Regsrekeningkunde | 8 | |
| JURE311 | Alternatiewe Geskilbeslegting | 12 | |
| JURE313 | Belastingreg | 12 | |
| JURP321 | Ontwikkelings- en Plaaslike Owerheidsreg | 12 | |
| JURP323 | Regspluralisme: Godsdienstige Regstelsels | 12 | |
| JURE411 | Omgewingsreg | 12 | |
| JURE413 | Intellektuelegoederereg | 12 | |
| JURE412** | Skynhof | 12 | |
| JURP411 | Sosio-ekonomiese Regte | 12 | |
| JURE421 | Internationale Privaatreg | 12 | |
| JURP421 | Grond- en Aktesreg | 12 | |
| | **Taalmodules** | | |
| AFNL111 | Afrikaans: Taal sonder grense | 8 | |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| AFNL121 | Afrikaans: Taal- en literatuurstudie | 16 | |
| AFNT112 | Inleiding tot die studie van Afrikaans: moedertaal | 8 | |
| AFNT121 | Afrikaanse taal- en literatuurstudie: die wetenskaplike proses | 16 | |
| AKLR111 | Antieke kultuur: Ou Nabye ooste en Griekeland | 8 | |
| AKLR121 | Antieke kultuur: Antieke Rome en ander kulture. | 16 | |
| LATN111 | Latyn vir almal | 8 | |
| LATN121 | Regs- en Kerklatyn | 16 | |
| ATSW114 | Basiese strukture van Tswana (Derdetaal) | 8 | |
| ATSW124 | Grammatikale strukture van Tswana (Derdetaal) | 16 | |
| AZOE114 | Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derdetaal) | 8 | |
| AZOE124 | Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derdetaal) | 16 | |
| ENGL111 | English in context | 8 | |
| ENGL121 | Introduction to English literary studies | 16 | |

**OPMERKINGS:**

Studente wat enige van die volgende modules in hul BA met Regsvakke- of B Comm met Regsvakke-studie geslaag het, hoef dit nie in hul LL B-studie te herhaal nie.

Wanneer ‘n student in 'n taalmodule in die eerste semester registreer, moet die bypassende tweedesemestermodule in dieselfde jaar geneem word.

Studente wat Antieke Kultuur neem as 'n taalmodule, kan dit nie weer as 'n keusemodule neem nie.

** Geen telematiese studente mag registreer vir JURE 412 (Skynhof) nie, die module word slegs in die voltydse program aangebied.

Taalmodules : Telematies net AFNT 112 en 121.

## R.3 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM MET REGSVAKKE

### R.3.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die duur van die studie vir die BA met Regsvakke is 'n minimum van drie en 'n maksimum van vier jaar.

### R.3.2 TOELATINGSVEREISTES

(i) Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.

(ii) 'n Voornemende studente met matrikulasievrystelling met 'n M-telling van 14 of meer kwalifiseer vir toelating tot die studie.

#### R.3.2.1 Bepaling van die M-telling

Met inagneming van die Algemene Reëls en Fakulteitsreëls soos vervat in die betrokke jaarboeke en met spesifieke verwysing na Reël A.4.2 (wat bepaal dat skooleindsertifikate geëndosseer moet wees dat daar voldoen is aan die minimum statutêre vereistes vir toelating tot B-graadstudie aan 'n universiteit in die RSA - met ander woorde dat **volle matrikulasie-vrystelling/voorwaardelike vrystelling** verwerf is), behou die Universiteit hom die reg voor om die volgende keuringsmodel toe te pas, aan die hand van welke resultate oorweging aan kandidate se aansoeke verleen sal word.

**Keuringsmodel**

| Vaksimbool | Hoër Graad | Standaardgraad |
|---|---|---|
| A | 6 | 5 |
| B | 5 | 4 |
| C | 4 | 3 |
| D | 3 | 2 |
| E | 2 | 1 |
| F | 1 | 0 |

’n Maksimum van 4 vakke word gebruik om die M-telling te bepaal.

**L.W.** Die telling van die toepaslikste vak vir die betrokke studierigting dra dubbele gewig.

### Berekening van M-telling vir die BA-graad

M-telling : Onderrigtaal van voorgenome kwalifikasie (Afrikaans of Engels) x 2 + 3 beste vakke.

| Graad | Vereiste skool vakke | Aanslag vir toelating (vereiste M-telling)) | Keuringstoets |
|---|---|---|---|
| BA (3 jr) met regsvakke 1001451 – R301P | | 14 | |

## R.3.3 LYS VAN MODULES (VOLTYDS) (PROGRAMKODE: R301P)

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| **MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE** | | | |
| JURI112 | Taalvaardigheid in Regskonteks | 8 | |
| AFNL111 | Afrikaans: Taal sonder grense | 8 | |
| AFNL121 | Afrikaans Taal- en literatuurstudie | 16 | AFNL111 |
| AFNL211 | Afrikaans en Nederlands: Raamwerke vir Taal- en literatuurstudie | 16 | AFNL111, 121 |
| AFNL221 | Afrikaans en Nederlands: taal- en Literêre handelinge | 24 | AFNL111, 121 |
| AFNL311 | Afrikaans en Nederlands: Die veelheid van stemme (1) | 24 | AFNL211, 221 |
| AFNL321 | Afrikaans en Nederlands: Die veelheid van stemme (2) | 32 | AFNL211, 221 |
| AKLR111 | Ou Nabye Ooste en Griekeland | 8 | |
| AKLR121 | Antieke Rome en ander kulture | 16 | |
| ATSW114 | Basiese strukture van Tswana: (Derdetaal ) | 8 | |
| ATSW124 | Grammatikale strukture van Tswana (Derdetaal) | 16 | ATSW114 |
| AZOE114 | Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derdetaal) | 8 | |
| AZOE124 | Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derdetaal) | 16 | AZOE114 |
| ENGL111 | English in Context | 8 | |
| ENGL121 | Introduction to English Literary Studies | 16 | |
| ENGL211 | English in the SA Context | 16 | ENGL121 |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| ENGL221 | Individual & Society: Literary & Linguistic Perspectives | 24 | ENGL211 |
| ENGL311 | Advanced Language and Literary Studies | 24 | ENGL221 |
| ENGL321 | 20 th Century Language and Literary Studies | 32 | ENGL311 |
| FRAN111 | Frans Elementêr | 8 | |
| FRAN121 | Frans Elementêr | 16 | |
| GRMN111 | Duits | 8 | |
| GRMN121 | Duits | 16 | |
| LATN111 | Latyn vir almal | 8 | |
| LATN121 | Regs- en Kerklatyn | 16 | LATN111 |
| LATN211 | Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis I | 16 | LATN121 |
| LATN221 | Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis II | 24 | LATN211 |
| LATN311 | Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis IIII | 24 | LATN221 |
| LATN321 | Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis IV | 32 | LATN311 |
| POLI111 | Politiek, Staat en Regering | 8 | |
| POLI121 | Die Suid-Afrikaanse Politieke Stelsel | 16 | |
| POLI211 | Vergelykende Politiek | 16 | |
| POLI221 | Internasionale Politiek | 24 | |
| POLI311 | Politieke Deelname en Interaksie | 24 | |
| POLI321 | Politieke Idees en Ideologieë | 32 | |
| **MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE** | | | |
| PSIG131 | Inleiding tot die Psigologie: fisiese en kognitiewe prosesse | 8 | |
| PSIG151 | Inleiding tot Psigologie: emosionele en wilsprosesse | 8 | |
| PSIG161 | Interpersoonlike, sosiale en gemeenskappsigologie | 8 | |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| PSIG211 | Menslike ontwikkeling in sosio-kulturele konteks | 16 | |
| PSIG241 | Perspektiewe op menswees | 8 | |
| PSIG251 | Psigologiese gesondheid: menslike sterktes en veerkragtigheid | 8 | |
| PSIG252 | Inleiding tot hulpverlening en etiek | 8 | |
| PSIG261 | Lewensvaardighede | 8 | |
| PSIG311 | Inleiding tot psigopatologie en -fortologie | 16 | |
| PSIG341 | Gemeenskapspsigologie en -programme | 8 | |
| PSIG323 | Gesondheids- en MIV-voorligting | 16 | |
| PSIG353 | Krisisintervensie | 8 | |
| PSIG363 | Menslike diversiteit | 8 | |
| **MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE** | | | |
| MHBP111 | Inleiding tot mensehulpbron-bestuur | 8 | |
| BSKP151 | Beroepsgesondheid | 8 | |
| BSKP161 | Diversiteit in werkskonteks | 8 | |
| BSKP211 | Personeelsielkunde* | 16 | |
| BSKP251 | Beroepsielkunde* | 8 | |
| BSKP261 | Psigopatologie in werkskonteks* | 8 | |
| BSKP311 | Organisasiesielkunde* | 16 | |
| BSKP351 | Psigometrika* | 8 | |
| BSKP361 | Navorsingsmetodologie* | 8 | |
| **MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT REGTE (verwys 2.7 hierbo)** | | | |

**Opmerking:**

* Studente wat Bedryfsielkunde as hoofvak wil neem moet daarop let dat hulle in hul tweede studiejaar 'n bykomende module ter waarde van 8 kredietpunte moet neem en in hul derde studiejaar 'n bykomende module of modules ter waarde van 16 krediet-punte.

**R.3.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT VAKKE EN MODULES**

**R.3.3.1.1 Afrikaans en Nederlands**

a) Vir toelating tot Afrikaans: *Taal sonder grense* (AFNL111) en *Afrikaanse en Nederlandse Taal- en Literatuurstudie* (AFNL121) word minstens 'n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (hoër graad) of 'n C-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (hoër graad) op matriekvlak vereis.

b) Vir toelating tot *Die studie van Afrikaans: moedertaa*l (AFNT112) en *Afrikaanse taal- en literatuurstudie* (AFNT121) word minstens 'n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (hoër graad) of 'n D-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (hoër graad) op matriekvlak vereis.

c) AFNT112 en AFNT121 word slegs via die Universiteit se telematiese program aangebied.

d) Studente wat die telematiese kursuseenhede in Afrikaans (AFNT112, 121) suksesvol voltooi het en wil oorskakel na die voltydse kursuseenhede in Afrikaans en Nederlands (AFNL211,221), moet daarvoor aansoek doen by die vakvoorsitter. Ekstra werk in Nederlands tot die bevrediging van die vakgroep kan van hierdie studente geverg word. Die aanbied van die elektiewe modules AFNE211 en AFNE213 in 'n gegewe jaar kan beïnvloed word deur die aantal studente wat vir die module registreer asook navorsingsverpligtinge en verlofreëlings van dosente.

e) Studente wat aan die toelatingsvereistes vir AFNL111,121 of AFNT112,121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands.

**R.3.3.1.2 Afrikatale**

a) Studente wat 'n Sothotaal soos Tswana, Suid-Sotho of Noord-Sotho Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursusse van Tswana (ATSW114, ATSW124) inskryf nie.

b) Studente wat Zoeloe Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of die taal as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalmodulevan Zoeloe (AZOE114, AZOE124) inskryf nie.

c) Studente wat Xhosa of Swati Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, word toegelaat om Zoeloe derdetaal (AZOE114, AZOE124) te neem.

d) As Tswana as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Zoeloe (AZOE114, AZOE124) in die program in te sluit.

e) As Zoeloe as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Tswana (ATSW114, ATSW124) in die program in te sluit.

**R.3.3.1.3 Duits**

a) 'n student wat Duits as matriekvak geslaag het, kan óf in sy eerste studiejaar vir GRMN111,121 óf in sy tweede studiejaar, na suksesvolle aflegging van 'n toelatingstoets, vir GRMN211,221 registreer.

b) ‘n student wat ’n taalsertifikaat in Duits aan ’n taalinstituut verwerf het, kan by suksesvolle aflegging van ’n toelatingstoets, vrystelling kry vir GRMN111, maar moet vir GRMN121 registreer en dit slaag voordat hy/sy vir Duits (GRMN211,221) kan registreer.

c) Duits (as derdevlakkursus) kan deur UNISA afgelê word en sal deur die Noordwes-Universiteit erken word.

**R.3.3.1.4 English**

a) To register for english (ENGL111,121 – full-time or part-time) a student must have obtained at least a c symbol (60%) in english second language (HG) or a d symbol in english first language (HG) in the matriculation examination.

b) To register for the second semester ENGL121 (academic), a student must have obtained 60% for the module mark of the first semester (ENGL111). Students who failed to obtain 60% in ENGL111 will automatically be admitted to ENGL122 (service module).

c) ENGL111, 121 were the only modules presented through the university’s telematic system, but as from 2007 these modules will not be offered telematically.

**R.3.3.1.5 Frans**

a) Om vir FRAN111,121/FRAB111, 121 te registreer, moet ‘n student oor ‘n matrikulasie-vrystellingsertifikaat beskik.

b) ‘n Student wat in Frans gematrikuleer het, kan nie vir FRAN111, 121/FRAB111,121 registreer nie.

c) ‘n Student wat in Frans gematrikuleer het en Frans as hoofvak wil neem, moet in die eerste studiejaar vir Antieke Kultuur (AKRL111,121) en in sy/haar tweede studiejaar vir FRAN211,221 registreer.

d) Studente met voorafkennis van Frans sal toegelaat word om direk te registreer vir FRAN211 ná die aflegging van ‘n toets. Hierdie registrasie mag eers vanaf die tweede studiejaar gedoen word.

e) Studente wat FRAB111 en 121 geslaag het, word toegelaat om met FRAN211, 221 aan te gaan.

**R.3.3.1.6 Latyn**

a) ‘n Student wat in Latyn gematrikuleer het, mag nie vir Latyn (LATN111, 121) registreer nie, maar mag inskryf vir LATN211,221.

b) Studente met Matrieklatyn wat Latyn as hoofvak wil neem, moet in die plek van LATN111,121 registreer vir Antieke Kultuur (AKLR111,121).

## R.3.4 PROGRAMUITKOMSTE VIR DIE BA-GRAAD

### R.3.4.1 Uittreevlakuitkomste

#### R.3.4.1.1 Geesteswetenskaplike probleemoplossing

Aan die einde van die studie is die studente in staat om sekere konvergente en divergente probleme in die geesteswetenskaplike en toepaslike tegnologiese velde te identifiseer, te evalueer, en kreatief en innoverend op te los.

#### R.3.4.1.2 Toepassing van fundamentele en spesialiskennis

Aan die einde van die studie is die studente in staat om basiese kennis en tegnieke van die geesteswetenskap en die toepaslike inligtingstegnologie te integreer om spesifiek-geesteswetenskaplike menslike verskynsels te kan ondersoek en gepaardgaande probleme te kan oplos. Dit sluit in:

a) Toepassing van geesteswetenskaplike metodes op probleme deur toepaslike aanwending van

   i) formele analise en interpretasie van menslike aktiwiteite en probleme;

   ii) kommunikering van teorieë, konsepte en idees;

   iii) beredenering en konseptualisering van menslike aktiwiteite, stelsels en probleme;

b) Gebruik van beginsels, wette en tegnieke van die geesteswetenskap op fundamentele vlak om

   i) samelewingsproblematiek te identifiseer en op te los;

   ii) toepassings te identifiseer en aan te wend;

   iii) oor dissiplinegrense heen met gemeenskaplike fundamentele kundigheid te werk.

#### R.3.4.1.3 Wetenskaplike metodes, vaardighede en inligtingstegnologie

Aan die einde van die studie is die studente in staat om toepaslike wetenskaplike metodes aan te wend en die resultate wat dit lewer, te evalueer;

#### R.3.4.1.4 Professionele en algemene kommunikasie

Aan die einde van die studie is die studente in staat om

a) sowel mondeling as skriftelik, effektief met wetenskaplikes en die gemeenskap te kommunikeer, deur gebruikmaking van die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning;

b) metodes van inligtingverskaffing vir gebruik deur ander in veral die wêreld van die geesteswetenskappe toe te pas.

#### R.3.4.1.5 Impak van geesteswetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing

Die studente is krities bewus van

a) die impak van geesteswetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing;

b) die impak van toepaslike tegnologie op die gemeenskap, en

c) die persoonlike, sosiale, en kulturele waardes en verwagtinge van diegene wat deur wetenskaplike aktiwiteite geraak word, in ag te neem.

**R.3.4.1.6 Span- en multidissiplinêre werk**

Aan die einde van die studie is die studente in staat om effektief as individu, in spanne en in multidissiplinêre omgewings te werk en leiers- en ander kritiese funksies te verrig.

**R.3.4.1.7 Lewenslange leer**

Die studente verstaan die noodsaaklikheid om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voorpunt van die jongste toepaslike tegnologie en tegnieke te bly, en is in staat om in lewenslange leer deur goed-ontwikkelde leervaardighede betrokke te bly.

**R.3.4.1.8 Professionele etiek en praktyk**

Die studente is krities bewus van die noodsaaklikheid om professioneel en eties op te tree en om verantwoordelikheid binne eie beperkings en vaardighede te aanvaar, en is in staat om oordele te vel in verhouding tot kennis en ervaring.

**R.3.4.2 Kritieke uitkomste en geassosieerde evalueringskriteria:**

Die kritieke uitkomste van die program is in die uittreevlak-uitkomste geïntegreer, en word volledigheidshalwe weer hier saamgevat.

Aan die einde van sy studie vir die B A-graad sal die studente oor die volgende beskik:

a) Kennis

i) Aan die einde van die studie is die studente in staat om basiese kennis en tegnieke van die geesteswetenskappe te integreer om probleme in dié velde en die samelewing te kan oplos. Dit sluit in kennis van begrippe en strukture, prosedures en tegnieke, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes.

ii) Die studente sal kennis van en insig in die samehang van dissiplines uit die geesteswetenskaplike veld hê.

iii) Die studente sal vertroud wees met die basiese beginsels van die regswetenskap.

iv) Die studente sal vertroud wees met die teorie, terminologie en grondslae van die vakgebiede wat in die graad BA met Regsvakke ingesluit is.

b) Vaardighede

Die studente sal bemagtig wees om

i) kennis selfstandig te kan ontsluit (ook rekenaarmatig), toepas, analiseer, integreer en gefundeerd evalueer;

ii) kennis op die tersaaklike vakgebiede wetenskaplik te kan kommunikeer in verskillende media;

iii) op beperkte skaal navorsing te kan doen en kennis te kan ontwikkel;

iv) krities en kreatief probleemoplossend te kan dink en handel;

v) as entrepreneur en intrapreneur te kan optree;

vi) in 'n groep te kan funksioneer en 'n leiersrol te kan vervul;

vii) vakkundige vaardighede in 'n samelewingsomgewing te kan implementeer.

c) Waardes, houdings en gesindhede

Die studente sal, vanuit 'n gefundeerde perspektief,

i) kennis dra van en waardering hê vir konsepte soos roepingsvervulling en diensbaarheid;

ii) bewus wees van die belangrikheid van professionele etiek;

iii) die medemens, die skepping en gesag kan respekteer;

iv) prinsipieel oor samelewingsvraagstukke kan dink en handel;

v) oor integriteit, deursettingsvermoë, noukeurigheid en presiesheid beskik;

vi) bewus wees van die noodsaaklikheid om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voorpunt van die jongste tegnologie en tegnieke te bly, en in staat wees om in lewenslange leer deur goedontwikkelde leervaardighede betrokke te bly.

**R.3.4.3 Artikulasiemoontlikhede**

Ná suksesvolle voltooiing van die graad voldoen die studente aan die vereistes wat vir die eerste twee studiejare van die LL B gestel word. Die oorblywende modules wat vir die LL B vereis word kan dus binne twee verdere jare van studie afgehandel word.

Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is, kan van die Direkteur: Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomste bydra.

Ná suksesvolle voltooiing van die graad kan direkte toegang tot 'n toepaslike honneursgraad ooreenkomstig die reëls van die betrokke Fakulteit verkry word.

## R.3.5 PROGRAM VIR DIE GRAAD BA MET REGSVAKKE

### R.3.5.1 Verpligte modules

| JAARVLAK 1 | | JAARVLAK 2 | | JAARVLAK 3 | |
|---|---|---|---|---|---|
| **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| ABCD111* | 8 | JURI211 | 12 | JURI215 | 12 |
| ABCD111* | 8 | JURI213 | 12 | JURI217 | 12 |
| JURI111 | 12 | JURI214 | 12 | JURI315 | 12 |
| JURI112 | 8 | JURI216 | 12 | ABCD311 | 24 |
| JURI113 | 12 | ABCD211 | 16 | | |
| JURI114 | 12 | | | | |
| RINL111 | 8 | | | | |
| LEER111 | 8 | | | | |
| Totaal 1ste semester | 76 | Totaal 1ste semester | 64 | Totaal 1ste semester | 60 |
| | | | | | |
| **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| ABCD121* | 8 | ENTR221 | 8 | JURI224 | 12 |
| ABCD121* | 8 | JURI221 | 12 | JURI225 | 12 |
| JURI121 | 12 | JURI223 | 12 | JURI327 | 12 |
| JURI122 | 12 | JURI226 | 12 | ABCD321 | 32 |
| JURI123 | 12 | WTLL221 | 8 | | |
| JURI124 | 12 | ABCD221 | 24 | | |
| | | | | | |
| Totaal 2de semester | 64 | Totaal 2de semester | 76 | Totaal 2de semester | 68 |
| Totaal Jaarvlak 1 | 140 | Totaal Jaarvlak 2 | 140 | Totaal Jaarvlak 3 | 128 |

**Opmerking:** Vir die betekenis in hierdie tabelle van ABCD, verwys na R.3.5.2.

**R.3.5.2 Keusemodules**

| ABCD111 | | ABCD211 | | ABCD311 | |
|---|---|---|---|---|---|
| **JAARVLAK 1** | | **JAARVLAK 2** | | **JAARVLAK 3** | |
| **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| AFNL111 | 8 | ENGL211* | 16 | ENGL311* | 24 |
| *AFNT112 | 8 | POLI211 | 16 | POLI311 | 24 |
| AKLR111 | 8 | BSKP211 | 16 | BSKP311 | 24 |
| LATN111 | 8 | | 16 | | 16 |
| ATSW114 | 8 | | | | |
| AZOE114 | 8 | | | | |
| FRAN111 | 8 | | | | |
| GRMN111 | 8 | | | | |
| ENGL111 | 8 | | | | |
| POLI111 | 8 | | | | |
| MHBP111 | 8 | | | | |
| ABCD121 | | ABCD221 | | ABCD321 | |
| **JAARVLAK 1** | | **JAARVLAK 2** | | **JAARVLAK 4** | |
| **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| *AFNL121 | 16 | ENGL221* | 24 | ENGL321* | 32 |
| AFNT121 | 16 | POLI221 | 16 | POLI321 | 32 |
| AKLR121 | 16 | BSKP251 | 8 | BSKP351 | 8 |
| LATN121 | 16 | BSKP261 | 8 | BSKP361 | 8 |
| ATSW124 | 16 | | | | |
| AZOE124 | 16 | | | | |
| FRAN121 | 16 | | | | |
| GRMN121 | 16 | | | | |
| ENGL121 | 16 | | | | |
| POLI121 | 16 | | | | |
| BSKP151 | 8 | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| BSKP161 | 8 | | | | |

* Enigste taal modules wat telematies aangebied word; die ander voltyds of na-uurs.

**Een moet 'n taalvak wees**

Wanneer ‘n student in 'n taalvak in die eerste semester (ABCD 111) registreer, moet die bypassende tweedesemestermodule (ABCD 121) in dieselfde jaar geneem word.

Studente wat Antieke Kultuur neem as 'n taalmodule, kan dit nie weer as 'n keusemodule neem nie.

Studente wat politieke studies as hoofmodule wil neem, skryf in vir alle POLI-modules. Modules met 'n POLI-kode faseer in vanaf 2002 op eerstejaarsvlak vir telematies.

### R.3.6 INSKRYWING VOLGENS ROOSTER

‘n student word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomstig die standaard lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die studente ingeskryf is, voorkom nie.

### R.3.7 TOEKENNING VAN GRAAD MET LOF EN MET ONDERSKEIDING IN 'N MODULE

‘n student kan hierdie graad met lof verwerf en met onderskeiding in bepaalde modules indien daar aan die vereistes van reël A.8.7.10 voldoen is.

Vir die doel van toekenning van ’n graad met lof word alle modules behalwe SKTA 111, RINL 111, LEER 111, ENTR 221 en WTLL 221 as kernmodules gereken.

### R.3.8 LYS VAN MODULES (TELEMATIES) (PROGRAMKODE: R301P)

Verwys na Engelse Jaarboek R.3.8.

### R.3.9 PROGRAM VIR DIE BA-GRAAD MET REGSVAKKE (TELEMATIES)

Verwys na Engelse Jaarboek R.3.9.

**NOTA: Let op dat geen nuwe eerste registrasies vir die BA-graad met Regsvakke in die telematiese program vanaf 2006 aanvaar word nie. 2007 sal die laaste jaar wees wat modules telematies aangebied sal word. 2008 sal die laaste jaar wees wat tweedejaar modules telematies aangebied sal word. 2009 sal die laaste jaar wees wat derdejaar modules telematies aangebied word.**

## R.4 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER LEGUM (LL M) EN MAGISTER PHILOSOPHIAE (M PHIL)

Die LL M/M Phil is 'n kwalifikasie wat daarop gemik is om gevorderde navorsingsvaardigheid te ontwikkel. Die graad kan behaal word óf deur die skryf van 'n verhandeling óf deur 'n skripsie te skryf asook vraestelle af te lê in die modules voorgeskryf vir 'n gestruktureerde kwalifikasie in Arbeidsreg, Boedelreg, In- en Uitvoerreg, Publiekreg of Omgewingsreg en –beheer.

### R.4.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

a) Die studietydperk strek oor minstens een studiejaar. Binne drie jaar na registrasie moet 'n student aan al die vereistes vir die graad LL M/M Phil voldoen. Indien 'n student die studie na drie jaar nog nie voltooi het nie, word die studie getermineer. Die Direkteur: Navorsingsfokusarea kan egter tot 'n verlenging van die tydperk instem na oorweging van:

   i) die vordering wat reeds deur die student gemaak is;

   ii) die waarskynlikheid dat die studente dit wel sal voltooi;

   iii) of die onderwerp van die studie of van die voorgenome verhandeling of werkstuk nog sinvol en relevant is;

   iv) of daar nie ander kandidate is wat oor dieselfde onderwerp navorsing gedoen het, doen of wil doen nie; en

   v) of die studieleier nog beskikbaar is.

b) Die sluitingsdatum vir registrasie vir gestruktureerde LL M/M Phil is 31 Januarie.

c) Voltydse LL M/M-Phil-studente moet hulle navorsingsvoorstelle vir verhandelings of skripsies voor 31 Mei indien.

### R.4.2 TOELATINGSVEREISTES

Om toelating tot die LL M-studie te verkry, moet 'n student voldoen aan die vereistes wat hierdie of enige ander Suid-Afrikaanse universiteit vir die graad LL B stel. 'n Student wat oor 'n ander vierjarige regsgraad van hierdie of 'n ander universiteit beskik kan aansoek doen om toelating tot die LL M-graad. Sodanige student moet voldoende skriftelike bewys van kundigheid en praktykservaring in die betrokke vakgebied aan die Direkteur: Navorsingsfokusarea voorlê. Voorts kan die Direkteur: Navorsingsfokusarea vereis dat 'n student voldoende bewys van navorsingsvaardigheid voorlê alvorens toestemming tot registrasie verleen word. Van 'n student wat die graad LL M wil verwerf in 'n module wat nie vir die graad LL B geneem is of waarin swak gepresteer is, kan 'n toelatingseksamen in die betrokke module deur die Direkteur: Navorsingsfokusarea voorgeskryf word. Nuwe aansoeke vir die graad word slegs aanvaar indien die Direkteur: Navorsingsfokusarea van oordeel is dat voldoende aanvraag vir die program bestaan.

In die geval van die LL M Boedelbeplanning kan dit verder van 'n student verwag word om 'n kursus in voorgraadse Belastingreg te slaag.

Om toelating tot die M Phil in Omgewingsreg en -beheer te verkry, kan ‘n student wat oor ‘n vierjarige universiteitsgraad beskik aansoek doen om toelating tot die M Phil in Omgewingsreg en -beheer. Sodanige student moet eers die volgende voorgraadse modules (of module-ekwivalente by ‘n ander Suid-Afrikaanse Universiteit) geslaag het: LLBR111 (Inleiding tot die Reg); LLBR213 (Sakereg), LLBR317 (Staatsreg en Plaaslike Owerheidsreg), LLBR321 (Administratiefreg) en LLBR411 (Omgewingsreg). Daar kan voorts van die student verwag word om voldoende skriftelike bewys van kundigheid en praktykservaring in die betrokke vakgebied aan die Direkteur: Navorsingsfokusarea voor te lê alvorens toestemming tot registrasie verleen word.

## R.4.3 LYS VAN MODULES

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMA879 | Individuele Arbeidsreg | 16 |
| LLMA883 | Sosiale Sekerheid en Beroepsgesondheid | 16 |
| LLMA884 | Kollektiewe Bedinging en Geskilbeslegting | 16 |
| LLMA875 | Internasionale en Vergelykende Arbeidsreg | 16 |
| LLMA878 | Beroepsveiligheidsreg | 16 |
| LLMB874 | Belastingreg | 16 |
| LLMB875 | Boedelbeplanning | 16 |
| LLMB876 | Sakereg en Eiendomswetgewing | 16 |
| LLMB877 | Huweliksgoederereg | 8 |
| LLMB878 | Erfreg | 8 |
| LLMI874 | Internasionale Betalingsinstrumente, Waarborge en Versekeringsreg | 16 |
| LLMI875 | Internasionale Kontraktereg | 8 |
| LLMI876 | Internasionale Vervoerreg | 8 |
| LLMI877 | Administratief- en Volkereg | 16 |
| LLMI878 | Belasting en Valutareg | 16 |
| LLMI881 | Internasionale Privaatreg en Internasionale Handelsinstrumente in Suidelike Afrika | 16 |
| LLMI882 | Oorgrens Insolvensies en Internasionale Oordrag van Tegnologie | 16 |
| LLMI884 | Internasionale Kommersiële Arbitrasie | 16 |
| LLMO874 | Internasionale Omgewingsreg | 16 |
| LLMO875 | SAOG Omgewingsreg | 16 |
| LLMO877 | Suid-Afrikaanse Omgewingsreg | 16 |
| LLMO878 | Grond en Beplanningsreg | 16 |
| LLMP874 | Administratiefreg | 16 |
| LLMP875 | Fundamentele Regte | 16 |
| LLMP876 | Grondwetlike Hermeneutiek | 16 |
| LLMP877 | Plaaslike Owerheidsreg | 16 |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMP878 | Regsfilosofie | 16 |
| LLMP879 | Vergelykende Staatsreg | 16 |
| LLMP884 | Volkereg | 16 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| LLMV871 | Verhandeling | 128 |
| OMBO878 | Omgewingsbestuur | 40 |
| MPGA816 | Openbare Bestuur | 16 |

## R.4.4 PROGRAMUITKOMSTE

Na voltooiing van die program moet die student kan demonstreer dat hy/sy vertroud is met die metodes en tegnieke van navorsing wat vir 'n meestersgraad in die Regte vereis word. Die student moet die navorsingsresultate kan kommunikeer met die hulp van toepaslike media en in die vorm van ‘n verhandeling of ‘n vollengte artikel. Verder moet die student kan demonstreer dat hy/sy op ‘n gevorderde vlak kennis van en insig het in die regsreëls met betrekking tot die verskillende subprogramme, die toepaslike regsreëls wetenskaplik kan navors en op feitesituasies kan toepas.

## R.4.5 PROGRAMME VIR DIE LL M/M PHIL-GRAAD

### R.4.5.1 LL M verwerf deur die skryf van 'n verhandeling

Die graad kan toegeken word op sterkte van 'n verhandeling oor 'n onderwerp in enige regsmodule ten opsigte waarvan daar na die oordeel van die Direkteur: Navorsingsfokusarea voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die Fakulteit beskikbaar is.

#### R.4.5.1.1 Program: Verhandeling (Programkode: R801P)

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMV871 | Verhandeling | 128 |
| | **Kredietttotaal vir die program** | **128** |

### R.4.5.2 Gestruktureerde LL M's / M Phil

**R.4.5.2.1 Program: Boedelreg (Programkode: R802P)**

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMB874 | Belastingreg | 16 |
| LLMB875 | Boedelbeplanning | 16 |
| LLMB876 | Sakereg en Eiendomswetgewing | 16 |
| LLMB877 | Huweliksgoederereg | 8 |
| LLMB878 | Erfreg | 8 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| | **Krediettotaal vir die program** | **128** |

**R.4.5.2.2 Program: In- en Uitvoerreg (Programkode: R803P)**

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Verpligte modules

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMI874 | Internasionale Betalingsinstrumente, Waarborge en Versekeringsreg | 16 |
| LLMI875 | Internasionale Kontraktereg | 8 |
| LLMI876 | Internasionale Vervoerreg | 8 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| | **Krediettotaal vir die modules** | 96 |

Kies twee van die volgende modules

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMI877 | Administratief- en Volkereg | 16 |
| LLMI878 | Belasting en Valutareg | 16 |
| LLMI881 | Internasionale Privaatreg en Internasionale Handelsinstrumente in Suidelike Afrika | 16 |
| LLMI882 | Oorgrens Insolvensies en Internasionale Oordrag van Tegnologie | 16 |
| LLMI884 | Internasionale Kommersiële Arbitrasie en Transnasionale Insolvensie | 16 |
| LLMO874 | Internasionale Omgewingsreg | 16 |
| | **Krediettotaal vir die modules** | **32** |
| | **Totaal vir die program** | **144** |

**R.4.5.2.3 Progam: LL M in Publiekreg (Programkode: R804P)**

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Verpligte module

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMS873 | Skripsie | 64 |
| | **Krediettotaal vir die module** | **64** |

Kies enige vier van volgende modules

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMP874 | Administratiefreg | 16 |
| LLMP875 | Fundamentele Regte | 16 |
| LLMP876 | Grondwetlike Hermeneutiek | 16 |
| LLMP877 | Plaaslike Owerheidsreg | 16 |
| LLMP878 | Regsfilosofie | 16 |
| LLMP879 | Vergelykende Staatsreg | 16 |
| LLMP884 | Volkereg | 16 |
| | **Krediettotaal vir die modules** | **64** |
| | **Krediettotaal vir die program** | **128** |

R.4.5.2.4 **Program: LL M in Arbeidsreg (Programkode: R805P)**

Die program word uit die volgende verpligte modules saamgestel:

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMA879 | Individuele Arbeidsreg | 16 |
| LLMA883 | Sosiale Sekerheid en Beroepsgesondheid | 16 |
| LLMA884 | Kollektiewe Bedinging en Geskilbeslegting | 16 |
| LLMA875 | Internasionale en Vergelykende Arbeidsreg | 16 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| | **Kredietttotaal vir die modules** | **128** |

R.4.5.2.5 **Program: LL M in Omgewingsreg en –beheer (Programkode: LLM R806P)**

Die program word uit die volgende modules saamgestel:
Verpligte modules

| Module-kode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMO877 | Suid-Afrikaanse Omgewingsreg | 16 |
| LLMO878 | Grond en Beplanningsreg | 16 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| | **Kredietttotaal vir die modules** | **96** |

Kies twee van die volgende modules:

| Module-kode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMO874 | Internasionale Omgewingsreg | 16 |
| LLMO875 | SAOG Omgewingsreg | 16 |
| LLMP874 | Administratiefreg | 16 |
| LLMP877 | Plaaslike Owerheidsreg | 16 |
| MPGA816 | Openbare Bestuur | 16 |
| LLMA878 | Beroepsveiligheidsreg | 16 |
| | **Kredietttotaal vir die modules** | **32** |
| | **Totaal vir die program** | **128** |

**Opmerking:** Die graad is so saamgestel dat dit vir verskeie beroepsmoontlikhede voorsiening maak. Iemand uit die staatsdiens sal byvoorbeeld tipies die verpligte kursusse Openbare Administrasie en Administratiefreg as keusemodules kon kies. Regsgeleerdes wat op die gebied van in-en uitvoer werk, sal byvoorbeeld Internasionale Omgewingsreg en SADC Omgewingsreg kies. Regsgeleerdes wat met grondreg werk of 'n persoon wat

uit die plaaslike owerhede kom, sal byvoorbeeld Plaaslike Owerheidsreg en Administratiefreg as keusemodules kan kies. 'n Algemene regspraktisyn wat in Suid-Afrikaanse Omgewingsreg wil spesialiseer, sal byvoorbeeld Beroepsveiligheidsreg as keusemodule kan kies.

**R.4.5.2.6 Program: M Phil in Omgewingsreg en beheer (Programkode: R802P.**

Verpligte modules

| Module kode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMO877 | Suid-Afrikaanse Omgewingsreg | 16 |
| LLMO878 | Grond en Beplanningsreg | 16 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodogie en Mini-skripsie | 64 |
| OMBO878 | Omgewingsbestuur* | 40 |
| | **Kredieттotaal van modules** | **136** |

Kies een van die volgende modules

| Module kode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMO874 | Internasionale Omgewingsreg | 16 |
| LLMO875 | SAOG Omgewingsreg | 16 |
| LLMP874 | Administratiefreg | 16 |
| LLMP877 | Plaaslike Owerheidsreg | 16 |
| MPGA816 | Openbare Bestuur | 16 |
| LLMA878 | Beroepsveiligheidsreg | 16 |
| | **Kredieттotaal vir modules** | **16** |
| | **Totaal vir die program** | **152** |

**Opmerking:** Die graad is so gestruktureer om vir verskillende beroepsmoontlikhede voorsiening te maak. Iemand wat vir die staatsdiens werk, sal byvoorbeeld Openbare Administrasie en Administratiefreg kon kies. ‘n Algemene praktisyn wat in Suid-Afrikaanse Omgewingsreg spesialiseer sal byvoorbeeld Omgewingsbestuur en Beroepsveiligheidsreg kies.

*The module Environmental Management is only presented every other year. The first presentation is 2007.

## R.4.6 EKSAMINERING

### R.4.6.1 LL M verwerf deur die skryf van 'n verhandeling

a) Ten einde toelating tot die skryf van die verhandeling te verwerf, moet 'n student in 'n eksamen slaag in 'n kernmodule en twee bymodules wat deur die studieleier in oorleg met die Direkteur: Navorsingsfokusarea vir die spesifieke studie voorgeskryf is. Die evaluering van die studente geskied by wyse van 'n mondelinge onderhoud voor 'n paneel wat deur die Direkteur: Navorsingsfokusarea aangewys is en waarvan ten minste een lid 'n deskundige moet wees wat nie in diens van die Universiteit is nie. Die studente kan ook versoek dat die evaluering by wyse van vraestelle of ander skriftelike werkstukke gedoen word, in welke geval die vraestelle en werkstukke ekstern gemodereer moet word.

b) As riglyn vir die omvang van die verhandeling word 100 A4 bladsye getik in 12 pt lettergrootte met 1½ spasiëring gestel. Wesenlike afwyking hiervan moet voor indiening vir eksaminering deur die Direkteur: Navorsingsfokusarea goedgekeur word aan die hand van die vraag of dit in die besondere geval gepas is. Die eksaminering van die verhandeling geskied volgens die voorskrifte vervat in die A-reëls.

c) Om toelating tot die skryf van 'n verhandeling te verkry, moet die studente 'n bevredigende navorsingsvoorstel in oorleg met 'n studieleier aan die Direkteur: Navorsingsfokusarea voorlê.

### R.4.6.2 Gestruktureerde LL Ms / M Phil

a) Benewens die skryf van 'n skripsie, word assesering in elk van die modules in die program van die betrokke gestruktureerde LL M / M Phil by wyse van geskrewe vraestelle afgeneem.

b) Die student moet in die vraestelle demonstreer dat hy/sy op 'n gevorderde vlak:

(i) die toepaslike raamwerk, waardes en beginsels te kan vasstel en wetenskaplik daarmee kan omgaan

(ii) die toepaslike regsreëls wetenskaplik kan navors en op feitesituasies kan toepas.

c) Studente moet werkstukke wat aan die navorsings- en stylvereistes van die Fakulteit voldoen, voltooi. Die punte van die werkstukke vorm deel van die modulepunt wat behaal word. Die punte verwerf vir die werkstukke maak 50% uit van die finale punt wat vir die module behaal word.

d) Om toelating tot die skryf van 'n skripsie te verkry, moet die student 'n kursus in navorsingsmetodologie voltooi en 'n bevredigende navorsingsvoorstel in oorleg met 'n studieleier aan die Direkteur: Navorsingsfokusarea voorlê.

e) Die skripsie moet na die oordeel van die eksaminatore geskik wees vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regswetenskaplike vaktydskrif.

f) By die berekening van die finale punt vir die graad word 50% toegeken vir die navorsingsverslag, 25% vir die navorsingswerkstukke en 25% vir die punte behaal in die eksamenvraestelle.

## R.5 REËLS VIR DIE GRAAD DOCTOR LEGUM (LL D) (PROGRAMKODE: R901P)

### R.5.1 LL D VERWERF DEUR DIE SKRYF VAN 'N PROEFSKRIF

Die graad kan toegeken word op sterkte van 'n proefskrif oor 'n onderwerp in enige regsmodule ten opsigte waarvan daar na die oordeel van die Direkteur: Navorsingsfokusarea voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die Fakulteit beskikbaar is.

### R.5.2 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die studietydperk strek oor minstens twee studiejare. Binne vyf jaar na registrasie moet 'n student aan al die vereistes vir die graad LL D voldoen. Indien 'n student die studie na vyf jaar nog nie voltooi het nie, word die studie getermineer. Die Direkteur: Navorsingsfokusarea kan egter tot 'n verlenging van die tydperk instem na oorweging van:

a) die vordering wat reeds gemaak is;

b) die waarskynlikheid dat die studente dit wel sal voltooi;

c) die vraag of die oorspronklike motivering nie reeds verval het nie;

d) die vraag of daar nie ander kandidate is wat oor dieselfde onderwerp navorsing gedoen het, doen of wil doen nie; en

e) die vraag of die promotor nog beskikbaar is.

### R.5.3 TOELATINGSVEREISTES

Om toelating tot die LL D-studie te verkry, moet 'n student oor 'n LL M-graad van hierdie of 'n ander Suid-Afrikaanse universiteit beskik of oor die status van sodanige magistergraad wat deur die Senaat op versoek verleen kan word. Voorts kan die Direkteur: Navorsingsfokusarea vereis dat 'n student voldoende bewys van navorsingsvaardigheid moet voorlê alvorens toestemming tot registrasie verleen word.

### R.5.4 LYS VAN MODULES EN PROGRAM

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet |
|---|---|---|
| LLDP991 | Proefskrif | **256** |
| | **Kredietotaal vir die program** | **256** |

### R.5.5 PROGRAMUITKOMSTE

In die loop van die studie moet die LL D-studente —

a) bewys lewer van deeglike beheersing van die toepaslike navorsingsvaardighede, deur onder meer 'n tersaaklike, lewensvatbare navorsingstema te formuleer en dit aan die hand van 'n helder probleemstelling te motiveer,

uitgangspunte, veronderstellings en hipoteses te ontwikkel, 'n raamwerk vir die probleemoplossing daar te stel en 'n uitvoerbare navorsingsprogram te ontwerp;

b) oor die vermoë beskik om toepaslike bronnemateriaal te vind, sinvol met kundiges op die terrein van die navorsing saam te werk en die tersaaklikheid van uiteenlopende gegewens wat op die navorsingstema van toepassing is, te integreer en selfstandige standpunte daaroor in te neem, en

c) aan die hand van die proefskrif bewys lewer dat hy of sy met die metode van navorsing wat op vlak 8 vir die doktorale status vereis word, vertroud is.

## R.5.6 EKSAMINERING

a) Ten einde toelating tot die skryf van 'n proefskrif te verwerf, moet ‘n student in 'n eksamen slaag oor 'n kernmodule en twee bymodules wat deur die promotor in oorleg met die Direkteur: Navorsingsfokusarea vir die spesifieke studie voorgeskryf is. Die evaluering van die studente geskied by wyse van 'n mondelinge onderhoud voor 'n paneel wat deur die Fakulteitsraad aangewys is en waarvan ten minste een lid 'n deskundige moet wees wat nie in diens van die Universiteit is nie.

b) ‘n Student kan op versoek van die vereiste mondelinge eksamen bedoel in (i) deur die Direkteur: Navorsingsfokusarea vrygestel word op grond van bevredigende getuienis dat 'n vergelykbare en toepaslike eksamen deur die student afgelê is ter voorbereiding van die verwerwing van die LL M.

c) 'n Proefskrif word ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die A-reëls geëksamineer.

## R.6 REËLS VIR DIE *DIPLOMA IN LAW (PARALEGAL PRACTICE)* (PROGRAMKODE: R101T)

Die diploma word in Engels aangebied.

Verwys na Engelse Jaarboek R.6.

**NOTA:** **Let op dat geen nuwe eerste registrasies vir die *Diploma in Law (Paralegal Practice)* in die telematiese program vanaf 2006 aanvaar word nie. Eerstejaar modules vir die *Diploma in Law (Paralegal Practice)* sal nie na 2007 aangebied word nie en tweedejaar modules sal nie aangebied word na 2008 nie.**

## R.7 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN BOEDELREG (PROGRAMKODE: R501P)*

*** NOTA: Geen nuwe eerste inskrywings word vanaf 2006 vir hierdie diploma aanvaar nie.**

### R.7.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die studietydperk strek oor minstens een studiejaar. Binne drie jaar na registrasie moet ‘n student aan al die vereistes vir die Diploma in Boedelreg voldoen, met dien verstande dat die Fakulteitsraad na verloop van hierdie termyn elke jaar opnuut die aansoek oorweeg met inagneming van die vordering wat reeds gemaak is en die waarskynlikheid dat die student dit wel sal voltooi.

### R.7.2 TOELATINGSVEREISTES

‘n Student vir die Nagraadse Diploma in Boedelreg moet reeds oor 'n baccalaureusgraad beskik en reeds 'n kursus in Inleiding tot die Reg, Deliktereg, Erfreg, Kontraktereg, Sakereg en Siviele Prosesreg geslaag het as deel van die graad hierbo genoem.

### R.7.3 LYS VAN MODULES

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMB574 | Belastingreg | 16 |
| LLMB575 | Boedelbeplanning | 24 |
| LLMB578 | Erfreg | 16 |
| LLMB577 | Huweliksgoederereg | 16 |
| LLMB576 | Sakereg en Eiendomswetgewing | 24 |
| | **Kredietotaal vir die program** | **96** |

### R.7.4 PROGRAMUITKOMSTE

'n Kwalifiseerder moet by uittrede uit die program in staat wees om

a) samelopende en uiteenlopende problematiek in die Boedelreg te identifiseer, te evalueer en op 'n kreatiewe en innoverende wyse op te los.

b) bewys te lewer dat hy/sy oor voldoende teoretiese regskundigheid beskik om die praktiese regsuitwerking van advies aan boedelhouers te begryp, te evalueer en te integreer.

c) effektief en op 'n professionele wyse met 'n boedelhouer te konsulteer met die oog op die ontleding van sy/haar vermoënsposisie vir doeleindes van die strategiese *inter vivos* en *mortis causa* beplanning van sy/haar boedel.

d) aan die hand van die ontleding soos in (c) hierbo bedoel, die boedelhouer in die beplanningsproses te begelei en van praktiese, dog wetenskaplik-, professioneel- en eties verantwoorde advies te bedien wat uiteindelik moet kulmineer in die sistematiese ontwerp, saamstel, skryf en aanbieding van 'n geïntegreerde en implementeerbare boedelplan.

**R.7.5 EKSAMINERING**

Die eksamen bestaan uit een geskrewe vraestel per module.

## R.8 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN IN- EN UITVOERREG (PROGRAMKODE: R502P)*

*** NOTA: Geen nuwe eerste inskrywings word in 2006 vir hierdie diploma aanvaar nie.**

### R.8.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die studietydperk strek oor minstens een studiejaar. Binne drie jaar na registrasie moet ‘n student aan al die vereistes vir die Diploma in In- en Uitvoerreg voldoen, met dien verstande dat die Fakulteitsraad na verloop van hierdie termyn elke jaar opnuut die aansoek oorweeg met inagneming van die vordering wat reeds gemaak is en die waarskynlikheid dat die studente dit wel sal voltooi.

### R.8.2 TOELATINGSVEREISTES

‘n student vir die Nagraadse Diploma in In- en Uitvoerreg moet reeds oor 'n baccalaureusgraad beskik en 'n kursus in Inleiding tot die Reg, Deliktereg, Kontraktereg, Sakereg en Siviele Prosesreg geslaag het as deel van die graad hierbo genoem.

### R.8.3 LYS VAN MODULES

**Verpligte modules**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMI574 | Internasionale Betalinginstrumente en Waarborge | 32 |
| LLMI575 | Internasionale Kontraktereg | 16 |
| LLMI576 | Internasionale Vervoerreg | 16 |
| | **Krediettotaal vir die modules** | **64** |

**Twee van die volgende modules**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMI577 | Administratief- en Volkereg | 16 |
| LLMI578 | Belasting en Valutareg | 16 |
| LLMI580 | Internasionale Kommersiële Arbitrasie en Transnasionale Insolvensie | 16 |
| LLMI581 | Internasionale Privaatreg en Regsvergelyking | 16 |
| | **Krediettotaal vir die modules** | **32** |
| | **Totaal vir die program** | **96** |

## R.8.4 PROGRAMUITKOMSTE

'n Kwalifiseerder moet by uittrede uit die program in staat wees om

a) bewys te lewer dat hy/sy oor voldoende teoretiese regskundigheid beskik om die praktiese regsuitwerking van advies aan in- en uitvoerders te begryp, te evalueer en te integreer.

b) effektief en op 'n professionele wyse met in- en uitvoerders te konsulteer en te adviseer met die oog op die skepping van die raamwerk waarbinne internasionale handel moet plaasvind.

c) aan die hand van die raamwerk soos in (b) hierbo bedoel, die internasionale handelsverkeer meer toeganklik te maak vir die kleinsakeman, die informele sektor en die boer in landelike gebiede.

## R.8.5 EKSAMINERING

Die eksamen bestaan uit een geskrewe vraestel per module.

## R.9 MODULE-UITKOMSTE

### R.9.1 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT REGTE

**JURI 111**

PK 3 ure 1 : 1

**Inleiding tot die Reg**

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Grondige kennis van die teorie van die regswetenskap met spesifieke verwysing na die konsepte van die reg, basiese regskonsepte en-prosesse, inligtingversamelingsvaardighede, bronne van die reg, die basiese hofstruktuur, grondwetlike ontwikkelinge, klassifikasie van die verskeie regsdissiplines en regsprofessies, en professionele en etiese aangeleenthede;
- die vermoë om inligting te versamel en te ontsluit vanuit verskeie bronne en om die inligting te integreer in eties verantwoordbare en waardegedrewe oplossings tydens elementêre probleemoplossing;
- die vermoë om kennis, basiese beginsels, teorieë, regsterminologie, konsepte en gebruike toe te pas ten aansien van die formulering van oplossings tydens elementêre probleemoplossing; individueel en in groepsverband; en
- die vermoë om effektief te kommunikeer, beide skriftelik en mondeling.

**JURI 112**

**Taalvaardighede in Regskonteks**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Fundamentele kennis en ingeligte begrip van die regskommunikasieproses en die verskillende komponente wat gedurende die proses ‘n rol speel;
- suksesvolle kommunikasie deur verskillende metodes van verslaglewering (bv skriftelik en mondeling) in Afrikaans en Engels op ‘n fundamentele vlak van vlotheid in albei tale;
- suksesvolle begrip, uitlegvermoë en/of interpretasie van geskrewe en mondelinge verslae binne ‘n regskonteks; en
- die gebruik en toepassing van basiese redeneringsbeginsels om ‘n beskouing suksesvol te kan argumenteer.

**JURI 113**

**Regsgeskiedenis**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Fundamentele kennis met betrekking tot die eksterne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg asook die interne grondslae van die prosesreg, erfreg, publiekreg, persone- en familiereg;

- individueel of in groepsverband die kennis kan toepas op bekende en onbekende feitestelle gebaseer op moontlike werklike situasies en die formuleer en aanpas van oplossings; en
- die versamel, interpretasie, analise en sintese van inligting rakende regsgeskiedenis en die vermoë om die inligting, gebaseer op basiese akademiese en etiese beginsels, te kan toepas.

**JURI 114**

**Persone- en Regspersonereg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Fundamentele kennis van die persone- en regspersonereg, met besondere verwysing na die regsubjektiwiteit van natuurlike-en regspersone, en ingeligte begrip van die belangrike terme, reëls, konsepte, algemene beginsels en teorieë;
- die vermoë om die kennis individueel en in groepsverband op die ontleding van gegewe feitestelle en die formulering van oplossings of wysigings aan oplossings, te kan toepas; en
- die vermoë om die resultate van elementêre (aan die hand van literatuur) navorsing en probleemoplossing samehangend en geloofwaardig volgens die regsetiek, mondeling en skriftelik te kan oordra.

**JURI 121**

**Inheemse Reg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module, moet leerders oor die volgende beskik:

- Fundamentele kennis van die terme, konsepte, beginsels, aspekte en teorieë wat inheemse reg onderlê en moet veral die reëls van inheemse reg kan weergee;
- moet individueel en in groepe die inhoud en toepassing van Afrika-inheemse reg met regsreëls in ander regsisteme kan vergelyk;
- die vermoë om inligting rakende ‘n geïdentifiseerde aspek van die inheemse reg kan versamel;
- moet sy of haar kennis van inheemse reg kan analiseer na aanleiding van feite en moet individueel of in groepsverband oplossings voorstel.

**JURI 122**

**Regsvaardighede**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Fundamentele kennis en ingeligte begrip van die samehang van die LLB- kurrikulum en die gepaardgaande
    - regsterminologie binne die konteks van mondelinge en geskrewe kommunikasie;

    - basiese en toepaslike syfermatige-, rekenkundige- en rekenaarvaardighede soos benodig in die regspraktyk;
    - basiese navorsingsvaardighede soos deur die regspraktyk vereis, en
    - noodsaaklike kritiese, analitiese, evaluerende en logiese kognitiewe vaardighede vir die voer van regsargumente;
- ‘n fundamentele kennis en ingeligte begrip van die waarde van bogenoemde vaardighede vir die regsberoep aan die hand van voorbeelde uit die praktyk;
- die vermoë om die toepassing van spesifieke vaardighede in ‘n deeglik omskrewe praktiese voorbeeld te kan identifiseer en die gebruik daarvan te kan motiveer.

**JURI 123**

**Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Fundamentele kennis met verwysing na die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse sakereg, deliktereg en kontraktereg sodat die student nie alleen
- die verskillende aspekte van die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg samehangend en geïntegreerd kan verstaan nie, maar ook
- bekende en onbekende feitestelle kan analiseer, kennis kan toepas en oplossings kan formuleer en
- die feite skriftelik kan weergee deur gebruikmaking van die konvensies wat in regskommunikasie gebruik word.

**JURI 124**

**Erfreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ŉ Basiese kennis en ingeligte begrip van die erfreg, met spesifieke verwysing na
    - die basiese terminologie, begrippe, reëls en beginsels van testate en intestate erfreg;
    - die gemenereg en statutêre posisie met betrekking tot testate en intestate erfopvolging; en
    - die mees onlangse en moderne ontwikkelinge met betrekking tot erfreg;
- die vermoë om hulle kennis van die erfreg (en hulle basiese navorsingsvaardighede) toe te pas om goed gedefinieerde probleme binne ŉ familiekonteks op te los;
- die vermoë om ŉ verandering aan ŉ probleem te kan identifiseer en evalueer en die behoeftes van die verandering te kan voorsien om sodoende die aangepaste probleem te kan oplos;
- die vermoë om inligting samehangend te verwoord deur basiese konvensies te volg wat vir regsdiskoers toepaslik is.

**JURI 211**

**Strafreg: Algemene Beginsels**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Grondige kennis rakende die algemene beginsels van die Strafreg met besondere verwysing na
    - die plek van die Strafreg in die regstelsel;
    - die geskiedenis en bronne van die Strafreg;
    - strafteorieë;
    - die algemene elemente van ‘n misdaad;
    - deelneming aan misdaad; en
    - poging, sameswering en uitlokking;
- ‘n deeglike begrip van die interne skryfstylvereistes, sleutelterme, prosedures, formate en konvensies, teorieë en beginsels in beredenering en die oplossing van probleme;
- die vaardigheid om probleme op te los deur middel van kritiese ontleding, die verkryging van inligting, evaluering van die verkreë inligting en die formulering en aanbieding van moontlike oplossings vir goed gedefinieerde maar onbekende probleme; en
- die vermoë om, gepas volgens die studievlak, inligting samehangend, skriftelik asook mondeling, deur middel van gepaste tegnologie op ‘n eties gesonde en waardegebaseerde wyse oor te dra.

**JURI 213**

**Strafprosesreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ´n Deeglike kennis en grondige begrip van die terminologie, beginsels en prosedure van die *Strafprosesregwet*, met besondere verwysing na
    - die algemene verloop van ‘n strafsaak;
    - die tersaaklike waardes rakende die *Wet op Kriminele Prosedure;*
    - strafhowe en hulle jurisdiksie;
    - beginsels rakende vervolgings en die rol van ander staatsamptenare;
    - voorverhoor strafprosesse;
    - borgaansoeke en alternatiewe optrede in plaas daarvan, en
    - aktes van beskuldiging en klagstate;
- die vermoë om tersaaklike regsreëls en -beginsels te identifiseer en toe te pas sodat duidelik gedefinieerde maar onbekende feitelike en wetlike probleme opgelos kan word deur gebruik te maak van die korrekte prosedure en toepaslike bewyse;
- die vermoë om inligting en oplossings samehangend en duidelik met mekaar in verband te bring deur die gebruik van professionele formate, insluitend die opstel van relevante dokumente gedurende ‘n kriminele verhoor; en
- die vermoë om oplossings sodanig met toepaslike tegnologie te integreer dat dit, eties geloofwaardig en waardegebaseer, aan akademies-professionele persone uitgelê kan word.

**JURI 214**

**Staatsreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Grondige kennis aangaande Staatsreg en die vernaamste velde wat dit insluit, asook die vermoë om werklikheidsverwante scenario's (goed gedefinieerde maar onbekende probleme binne bekende kontekste) voortspruitend uit problematiese Suid-Afrikaanse strukturele Grondwetlike regskwessies, te ontleed;
- die vasstelling van inligtingstekorte betreffende problematiese kwessies, die beplanning van elementêre navorsing in dié opsig, die verkryging van toegang tot tersaaklike bronne en die versameling van toepaslike inligting;
- die doelmatige integrering van bekomde inligting en aanbied van vindingryke oplossings deur die gebruik van algemene terminologie, leerstellings, onderliggende en gevestigde teorieë en beginsels, verwante konsepte, prosesse, prosedures en tegnieke in Staatsreg. Leerders moet ook in staat wees om 'n akademies-professionele diskoers mondeling en/of skriftelik samehangend te kan voer; en
- oplossings moet aan professionele- asook leke-gehore, individueel of in groepsverband, voorgelê kan word deur gebruik te maak van toepaslike elektroniese toerusting en aanvaarbare formate gebaseer op spesifieke konvensies om sodoende ingeligtheid aangaande verwante gebiede te toon.

**JURI 215**

**Ondernemingsreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Goedgevormde sistematiese kennis van Ondernemingsreg met besondere verwysing na die beginsels wat die reg ten opsigte van vennootskappe, ondernemingstrusts, maatskappye en Beslote Korporasies onderlê;
- korrekte gebruik van terminologie en terme wat eie is aan die ondernemingsreg, insluitend die begrip regspersoonlikheid in ondernemingsverband, in mondelinge en geskrewe kommunikasie asook teen die agtergrond van die reg ten opsigte van kontrakte;
- moet begrippe en konsepte gemeenskaplik aan die verskillende vertakkings van Ondernemingsreg analiseer en die beginsels daarvan in feitelike situasies gevind in die reële ondernemingswêreld kan toepas;
- moet op 'n deeglik gemotiveerde wyse, met behulp van analisering van feitelike situasies en teen die agtergrond van die beginsels van die ondernemingsreg soos gevind in relevante gemene reg, toepaslike regspraak en statutêre reg, probleme kan oplos; en
- op 'n logiese en duidelike wyse en met 'n goedgefundeerde regs- en waardegebaseerde begronding oplossings kan gee vir ondernemingsreg-gebaseerde probleme wat oorvleuel met verbandhoudende regsgebiede.

**JURI 216**

**Familiereg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Grondige kennis oor die aard en inhoud van die familiereg moet aangetoon kan word, met spesifieke verwysing na
  - die juridiese vereistes vir 'n huwelik;

* die onveranderlike gevolge van ‘n huwelik;
* die veranderlike gevolge van ‘n huwelik;
* regsvoorskrifte met betrekking tot egskeiding en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van egskeiding; en
* die ouer-kind verhouding;

- moet enige gekose feitestel kan analiseer, verdere inligting waar en wanneer nodig vanuit toepaslike bronne kan onttrek om aan die hand daarvan ‘n oplossing te bereik;
- moet inligting kan evalueer en ‘n moontlike oplossing ooreenkomstig verwagtinge op hierdie vlak en met inagneming van die huisstyl en aanvaarde gebruike en formaat te formuleer ten einde ‘n probleem op te los; en
- moet oplossings skriftelik of mondeling, individueel of in groepsverband, kan oordra.

**JURI 217**

**Uitleg van Wette**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Soliede kennis van die verskillende benaderings tot wetsuitleg met betrekking tot die terminologie, teorieë en beginsels wat wetsuitleg onderlê;
- die vermoë om individueel en in groepsverband verskillende interpretasies te gee van feitestelle wat gebaseer is op regsargumentasie;
- die vermoë om bevindinge/verslae/interpretasies mondeling en geskrewe in die huisstyl van die fakulteit volgens goedgekeurde konvensies en formate weer te gee en om voorstellings daarvan te kan maak volgens die gepaste/gekose tegnologie;
- die vermoë om 'n etiese en waardegedrewe benadering in alle kommunikasie te bewys.

**JURI 221**

**Strafreg: Besondere Misdade**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Grondige kennisbasis van die Strafreg met spesifieke verwysing na die beginsels wat ‘n seleksie van spesifieke misdade teen die staat, die persoon en liggaamlike vryheid of integriteit en teen eiendom beheer;
- die vermoë om die terminologie wat spesifiek op die Strafreg van toepassing is binne konteks in geskrewe en mondelinge aanbieding te kan toepas;
- die vermoë om misdade binne die Strafreg ingevolge die gemenereg en statutêre bedeling te kan analiseer en om die relevante statutêre en gemeenregtelike reëls en beginsels waarop die staat oortreders kan skuldig bevind en straf vir die onregmatige, strafbare handeling en/of versuim wat spesifieke misdade daarstel, aan te dui binne konteks en te kan toepas in feitestelle;
- die vermoë om probleme te kan oplos deur feitestelle te analiseer en oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepalings; en

- die vermoë om eie standpunte te kan weergee in die klas tydens groep- en ander besprekings of voordragte op sinvolle en logiese wyse wat spreek van 'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag.

**JURI 223**

**Strafprosesreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Deeglike kennis en grondige begrip van die terminologie, beginsels en prosedure van die *Strafproseswet*, met besondere verwysing na die kriminele verhoor, wat pleit, appèl en hersieningsmoontlikhede behels;
- die vermoë om effektief te onderskei en relevante regsreëls en -beginsels te identifiseer en toe te pas, sodat duidelik gedefinieerde maar onbekende feitelike en wetlike probleme opgelos kan word deur gebruik te maak van die korrekte prosedure en toepaslike bewyse;
- die vermoë om inligting en oplossings samehangend en duidelik weer te gee en te integreer deur die gebruik van professionele formate, insluitend die opstel van relevante dokumente gedurende die verhoor; en
- die vermoë om effektief te kommunikeer, skriftelik asook mondeling, gebaseer op verwagte, sterk eties gebaseerde en waardegedrewe argumentasie en diskoers.

Formatted: Bullets and Numbering

**JURI 224**

**Arbeidsreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Goedafgeronde en sistematiese kennis van die Arbeidsreg met verwysing na die beginsels wat die dienskontrak beheer, die prosedures wat deur wetgewing voorgeskryf is, die individuele en kollektiewe arbeidsverhoudinge en die invloed van die *Grondwet* op hierdie aspekte;
- moet probleme kan oplos deur feitestelle te analiseer en bronne van spesifieke arbeidsreggevalle te identifiseer, inligting te versamel en toe te pas en behoorlike argumente te voer om op 'n geordende manier oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepalings; en
- eie standpunte moet in die klas weergegee kan word tydens groep- en ander besprekings of voordragte op sinvolle en logiese wyse wat spreek van 'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag.

**JURI 225**

**Deliktereg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Grondige kennis van die beginsels van deliktereg, omstandighede waaronder delikte en deliktuele aanspreeklikheid mag ontstaan, die vereistes vir die totstandkoming en beëindiging van deliktuele aanspreeklikheid en die verskillende

beskikbare regsgeldige remedies beskikbaar in die privaatreg en nuwe grondwetlike bedeling;

- begrip van die verhouding en interaksie tussen die deliktereg en die vermoë om tersaaklike inligting uit ander regsvelde, byvoorbeeld strafreg, te put;
- die vermoë om praktiese en elementêre werklikheidsverwante probleme op sistematiese wyse op te los deur analisering van die probleem, versameling van inligting, evaluering van verkreë inligting en die integrering van die inligting in 'n moontlike/voorgestelde oplossing; en
- oplossings moet mondeling of skriftelik aan professionele- asook leke-gehore voorgelê kan word, ondersteun deur toepaslike elektroniese toerusting, regsgeldige argumentering en diskoers gebaseer op eties geloofwaardige en waardegedrewe beginsels.

**JURI 226**

**Sakereg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Bewys lewer van 'n grondige kennis van die volgende aspekte van Sakereg:
  - Die regsverhouding tussen persone en bates met betrekking tot die aard van die bates en die oorsprong, gevolge en beëindiging van elke sodanige verhouding;
  - die vereistes vir die verkryging, gevolge en beskerming van eiendomsreg, besit, houerskap en beperkte saaklike regte; en
  - die beskerming van eiendom as 'n grondwetlike reg;
- die vermoë om die kennis toe te pas deur die leerstof doeltreffend te selekteer en te gebruik met die oog op die oplossing van 'n goed omskrewe maar onbekende regsprobleem deur die gebruik van relevante kennis, korrekte prosedure en geskikte bewysmateriaal;
- die vermoë om die leerstof krities te analiseer en doeltreffend en verstaanbaar te kommunikeer; en
- die vermoë om eties en waardegedrewe in die toepassing van die vakgebied op te tree.

**JURI 311**

**Landdroshofprosesreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Afgeronde en sistematiese kennisbasis van Landdroshofprosesreg asook die vernaamste verwante velde daarvan en 'n gedetailleerde kennis aangaande die jurisdiksie van die Landdroshof betreffende persone en aard van die eis, uitbreiding en beperking van jurisdiksie, *Locus standi in iudicio,* siviele prosedure, betekening van hof- en ander regsdokumente, berekening van *dies induciae,* beskikbare opsies vir 'n verweerder en respondent, die voorbereiding vir 'n siviele verhoor, die verhoorprosedure wat gevolg moet word en die vonnisse van 'n Landdroshof;
- samehangende en kritiese begrip van terme, konsepte, reëls, prosedures en beginsels onderliggend aan die Landdroshof kan aantoon in alle werksaamhede en kommunikasies;

- ‘n vermoë om met onbekende konkrete en abstrakte probleme vervat in feitestelle vanuit onbekende kontekste te handel deur die gebruik van teoriegedrewe argumente en getuienisgebaseerde oplossings; en
- die vermoë van opstelling, aanbieding/voordrag en toon van kommunikasie-vaardighede in die voorbereiding, opstel en aanbieding van goed gestruktureerde regsgeldige menings/argumente en hof- of ander regsdokumente (bogenoemde), deur die gebruik van toepaslike tegnologie en tegnieke, eties geloofwaardig en waardegedrewe.

**JURI 312**

**Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Die vermoë om afgeronde en sistematiese kennis van die Substantiewe Reg op alle tersaaklike en praktiese aspekte van Regspraktyk en die regsberoep toe te pas;
- praktiese vaardighede betreffende konsultasie met kliënte, die opstel van briewe, pleitstukke en saak-analisering, asook navorsingsvaardighede aangaande die inwin van noodsaaklike inligting;
- die vermoë om die vaardighede wat in JURI 122 (Regsvaardighede) verwerf is, toe te pas om sodoende die substantiewe reëls effektief te selekteer om op ‘n verskeidenheid gevalle te kan toepas;
- deeglike, kritiese begrip van Regsetiek en die toepassing daarvan in die praktyk; en
- die vermoë om op effektiewe wyse die basiese beroepsvaardighede binne ‘n kriminele verhoor-milieu gebaseer op werklikheidsverwante sake/probleme toe te pas, ondersteun deur die nodige tegnologiese hulpmiddels.

**JURI 313**

**Inleiding tot Regsfilosofie**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Deeglik afgeronde en sistematiese kennis van die terminologie van Regsfilosofie en verskillende teoretiese benaderings tot die reg en regstudie, met besondere verwysing na:
    - Inleidende oorsig aangaande Regsfilosofie
    - Regsgeldige ideale soos geregtigheid en wet en orde
    - Reg en moraliteit
    - Natuurreg
    - Regspositivisme
    - Regsrealisme
    - Ronald Dworkin
    - Reformatoriese Regsfilosofie.
- Die vermoë om verskillende beskouings krities te vergelyk en om eie idees rakende die kwessies te formuleer;
- die vermoë om noodsaaklike inligting te bekom vir die oplos van ‘n probleem of om kwessies of onderwerpe in die Regsfilosofie te kan ontleed en evalueer; en

- die vermoë om oplossings vir probleme te kan oordra en om eie beskouings en idees doeltreffend op verskillende wyses te kan oordra.

**JURI 314**

**Bewysreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Vakkundige en gespesialiseerde kennis van die reëls van die bewysreg, in die besonder van die volgende aspekte:
  - die wyse waarop die geskilpunte in ‘n saak vasgestel word;
  - die toelaatbaarheid van bewysmateriaal;
  - die toelaatbaarheid van getuienis wat op ‘n onbehoorlike wyse verkry is;
  - die relevansie van getuienis;
  - die uitsluitingsreëls.
- ‘n Duidelike begrip van die reëls, begrippe en beginsels van die bewysreg en dat hulle die vermoë het om dit te kan toepas by die oplossing van probleemstelle;
- die vermoë om onbekende, konkrete en abstrakte feitestelle krities te analiseer en om behoorlik gestruktureerde, teoreties begronde, waardegedrewe en eties korrekte oplossings aan die hand te doen;
- die vaardighede om, individueel of in groepe, inligting uit verskeie bronne in te samel, dit te verwerk en dit in mondelinge of skriftelike formaat (met inagneming van die huisstyl) weer te gee;
- die vermoë om oplossings waarin sy/haar eie idees en opinies weergegee word, of enige ander inligting, op ‘n professionele wyse in akademiese gesprekke te kan kommunikeer; en
- die vermoë om sy/haar eie werk te evalueer en dienooreenkomstig te reageer.

**JURI 315**

**Kontraktereg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders beskik oor:

- ‘n Goed afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die kontraktereg;
- die vermoë om ‘n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer;
- die vermoë om aan die hand van ‘n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en
- die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitelike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.

**JURI 316**

**Volkereg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Afgeronde en sistematiese kennis van die aard, geskiedenis, en bronne van die Volkereg en die verhouding tussen die Volkereg en die munisipale reg; die funksionering van die staat as subjek van die Volkereg insluitende die kriteria vir staatskap, staatsgebied, en die erkenning van state en regerings; jurisdiksie en internasionale misdade insluitende die gronde vir jurisdiksie, immuniteit van jurisdiksie, internasionale beskerming van menseregte, die behandeling van vreemdelinge en vlugtelinge, en uitlewering; die rol van internasionale en regionale organisasies in die bereddering van konflikte en die handhawing van internasionale en regionale vrede en veiligheid;
- die vermoë om teoretiese en praktiese vraagstukke in komplekse feitestelle krities te analiseer deur die toepassing van die basiese terminologie, reëls, beginsels en teorieë van die Volkereg in die formulering van samehangende, gemotiveerde en waardegedrewe oplossings vir komplekse probleme in onbekende kontekste in hierdie studieveld;
- die vermoë om standpunt in te neem oor etiese vraagstukke onderliggend aan spesifieke aangeleenthede in die Volkereg; en
- die vermoë om regsnavorsing te onderneem, relevante etiese en regsvraagstukke te identifiseer, voorgeskrewe en self-geïdentifiseerde materiaal krities te analiseer, kreatief te dink, individueel of in groepe regsargumente samehangend, akkuraat en bondig te formuleer en aan te bied.

**JURI 317**

**Navorsingsmetodologie**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Omvangryke en sistematiese kennis en ‘n samehangende en kritiese begrip van die basiese konsepte van regsnavorsing, die prosesse van navorsingsmetodes, inligtingversameling en -integrering, die navorser-studieleier verhouding, navorsingskryfwerk, die elementêre navorsingsvoorstel en die verwysings- en skryfstyl van die Regsfakulteit, NWU;
- die vermoë om ‘n gegewe werklikheidsprobleem van minder kompleksiteit te analiseer, om inligtingsversameling te beplan, om inligting te versamel vanuit ‘n beperkte aantal bronne, en om sy/haar kennis toe te pas op die konstruksie van ‘n fundamentele/minder uitgebreide navorsingsvoorstel, en om laasgenoemde proses te beplan volgens aanvaarde formaat en gebruike; en
- die vermoë om inligting voor te dra en suksesvol te kommunikeer, gebaseer op regsargumentasie en diskoers en probleemoplossing strategieë wat voldoen aan die verwagtinge van die navorsingsverslag (JURI 425).

**JURI 321**

**Administratiefreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module, moet leerders oor die volgende beskik:

- ’n Afgeronde en sistematiese kennisbasis en ’n samehangende en kritiese begrip van die beginsels en teorieë van die Administratiefreg, met besondere klem op:

    - die grondwetlike regte wat verband hou met administratiewe geregtigheid;
    - bronne van die administratiefreg;
    - substantiewe en prosedurele Administratiefreg, onder meer die konsep en definisie van administratiewe optrede, hersieningsgronde, metodes van beheer oor en kontrole van administratiewe optrede, die prosedure gevolg tydens en remedies beskikbaar op hersiening;
    - staatsaanspreeklikheid en
    - die interaksie tussen Administratiefreg en ander regsdissiplines;
- die vermoë om verskillende benaderings tot of problematiese Administratiefregtelike kwessies te analiseer, te kritiseer en kreatiewe oplossings voor te stel wat gebaseer is op 'n grondige waarde-sisteem en regsbeginsels;
- die vermoë om onbekende en komplekse werklike probleme te identifiseer, analiseer en op te los deur die kennis van die Administratiefreg aan te wend en argumente wat teoreties begrond is, te gebruik om oplossings te bereik wat ondersteun word deur die feite;
- die vermoë om individueel en in groepsverband effektief, doeltreffend en onafhanklik inligting te bekom wat geïdentifiseer is as noodsaaklik om 'n probleem op te los of om vraagstukke of onderwerpe in hierdie vakgebied op te los of te analiseer; en
- die toepaslike mondelinge en skriftelike kommunikasievaardighede wat vereis word om oplossings of analises effektief te kommunikeer, ook deur gebruik te maak van toepaslike inligtingstegnologie.

**JURI 322**

**Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Die vermoë om afgeronde en sistematiese kennis van die Substantiewe Reg op alle tersaaklike en praktiese aspekte van Regspraktyk en die regsberoep toe te pas;
- praktiese vaardighede betreffende konsultasie met kliënte, die opstel van briewe, pleitstukke en saak-analisering, asook navorsingsvaardighede aangaande die inwin van noodsaaklike inligting;
- die vermoë om die vaardighede wat in JURI 122 (Regsvaardighede) verwerf is, toe te pas om sodoende die substantiewe reëls effektief te selekteer om op 'n verskeidenheid gevalle te kan toepas;
- deeglike, kritiese begrip van Regsetiek en die toepassing daarvan in die praktyk; en
- die vermoë om op effektiewe wyse die basiese beroepsvaardighede binne 'n siviele verhoor-milieu gebaseer op werklikheidsverwante sake/probleme toe te pas, ondersteun deur die nodige tegnologiese hulpmiddels.

**JURI 323**

**Hooggeregshofprosesreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Afgeronde en sistematiese kennisbasis van Hooggeregshofprosesreg en die vernaamste verwante velde daarvan, en 'n gedetailleerde kennis van die jurisdiksie

van die Hooggeregshof met betrekking tot afdelings en aard van eise; *locus standi in iudicio* en sitering van partye; siviele prosedure in die Hooggeregshof;

- die opstel van en betekening van dagvaardings, kennisgewing van mosie, lasbriewe, kennisgewings en pleitstukke; berekening van *dies induciae* by erkenning van ontvangs van hofstukke en ander regsdokumente; opsies beskikbaar vir ‘n verweerder en ‘n respondent; voorbereiding vir ‘n siviele verhoor en die verhoorprosedure wat gevolg moet word, en die uitsprake/vonnisse van ‘n Hooggeregshof;
- die vermoë om goedgestruktureerde regsgeldige opinies/argumente en hof- of ander regsdokumente voor te berei, op te stel, aan te bied, en te evalueer gebaseer op toepaslike etiese grondslag; en
- moet in staat wees om ‘n onbekende, komplekse feitestel krities te ontleed deur middel van inisiatief en effektiewe inligtingonttrekking en navorsingsvaardighede, en moet oplossings kan voorstel deur gebruikmaking van teoriegedrewe en bewysstukgebaseerde argumente.

**JURI 324**

**Fundamentele Regte**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Afgeronde en sistematiese kennis van die terminologie, geskiedenis, teorie en klassifikasie van menseregte en fundamentele regte in die algemeen; die toepassing, beperking en interpretasie van die Suid-Afrikaanse Handves van Regte in die algemeen, en van spesifiek die volgende groepe regte in die Handves van Regte: die normatiewe fundamentele regte; die afweerregte; die gemeenskapsgeoriënteerde fundamentele regte; die fundamentele regte op staatsprestasie; en die prosessuele fundamentele regte;
- die vermoë om teoretiese en praktiese vraagstukke in komplekse feitestelle krities te analiseer deur die toepassing van die basiese terminologie, reëls, beginsels en teorieë van Fundamentele Regte in die formulering van samehangende, gemotiveerde en waardegedrewe oplossings vir komplekse probleme in onbekende kontekste in hierdie studieveld;
- die vermoë om standpunt in te neem oor etiese vraagstukke onderliggend aan spesifieke aangeleenthede in Fundamentele Regte; en
- die vermoë om regsnavorsing te onderneem, relevante etiese en regsvraagstukke te identifiseer, voorgeskrewe en self-geïdentifiseerde materiaal krities te analiseer, kreatief te dink, individueel of in groepe regsargumente samehangend, akkuraat en bondig te formuleer en aan te bied.

**JURI 325**

**Bewysreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Vakkundige en gespesialiseerde kennis van die reëls wat die bewys van feite in ‘n geregshof reguleer (met uitsluiting van die toelaatbaarheidsreëls). In besonder moet hulle rekenskap kan gee van die volgende aspekte:
    - Die begrippe, reëls en beginsels van die bewysreg;

- o die reëls wat op getuies van toepassing is;
  - o die reëls wat van toepassing is op die aanbieding van die verskillende vorme van getuienis;
  - o bewysverskaffing by wyse van geregtelike kennisname, formele erkennings en vermoedens;
  - o die bewyslas;
  - o die bewysmaatstawwe;
  - o die bewyskrag en beoordeling van getuienis.
- Die vermoë om die bewysregreëls op die verskillende stadia van ‘n verhoor te kan toepas, om onbekende probleemstelle te kan analiseer en oplossings aan die hand te doen wat op getuienis gegrond is, wat teoreties begrond is en in ooreenstemming is met die etiese reëls van die regsberoep.
- Die vaardighede om inligting vir navorsingsdoeleindes, vir doeleindes van probleemoplossing of met die oog op voorbereiding vir die verhoor in te samel, te interpreteer, te analiseer en te integreer, en om die resultaat daarvan te kan weergee in mondelinge, geskrewe of elektroniese formaat wat voldoen aan die voorgeskrewe vormvereistes, en wat die kommunikasievaardighede openbaar wat van ‘n leerder op hierdie vlak verwag kan word.

**JURI 326**

**Insolvensiereg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ŉ Goed afgeronde en sistematiese teoretiese en praktiese kennis van insolvensiereg en verwante velde van die reg;
- die vermoë om sekwestrasieprosedure en die meegaande –proses, begrippe, definisies, reëls, konvensies, formate en beginsels wat eie is aan die insolvensiereg op ŉ akademiese en praktiese wyse, eties korrek en op ŉ vaste waardesisteem gegrond, krities in probleemoplossing te kan toepas;
- die vermoë om die probleemoplossings- en inligtingonttrekkingsvaardighede toe te pas om onbekende, konkrete en swak gedefinieerde probleme in die veld van die insolvensiereg effektief aan te pak, dit te analiseer en argumente te formuleer om as oplossings aan te bied, met voldoende getuienis gegrond op relevante teorieë en grondbeginsels;
- die vermoë om deur akademies-professionele redevoering inligting te integreer en tot samehangende en goed beredeneerde verslag saam te voeg en op te teken en om dit mondeling of geskrewe, individueel of in groepe, aan leke- en professionele gehore te kommunikeer deur die gebruik van IT toerusting.

**JURI 327**

**Besondere Kontrakte**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Deeglik afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die volgende besondere kontrakte:

- koopkontrak;
- verkoop van onroerende eiendom
    - -kredietooreenkomste
    - -borgkontrak en
    - -huurkontrak
- die vermoë om 'n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer;
- die vermoë om aan die hand van 'n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en
- die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitelike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.

**JURI 411**

**Verhandelbaredokumentereg en Elektroniese Handel**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Omvattende en sistematiese kennis van die Verhandelbaredokumentereg en Elektroniese Handel, insluitend wisselverbintenisse, wissels, tjeks, elektroniese handelstransaksies en elektroniese betaalwyses;
- ingeligte, samehangende en kritiese begrip van die terminologie, konsepte, reëls, regulasies en beginsels, prosesse en prosedures, toepaslike formate en konvensies binne hierdie studieveld ten einde regskrywing en argumentasie rakende die oplos van tersaaklike komplekse probleme te ondersteun;
- die vermoë om komplekse en werklikheidsverwante probleme binne swak gedefinieerde konteks te kan ontleed, gebrek aan inligting te kan identifiseer, om die verkryging van inligting uit 'n verskeidenheid bronne te kan beplan; die benutting en integrering van kennis met verkreë inligting deur teoriegedrewe en getuienisgebaseerde argumente om eties geloofwaardige en waardegedrewe oplossings te formuleer;
- die vermoë om oplossings aan professionele asook leke-gehore, individueel of in groepsverband, voor te lê deur gebruik te maak van toepaslike elektroniese toerusting en aanvaarbare formate gebaseer op spesifieke konvensies om sodoende ingeligtheid aangaande verwante gebiede te toon; en
- leerders moet ook in staat wees om 'n akademies-professionele diskoers ooreenkomstig hierdie vlak van studie op 'n oortuigende/oorredende wyse samehangend te kan voer.

**JURI 414**

**Padongelukke- en Versekeringsreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Goed afgeronde en sistematiese kennis van padongelukkevergoeding asook versekeringsreg met spesifieke verwysing na:
    - die aard en die essensiële elemente van die padongelukke-vergoedingstelsel;

    - die spesifieke en toepaslike bepalings van die Padongelukke-vergoedingswet;
    - die aard en die elemente van die versekeringsreg; en
    - die onderliggende openbaringsplig, wanvoorstelling en waarborge.
- Die vermoë om feitestelle en probleme met betrekking tot padongelukkevergoeding asook die versekeringsreg te ontleed, die navorsing vir die onttrekking van die toepaslike inligting te beplan, ook uit kognitiewe velde;
- die vermoë om die verkreë kennis toe te pas om aanspreeklikheid te bepaal en om bewysgebaseerde oplossings te bied, dit in geskewe formaat aan te bied met die hulp van IT toerusting vir voorlegging aan leke sowel as akademiese-professionele gehore deur akademie-professionele redevoering en regsargumentasie; en
- die vermoë om die relevante inligting en regsargumentasie te formuleer en aan te bied met gebruikmaking van die huisstyl, kritiese analise, sintese en evaluering van gegewe data, alles gebaseer op getuienis en 'n gesonde etiese vertrekpunt.

**JURI 415**

**Skadevergoedingsreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Uitgebreide en sistematiese kennis van die Skadevergoedingsreg met spesifieke verwysing na die aard en inhoud, doel, bronne, sistematiek, geskiedenis, basiese begrippe, prosesse, prosedures, gebruike, ontstaan en tot niet gaan van eise, bepaling en kwantifisering van skadevergoeding, kompensasie en genoegdoening in geval van delik en kontrakbreuk, die invloed van die grondwetlike bedeling en verjaring van eisoorsake;
- die vermoë om 'n gegewe feitestel te analiseer, navorsing te doen en inligting te bekom vanuit 'n verskeidenheid bronne, die gebruik van hierdie inligting om 'n oplossing vir die probleem te formuleer wat die vermoë om die probleem in perspektief te beskou en toepaslike regsbeginsels toe te pas illustreer asook die vermoë om hierdie inligting op 'n aanvaarbare wyse te kommunikeer binne die regsgemeenskap; en
- 'n etiese en waardegebaseerde interpersoonlike benadering op alle vlakke van beredenering.

**JURI 421**

**Boedelbereddering**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Omvattende en sistematiese kennis van die bereddering van boedels, met spesifieke verwysing na:
    - die administrasie van bestorwe boedels en
    - die administrasie van insolvente boedels;
- beredderingsprobleme en feitestelle kan analiseer met verwysing na die verskillende aspekte van
    - die administrasie van bestorwe boedels en
    - die administrasie van insolvente boedels;
- navorsing vir die onttrekking van inligting kan beplan, ook vanuit kognitiewe velde;

- die verkreë kennis kan toepas om moontlike oplossings te formuleer en dit mondeling en in geskewe formaat met behulp van IT toerusting voor te lê aan leke sowel as akademies-professionele gehore deur akademies-professionele redevoering en regsargumentasie; en
- moet die relevante inligting en regsargumentasie kan formuleer en aanbied deur gebruikmaking van die huisstyl, kritiese analise, sintese en evaluering van gegewe data, alles gebaseer op getuienis en 'n gesonde etiese uitgangspunt.

**JURI 423**

**Verryking en Estoppel**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Omvattende en sistematiese kennis en kritiese begrip van die verskynsel
    - **verryking,** die verskillende *conditiones* van die Suid-Afrikaanse reg, die verbetering van iemand anders se eiendom en die regsposisie van verskillende groepe besitters en okkupeerders/bewoners/huurders; en
    - **estoppel,** die geskiedenis en plek van estoppel in die Suid-Afrikaanse reg; die vereistes vir, effek van en verwere teen die aansoek vir estoppel
- en begrip en gebruik van die teorieë, terme, konsepte en prosedures, konvensies en formate onderliggend aan hierdie studieveld in die ontleding van feitestelle vir die oplos van komplekse probleme uit swak gedefinieerde kontekste deur gebruik te maak van alle vorme van kommunikasie;
- die vermoë om werklike verryking en estoppel in feitelike probleme en kwessies op kritiese wyse onafhanklik, individueel en binne groepsverband te ontleed, navorsing in die verband te beplan, tersaaklike inligting te versamel en om regsgeldig samehangende oplossings en teoriegedrewe argumente te formuleer om die probleme op te los;
- die vermoë om regsgeldige argumentering te lewer en oor te dra deur die gebruik van korrekte terminologie en getuienisgebaseerde redevoering aangaande spesifieke onderwerpe.

**JURI 424**

**Regsfilosofie**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Omvattende en sistematiese kennis asook 'n samehangende en kritiese begrip van die historiese ontwikkeling van Regsfilosofie, verskillende teoretiese benaderings tot die reg en regstudie, spesifieke denkskole en hulle beskouings en teorieë aangaande tersaaklike kwessies/onderwerpe;
- die vermoë om verskillende denkskole en teorieë in diepte krities te ontleed en te vergelyk en om gerespekteerde beskouings effektief te gebruik vir die formulering van getuienisgebaseerde en eties geloofwaardige oplossings. Begrip van die tersaaklikheid van regshermeneutiek ten opsigte van regsfilosofie moet openbaar word;
- die vermoë om effektief, doeltreffend en onafhanklik noodsaaklike inligting te bekom vir die oplos van 'n probleem; om kwessies of onderwerpe in Regsfilosofie te ontleed of te evalueer, om oplossings voor te berei/stel en om oorwoë beskouings oor

tersaaklike kwessies aan 'n verskeidenheid gehore deur akademies-professionele diskoers en aanvaarbare regsgeldige argumentering oor te dra.

**JURI 425**

**Skripsie**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Die vermoë om 'n uitvoerbare navorsingsonderwerp binne enige regsveld te identifiseer;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die tersaaklike en verwante regsvelde deur die skripsie gedek;
- effektiewe en toepaslike onafhanklike navorsingsvaardighede aangaande die gekose onderwerp, insluitend die vermoë om voldoende toepaslike inligting te selekteer, te bekom en te evalueer en die vermoë om die verkreë inligting krities te ontleed en te beoordeel;
- die vermoë om huidige navorsing en kundigheid binne die veld van spesialisering oortuigend te beoordeel en te waardeer en die vermoë om teoriegedrewe, deeglik gestruktureerde en logiese argumente te gebruik om getuienisgebaseerde oplossings vir die geïdentifiseerde probleem te bereik; en
- die vermoë om die resultate van die navorsing effektief oor te dra en professioneel aan te bied deur toepaslike taalgebruik en korrekte terminologie, konvensies en toepaslike bibliografiese styl vir regsgeldige akademiese geskrifte.

**JURE 311**

**Alternatiewe Geskilbeslegting**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Afgeronde en sistematiese kennisbasis aangaande Alternatiewe Geskilbeslegting en die verwante velde daarvan en 'n gedailleerde kennis van die volgende gespesialiseerde gebiede:
    - Toepaslike geskilbeslegtingsmetodes.
    - Huidige probleemsituasie met litigasie.
    - Voordele en nadele van die Alternatiewe Geskilbeslegtingsproses.
    - Doel van die Alternatiewe Geskilbeslegtingsproses.
    - Onderhandelings as basiese metode van alle Alternatiewe Geskilbeslegtingsmetodes.
    - Mediasie en arbitrasie as algemene Alternatiewe Geskilbeslegtingsmetodes.
    - Feitebevinding/feitesoektog, miniverhoor, keuringspanele, ombudspersoon, huur-'n-regter, geskilhersiening, uitvoerende tribunaal, onafhanklike deskundige beslissing, kommissie van ondersoek, skeidsregter, konsiliasie, fasiliteerder, Alternatiewe Geskilbeslegting deur middel van wetgewing en raadgewende ondersoek en aanbevelende opinie as nie-algemene geskilbeslegtingsmetodes.
- Ontwikkelling van opstel-, aanbied- en kommunikasievaardighede tydens voorbereiding, opstel en aanbied van goedgestruktureerde regsgeldige opinies/argumente (bogenoemde) en Alternatiewe Geskilbeslegtingsdokumente

gebaseer op getuienis bekom vanuit ‘n verskeidenheid bronne insluitend die internet; individueel of in groepsverband.

**JURE 313**

**Belastingreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n Goed afgeronde en sistematiese kennis van Belastingreg met ‘n duidelike en kritiese begrip van die begrondende begingsels daarvan;
- moet onbekende en/of werklike belastingprobleme of feitestelle kan identifiseer en ontleed; moet belastingaanspreeklikheid kan bepaal deur die toepassing van die tersaaklike begrondingsbeginsels van belastingreg en moet bewysgebaseerde oplossings kan bied; en
- moet tersaaklike inligting kan verkry en prosesseer deur kritiese analise, sintese en evaluering van gegewe data, moet huidige navorsing op hierdie gebied op ‘n wetenskaplike wyse kan toepas en moet professionele akademiese werk effektief kan oordra.

**JURE 411**

**Omgewingsreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Samehangende en sistematiese kennis asook samehangende en kritiese verstaan van die aard en inhoud van omgewingsreg, omgewingsregbeginsels, omgewings-raamwerkwetgewing, omgewingsinvloedstudies, biodiversiteit, luggehalte, water- en afvalbestuur, mynbou- en energiereg, internasionale omgewingsreg en inleiding tot omgewingsbestuur;
- die vermoë om verskillende aspekte van omgewingsreg en beginsels krities te evalueer;
- moet onafhanklik navorsing kan doen oor verskillende regsprobleme deur feitestelle (fiktief en werklik) en oplossings te vind met teoriegedrewe argumente; en
- die vermoë om etiese en waardegedrewe argumente ten aansien van bepaalde onderwerpe te formuleer en dit deur middel van rekenaartegnologie te kommunikeer.

**JURE 412**

**Skynhof (word net voltyds aangebied)**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Die vermoë om individueel en in groepsverband ingewikkelde nasionale en internasionale regsprobleme en vraagstukke te identifiseer, te ontleed en op te los deur gebruik te maak van teoriegedrewe argumente insluitend:
    - o Die vermoë om vanuit ‘n verskeidenheid bronne inligting te put, daardie inligting, asook inligting uit verwante studievelde, te evalueer en te

integreer in die oplossing van probleme en die voorbereiding van ‘n betoog; en
    - die vermoë om ‘n argument/verslag aan leke en professionele gehore oor te dra en ‘n akademies-professionele diskoers op ‘n getuienisgebaseerde wyse te handhaaf.
- Die vermoë om studietake outonoom, professioneel en eties te bestuur.

**JURE 413**

**Intellektuelegoederereg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder oor die volgende beskik:

- ‘n Omvattende en sistematiese kennis van die reg ten opsigte van intellektuele goedere met besondere verwysing na die beginsels van die reg op werfkrag, onregmatige mededinging, die reg ten opsigte van handelsmerke, outeursreg en die reg ten opsigte van modelle en patente sowel as die verwantskap daarvan met ooreenkomstige regsvelde;
- moet op ‘n korrekte wyse en met vertroue die toepaslike teminologie kan verstaan en gebruik, met inbegrepe die vermoë om begrippe wat eie is aan intellektuele-goederereg in samehang te kan analiseer;
- moet ingewikkelde alledaagse intellektueelgoedereregtelik-gerigte omstandighede en probleme kan identifiseer en eties daarmee kan handel in die lig van die toepaslike intellektueelgoedereregtelike grondslae soos gevind in die gemenereg, regspraak, wetgewing en relevante getuienis;
- moet oor inligtingstoegangs- en onttrekkingsvaardighede beskik asook die vermoë om navorsingstof op die gebied van intellektuele goedere met bedrewenheid en kundigheid te kan aanwend en moet verder akademies-professionele stof effektief by wyse van redevoering en toepaslike regsuitleg met gebruikmaking van die kontekstueel-relevante inligtingstegnologie kan voordra.

**JURP 411**

**Sosio-ekonomiese Regte**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Omvattende en sistematiese kennis van die verskillende sosio-ekonomiese regte in die Grondwet;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die beginsels en teorieë wat sosio-ekonomiese regte onderlê;
- doeltreffende en effektiewe inligtingsontsluiting en prosesseringsvaardighede om in bestaande navorsingsvelde van sosio-ekonomieseregte betrokke te wees;
- 'n vermoë om komplekse probleme en probleme verwant aan die werklikheid te identifiseer, te analiseer en daarmee te handel deur die ontsluite inligting te gebruik om getuienisgebaseerde oplossings vir sosio-ekonomiese regte-problematiek individueel en in groepe weer te gee; en
- 'n vermoë om sosio-ekonomiese navorsing effektief, eties-korrek en waardegedrewe aan te bied en te kommunikeer.

**JURE 421**

**Internasionale Privaatreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- ‘n deeglik afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die Internasionale Privaatreg;
- die vermoë om ‘n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer;
- die vermoë om aan die hand van ‘n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en
- die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitlike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.

**JURP 321**

**Ontwikkelings- en Plaaslike Owerheidsreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Afgeronde en sistematiese kennis van die aard van ontwikkelings- en plaaslike owerheidsreg verbandhoudend met die fundamentele reg op ontwikkeling en ontwikkelings- en plaaslike owerheidsreg;
- Samehangende en kritiese begrip van verwante regsgebiede, teorieë en beginsels, reëls, regulasies, terminologie, prosesse en prosedures, formate en konvensies onderliggend aan ontwikkelings- en plaaslike owerheidsreg;
- die vermoë om probleme binne swak gedefinieerde konteks te kan ontleed en interpreteer, gebrek aan inligting te kan identifiseer, om die verkryging van inligting uit ‘n verskeidenheid bronne te kan beplan; en om die tersaaklikheid en toepassing van die inligting in groepsverband of individueel te kan evalueer;
- die vermoë om inligting te integreer om ‘n samehangende en regsgeldig deeglik geformuleerde oplossing vir die probllem te vind, en dit mondeling en in geskewe formaat met behulp van IT toerusting voor te lê aan leke sowel as akademies-professionele gehore; en
- die vermoë om huidige navorsing en gevorderde vakkundigheid krities te beoordeel deur middel van van teoriegedrewe, eties geloofwaardige en waardegebaseerde argumente.

**JURP 323**

**Regspluralisme: Godsdienstige regstelsels**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- Volledige en sistematiese kennis, asook ’n samehangende en kritiese begrip van die stelsel van regspluralisme wat deur die 1996-*Grondwet* se erkenning van godsdiensgebaseerde regstelsels geskep is, die basiese regsbeginsels van wesenlike Moslem-, Hindoe- en Joodse reg en die wisselwerking tussen hierdie stelsels en die toepaslike bepalings in die Handves van Regte en internasionale dokumente;

- die vermoë om komplekse stelle feite en problematiese teoretiese vraagstukke met betrekking tot regspluralisme te kan identifiseer, ontleed en hanteer deur getuiegebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente toe te pas;
- die vermoë om inligting doeltreffend en doelmatig te kan onttrek en prosesseer om sodoende huidige navorsing en literatuur op die gebied van pluralistiese godsdiens-regstelsels te kan ontleed en dit te kan toepas; en
- die vermoë om doeltreffend en professioneel skriftelik en mondeling te kan formuleer om oplossings vir stelle feite en problematiese teoretiese vraagstukke aan die hand te doen deur middel van 'n reeks verskillende genres wat op die konteks van toepassing is.

**JURP 421**

**Grond- en Aktesreg**

PK 3 ure 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik:

- 'n Omvattende en sistematiese kennis van artikel 25 van die Grondwet met betrekking tot
    - o die geskiedenis van grondadministrasie en grondbeleid;
    - o wetgewing en regulering van grondregistrasie, deeltitels, aandeleblokke, eiendomstyddeling, aftree-oorde en beperkte saaklike regte ten opsigte van liggaamlike en onliggaamlike onroerende goed; en
    - o grondhervormingsprogramme en wetgewing;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die beginsels, reëls, teorieë, formaat en gebruike waarop grondhervorming, grondregistrasie en grondbeheer gebaseer is;
- die analisering van probleme, navorsing en inligtingontsluitingsvaardighede met betrekking tot probleemoplossing van feitestelle en regsvraagstukke;
- die vermoë om ingesamelde kennis te evalueer en dit verstaanbaar te integreer in bewese en teoretiesgebaseerde argumente/oplossings; en
- die vermoë om oplossings skriftelik en rekenaarmatig op 'n etiese en waardegedrewe grondslag te kommunikeer en aan te bied aan leke en akademies-professionele persone.

## R.9.2 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (SKOOL VIR TALE)

Verwys na Engelse jaarboek aan die agterkant van hierdie handlyding = R9.2 (gaan dit goed wees of--....)

**AFNL112 GEBRUIKSAFRIKAANS**

PK 1x1,5 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om keurige skryfstukke in Afrikaans te produseer; om taalhulpmiddels met effektiwiteit te gebruik; om die kwaliteit van skryfstukke te beoordeel.

**AFNL111 AFRIKAANS: TAAL SONDER GRENSE**

PK 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om Afrikaans, skriftelik en mondeling, gepas, kreatief en effektief in verskillende situasies te kan gebruik; verskillende tekstipes in Afrikaans te onderskei, te ontleed en te produseer; sowel funksionele as estetiese Afrikaanse tekste te ontleed, te interpreteer en te evalueer; kernbegrippe uit die narratologie te kan verduidelik en te kan toepas.

**AFNL121 AFRIKAANSE TAAL- EN LITERATUURSTUDIE: DIE WETENSKAPLIKE PROSES**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om Afrikaanse en Nederlandse verhalende en poëtiese tekste te analiseer met behulp van 'n teoreties-gefundeerde leesstrategie; die estetiese en ideologiese aspekte van Afrikaanse en Nederlandse verhale en gedigte te identifiseer, te beskryf en te analiseer; die basisbegrippe van die semantiek te definieer en te kan begryp; verteenwoordigende Afrikaanse voorbeelde semanties te analiseer; woordeboeke as bron van semantiese analise te gebruik.

**AFNL211 AFRIKAANS EN NEDERLANDS: RAAMWERKE VIR TAAL- EN LITERATUURSTUDIE**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste; die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tot 1960; die basisbegrippe van die morfologie te definieer en te kan begryp; verteenwoordigende Afrikaanse morfologiese konstruksies te analiseer; morfologiese insigte toe te pas op geselekteerde taalgebruikskundige probleme.

**AFNL221 AFRIKAANS EN NEDERLANDS: TAAL- EN LITERÊRE HANDELINGE**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om Afrikaanse en Nederlandse dramatekste literêr en toneelmatig te analiseer en te interpreteer; gefundeerde menings te verskaf oor die toneelmatigheid van dramaproduksies; verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste; die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tot 1960; die diachroniese ontwikkelingslyn van Afrikaans te beskryf; die huidige taalsituasie t.o.v. Afrikaans in terme van die historiese ontwikkeling te verklaar; taalpolitieke standpunte te vergelyk en te evalueer.

**AFNL311 AFRIKAANS EN NEDERLANDS: DIE VEELHEID VAN STEMME (1)**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om selfstandige navorsing te doen en ‘n navorsingsverslag te kan skryf; die aard en omvang van taalverskeidenheid in Afrikaans te kan beskryf en daaroor verslag te kan doen; die basisbegrippe van die fonologie te definieer en te begryp verteenwoordigende Afrikaanse fonologiese verskynsels te analiseer; taalkundige paradigmas te vergelyk en te evalueer; Afrikaanse en Nederlandse gedigte van ná 1960 te analiseer, te interpreteer en te vergelyk; poëtiese tekste en konvensies te evalueer aan

die hand van verskillende kontemporêre literêre teorieë; die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taal- en letterkunde te kan oordra en te implementeer in beroepsituasies.

**AFNL321 AFRIKAANS EN NEDERLANDS: DIE VEELHEID VAN STEMME (2)**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die kwaliteit van reeds bestaande tekste in Afrikaans te verbeter; selfstandige navorsing te doen en ‘n navorsingsverslag te kan skryf; die belang van kennis van die Afrikaanse taalgebruikskunde te begryp en dit te kan toepas in die praktyk; die basisbegrippe van die sintaksis te definieer en te begryp; verteenwoordigende Afrikaanse sintaktiese verskynsels te analiseer; die invloed van die pragmatiek op die begrip van taal te verklaar en te begryp; taalkundige paradigmas te vergelyk en te evalueer; Afrikaanse en Nederlandse prosatekste van ná 1960 te analiseer, te interpreteer en te evalueer aan die hand van verskillende poststrukturalistiese literêrere teorieë; Afrikaanse en Nederlandse romans te kan vergelyk na aanleiding van tema en styl; selfstandige evaluering van romans te kan doen; literêre teorieë te kan toepas en te evalueer; die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taal- en letterkunde te kan oordra en te implementeer in beroepsituasies.

## AFRIKAANS

**AFNT112: INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN AFRIKAANS: MOEDERTAAL**

TEL 1x1,5 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om kennis van die skryfprosesteorieë en tekstipes te kan demonstreer in die skryf van eie tekste; om kennis van woordeboeke en die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) optimaal tydens die skryfproses te gebruik deur taalkundige inligting daarin te kan ontgin en toe te pas; om gevorderde grammatikale kennisvaardighede van Afrikaans effektief in die skryfproses te kan gebruik; om taalfoute in verskillende skryfstukke aan te dui en te korrigeer; om die vereistes gestel aan die *ontwerp* van verskillende tipes tekste in Afrikaans effektief te gebruik.

**AFNT121: AFRIKAANSE TAAL- EN LITERATUURSTUDIE: DIE WETENSKAP-LIKE PROSES**

TEL 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om Afrikaanse verhalende en poëtiese tekste te analiseer met behulp van 'n teoreties-gefundeerde leesstrategie; om die estetiese en ideologiese aspekte van Afrikaanse verhale en gedigte te identifiseer, te beskryf en te analiseer; en om die domeine van die Afrikaanse grammatika te identifiseer, te beskryf en te analiseer.

## DUITS

**GRMN111 DUITS ELEMENTÊR 1**

PK 1x1,5 2:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n ete te bestel, 'n kaartjie te koop, 'n hotelkamer te bespreek; elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. sprokies, stories en kort koerantberigte; elementêre tekste te skryf, bv. 'n CV, 'n poskaart, 'n uitnodiging; die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos behuising, opvoeding, vervoer, sosiale en kulturele lewe.

**GRMN121 DUITS ELEMENTÊR 2**

PK 1x3 2:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n artikel te bestel of te koop, 'n afspraak te maak, reisreëlings te tref; elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. kort prosa, koerant- en tydskrifartikels; elementêre tekste te skryf, bv. situasiebeskrywings, informele briewe en e-pos aan vriende; die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos opvoeding, werkgeleenthede, geskiedenis, politieke stelsel.

## ENGLISH

**ENGL111: ENGLISH IN CONTEXT**

PC 1x2 1:1

On completion of this module learners should be able to analyse (apply close reading) and articulate a formal academic response to literary texts; write a coherent academic essay in fluent and accurate language; demonstrate an ability to use correct English language, style and register both orally and in writing.

**ENGL121: INTRODUCTION TO ENGLISH LITERARY STUDIES**

PC 1x3 1:1

On completion of this module learners should be able to Recognise generic conventions in narrative and dramatic texts; identify differing literary perspectives and contexts, and be able to develop coherent literary arguments; demonstrate an ability to use correct English language, style and register both orally and in writing; analyse the meaning of words in terms of semantic attributes and the distinction between different senses of the same word; determine the meaning of a word in context with the help of a dictionary.

**ENGL211: ENGLISH IN THE SOUTH AFRICAN CONTEXT**

PC 1x3 1:1

On completion of this module learners should be able to recognise the literary conventions that inform the prescribed texts; write a coherent essay on a literary topic; analyse, interpret and contextualise South African and Postcolonial texts; analyse the structure of words in terms of morphological categories; identify the characteristic morphological affixes of the major parts of speech.

**ENGL221: INDIVIDUAL AND SOCIETY: LITERARY AND LINGUISTIC PERSPECTIVES**

PC 1x3 1:1

On completion of this module learners should be able to recognise and appreciate the contexts, style, preoccupations and developments within Romantic and Victorian literature; be able to analyse and interpret Romantic and Victorian texts and read relevant critical texts

knowledgeably and critically; write a coherent essay on a literary topic and integrate critical sources responsibly; identify and describe the elements of the clause in English.

**ENGL311: ADVANCED LANGUAGE AND LITERARY STUDIES**

PC 1x3 1:1

On completion of this module learners should be able to understand the ideas, genres and contexts operating on and within Shakespearean tragedy; analyse absurdist dramas and indicate the ways in which they respond to the world from within their particular literature and philosophical framework; interpret, analyse and contextualise metaphysical religious and love poetry; write a coherent essay on a literary topic and integrate critical sources responsibly; be familiar with the origins of the English language and development up to the $18^{th}$ century; identify the sources of dialect variation in contemporary English (native and non-native varieties), and analyse the linguistic manifestations of language variation in a representative selection of regional varieties of contemporary English.

**ENGL321 TWENTIETH-CENTURY LANGUAGE AND LITERARY STUDIES**

PC 1x3 1:1

On completion of this module learners should be able to analyse, interpret and contextualise Modernist texts; analyse, interpret and contextualise Postmodernist texts and differentiate Postmodernism from Realism and Postcolonialism; write a coherent essay on a literary topic and integrate critical sources responsibly; display an ability to apply linguistic knowledge to literary texts; analyse the linguistic features of different styles and registers of contemporary English.

## FRANS

**FRAN111 FRANS ELEMENTÊR**

PK 1x1,5 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om basiese gespreksituasies te verstaan en daaraan deel te neem; om basiese skryfvaardighede toe te pas; om 'n kritiese begrip te hê van die Franse kultuur en die Franse alledaagse gemeenskap (soos dit blyk uit taal, tradisies en gebruike) in die nasionale en Europese konteks.

**FRAN121 FRANS ELEMENTÊR**

PK 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om basiese gespreksituasies te verstaan en daaraan deel te neem; om basiese skryfvaardighede toe te pas; om 'n kritiese begrip te hê van die Franse kultuur en die Franse alledaagse gemeenskap (soos dit blyk uit taal, tradisies en gebruike) in die nasionale en Europese konteks.

## TSWANA

## TSWANA EERSTETAAL

**ATSW113 TSWANA: LANGUAGE AND PHONETICS**

Pk 1×3 1:1

On completion of this module the learner should be able to discuss and apply the basic concepts in Tswana language; discuss the articulatory phonetics of Tswana, and indicate the characteristics of Tswana sounds describe Tswana orthography and the phonetic component thereof.

**ATSW123 TSWANA: LANGUAGE AND LITERATURE**

Pk 1×3 1:1

On completion of this study module the learner should be able to discuss the Tswana parts of speech and their sub-categories; give a review of Tswana idioms, proverbs and riddles.

**ATSW213 TSWANA: TAALKUNDE EN POËSIE**

Pk 2×2 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om die groei en die ontwikkeling van die Tswana-grammatika te bespreek; meer kreatiewe taalvaardighede te gebruik; die benaderingswyses ten opsigte van die letterkunde in die groter kommunikatiewe raamwerk te plaas en te bespreek en op grond van 'n teoretiese raamwerk 'n analise van geselekteerde Tswana-gedigte te maak.

**ATSW223 TSWANA: SINTAKSIS EN LETTERKUNDE**

PK 2×2 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om die struktuur van die enkelvoudige en saamgestelde sin in Tswana uiteen te sit en te bespreek en 'n wetenskaplik gefundeerde bespreking van geselekteerde essays en kortverhale in Tswana te hanteer.

## TSWANA DERDETAAL

**ATSW114 BASIESE STUKTURE VAN TSWANA**

PK 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om die noodsaaklike funksionele taalstrukture te beskryf en te gebruik en die basiese taalvaardighede naamlik luister, praat en lees op elementêre vlak te gebruik.

**ATSW124 GRAMMATIKALE STRUKTURE VAN TSWANA**

PK 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om 'n groter hoeveelheid noodsaaklike funksionele taalstrukture te beskryf en te gebruik en die basiese taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees en skryf op elementêre vlak te gebruik.

# ZOELOE

## ZOELOE DERDETAAL

**AZOE114 INLEIDING TOT DIE ZOELOE-TAALKUNDE**

PK 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om hom-/ haarself met selfvertroue en vaardigheid in basiese Zoeloe-gesprekke te handhaaf; deur middel van die verworwe grammatikale kennis self sinne te formuleer buite die behandelde gespreksituasies; verjaarsdagkaartjies, Kerskaartjies en ander basiese tekste in Zoeloe te skryf; sekere kulturele aspekte van die Zoeloe te bespreek en met begrip en kultuursensitiwiteit in gesprekke met Zoeloe-sprekers om te gaan en die herkoms en geskiedenis van die Zoeloe te omskryf.

**AZOE124 INLEIDING TOT DIE ZOELOE-TAALKUNDE**

PK 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om hom-/haarself met selfvertroue en vaardigheid in 'n verskeidenheid gespreksituasies in Zoeloe te handhaaf; deur middel van die verworwe grammatikale kennis buite die behandelde gespreksituasies te kommunikeer; telegramme en ander basiese tekste in Zoeloe te skryf; 'n verskeidenheid aspekte van die Zoeloe-kultuur te bespreek en met begrip en kultuursensitiwiteit in gesprekke met Zoeloe-sprekers om te gaan en uitgesoekte tekste uit Zoeloe te vertaal.

## R.9.3 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (SKOOL VIR SODIALE EN OWERHEIDSSTUDIES)

Verwys na Engelse jaarboek aan die agterkant van hierdie handlyding = R9.3

## POLITIEKE STUDIES

**POLI111 POLITIEK, STAAT EN REGERING**

PK 1x1,5 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die oorsprong, ontwikkeling en doel van die staat te beskryf;
- politiek, mag, gesag en legitimiteit as begrippe te definieer en te verduidelik; EN
- 'n ontledende oorsig te kan gee van die benaderings tot en moderne ideologieë in die politiek.

**POLI121 DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE STELSEL**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die struktuur en komponente van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en hul onderlinge verhouding te beskryf;
- te verduidelik wat ko-operatiewe regering is;
- die invloed van konstitusionalisering en die Handves van Menseregte in die Suid-Afri politiek te bespreek;
- die grondslae, herkoms en aard van die konstitusionele staat te verduidelik;
- die politieke en grondwetlike implikasies van konstitusionalisme (Suid-Afrika) te beskryf.

**POLI211 VERGELYKENDE POLITIEK**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die basiese metodes om vergelykings te tref, te beskryf, te verduidelik en toe te pas;
- die struktuur en die politieke dinamika van politieke stelsels te beskryf, te ontleed en te verduidelik; en
- verskeie verteenwoordigende geselekteerde politieke stelsels in die wêreld met mekaar te vergelyk en te evalueer.

**POLI221 INTERNASIONALE POLITIEK**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die verskil tussen nasionale en internasionale politiek te beskryf;
- die motivering agter die optrede van state, die akteurs en die wêreldpolitiek en die funksionering van die internasionale stelsel te bespreek en te verduidelik;
- internasionale organisasies se aard en optrede te verduidelik en toe te lig;
- internasionale hulpverlening en globalisering, sowel as internasionale konflik te beskryf en te verduidelik.

**POLI311 POLITIEKE DEELNAME EN INTERAKSIE**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die invloed van kommunikasie en die media op die politiek te verduidelik;
- die aard en rol van belangegroepe in die binnelandse politiek van state te bespreek;
- te verduidelik wat politieke partye en partystelsels se hooffunksie is, hoe sodanige funksies uitgevoer word en hoe partye verskillend in demokratiese en totalitêre state optree;
- verskillende kiesstelsels te beskryf en te verduidelik waarom kiesers in verkiesings stem.

**POLI321 POLITIEKE IDEES EN IDEOLOGIEË**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die konsep "ideologie" te definieer en te verduidelik;
- die ontstaan, ontwikkeling en inhoud van politieke ideologieë en idees (soos die demokrasie, sosialisme, feminisme en fascisme), te beskryf, te verduidelik en te evalueer; en te verduidelik hoe en in watter opsigte ideologieë en politieke idees die dinamika van politieke stelsels beïnvloed.

## R.9.4 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE (SKOOL VIR REKENKUNDIGE WETENSKAPPE)

Verwys na Engelse jaarboek aan die agterkant van hierdie handlyding = R9.4 of

**RERP211 REGSREKENINGKUNDE**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om alle basiese finansiële transaksies by 'n prokureurspraktyk te boekstaaf; om transaksies in die boeke van eerste inskrywing te boekstaaf; om transaksies oor te boek vanaf die boeke van eerste inskrywing na die grootboeke; om aansuiwerings te boekstaaf en 'n rekonsiliasie staat voor te berei; om 'n inkomstestaat en 'n balansstaat voor te berei; om die verdeling van wins by vennote te boekstaaf; om trust transaksies te herken en te boekstaaf

**RERP221 REGSREKENINGKUNDE**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om alle transaksies by 'n prokureurspraktyk te boekstaaf; om 'n trust bank rekonsiliasie staat voor te berei; m die soorte trust belegging te identifiseer en te boekstaaf; om die verloop van eiendoms transaksies te verduidelik en te boekstaaf; om korrespondente transaksies in die boeke van opdraggewende prokureurs en uitvoerende prokureurs te boekstaaf; om die beginsels van belasting op toegevoegde waarde in die proses van boekstawing toe te pas.

## R.9.5 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT TEOLOGIE (SKOOL VIR BYBELSTUDIES EN ANTIEKE TALE)

Verwys na Engelse jaarboek aan die agterkant van hierdie handlyding = R9.5 of

**ANTIEKE KULTUUR**

**AKLR111 OU NABYE OOSTE EN GRIEKELAND**

PK 1x1,5 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om die ontwikkeling van ’n kultuur te evalueer en beskryf vanaf die voor-historiese tydperk; antieke kulture van die Ou Nabye Ooste en Midde-Ooste te kan bespreek; die kultuur en politieke ontwikkeling van antieke Griekeland te kan bespreek; die geskiedenis en daaglikse lewe van klassieke Griekeland te kan beskryf.

**AKLR121 ANTIEKE ROME EN ANDER KULTURE**

PK 1x1,5 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om Romeinse sosiale geskiedenis te kan bespreek; die ontwikkeling van die Romeinse regstelsel te kan bespreek; konstitusionele ontwikkeling te kan beskryf; ander kulture te kan bespreek soos die Bisantynse, Islamitiese en Afrikakulture.

**LATYN**

**LATN111(8): LATYN VIR ALMAL**

Pk 1 x 2 uur

Die leerder moet in staat wees om:
- eenvoudige Latynse passasies te kan vertaal
- toepaslike woordeskat te ken
- enkele buigingsvorme en grammatikale konstruksies in Latyn te kan herken
- Latynse frases te kan weergee
- die Latynse oorsprong van Afrikaanse en Engelse woorde te herken
- geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat republikeinse tydperk te kan bespreek.

**LATN121(16): REGS- EN KERKLATYN**

Pk 1 x 3 uur

Die leerder moet in staat wees om:
- toepaslike Latynse tekste te kan vertaal
- verdere grammatikale buigingsvorme en grammatikale konstruksies van Latyn te kan herken
- toepaslike woordeskat te ken
- grondige kennis te hê van regs- of kerkterminologie in Latyn.
- geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat republikeinse tydperk te kan bespreek.

**LATN211(16): LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS 1**

Pk 1 x 3 uur
Die leerder moet in staat wees om:
- gekose tekste uit die Christelike Latynse letterkunde te kan vertaal
- toepaslike woordeskat te ken
- grammatikale en kontekstuele vrae oor die betrokke tekste te kan beantwoord
- geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die Republiekeinse tydperk te kan bespreek.

**LATN221(24): LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS II**

Pk 1 x 3 uur

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om:
- gekose tekste uit die klassieke en Regslatyn te kan vertaal en analiseer;
- toepaslike woordeskat te ken;
- grammatikale en kontekstuele vrae oor die tekste te kan beantwoord; en
- geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die vroeë keisertyd te bespreek.

**LATN311(24): LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS III**

Pk 1 x 3 uur

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om:
- gekose Latynse tekste te kan vertaal en analiseer;

- grammatikale en kontekstuele vrae oor die tekste te kan beantwoord; en
- geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat keisertyd te bespreek.

**LATN321(32): LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS IV**

Pk 1 x 3 uur

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om:
- gekose Latynse tekste te kan vertaal en analiseer;
- grammatikale en kontekstuele vrae oor die tekste te kan beantwoord; en
- geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat keisertyd te bespreek.

## R.9.6 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (SKOOL VIR FILOSOFIE)

Verwys na Engelse jaarboek aan die agterkant van hierdie handlyding = R9.6

**WTLL221: INLEIDENDE WETENSKAPSLEER**

Pk 1x2 3:2

Ná suksesvolle voltooiing van hierdie module moet die leerder kan demonstreer dat hy/sy
- die aard van wetenskap en die grense en plek daarvan in die menslike lewe verstaan en dit kan onderskei van nie-wetenskaplike en ideologiese denke;
- die paradigmatiese aard van die wetenskap verstaan en kan verduidelik aan die hand van voorbeelde;
- die kontoere van 'n Christelike denkraamwerk (wêreldbeskouing) verstaan en met verwysing na nie-Christelike denkraamwerke kan verduidelik en evalueer; en
- aktuele persoonlike en sosiaal-maatskaplike verskynsels en probleme kan beoordeel vanuit 'n eie en 'n Christelike denkraamwerk

## R.9.7 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Verwys na Engelse jaarboek aan die agterkant van hierdie handlyding = R9.7 OF

## PSIGOLOGIE

**PSIG131: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: FISIESE EN KOGNITIEWE PROSESSE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om basiese, kontekstueel-relevante psigologiese benaderings, ten opsigte van menslike fisiese en kognitiewe prosesse in ’n kultureel-diverse omgewing, te kan identifiseer en beskryf.

**PSIG151: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: EMOSIONELE EN WILSPROSESSE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om basiese, kontekstueel-relevante psigologiese benaderings ten opsigte van menslike emosionele en motiveringsprosesse in ’n kultureel-diverse omgewing, te kan identifiseer en beskryf.

**PSIG161: INTERPERSOONLIKE, SOSIALE EN GEMEENSKAPPSIGOLOGIE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die teoretiese onderbou en toepassingswaarde in die veld van gedragswetenskappe, met betrekking tot interpersoonlike-, sosiale en gemeenskaps-psigologie te identifiseer en beskryf.

**PSIG211: MENSLIKE ONTWIKKELING IN SOSIO-KULTURELE KONTEKS**

Pk 1 X 3 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om psigologies relevante prosesse en ander belangrike invloede wat 'n konsekwente rol speel in die ontwikkeling van die individu te verduidelik; die basiese kenmerke van gedrag in elke ontwikkelingsfase, asook die invloed van diverse kontekste op gedrag, te beskryf; en te bespreek hoe fisiese-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosiale aspekte van ontwikkeling ingebed is in 'n bepaalde konteks van verhoudings, gesin, gemeenskap, kultuur en omstandighede.

**PSIG241: PERSPEKTIEWE OP MENSWEES**

Pk 1 X 2 uur 1 1

Die studente sal in staat wees om die verskeie perspektiewe op menswees binne ’n kultureel-diverse konteks basies te beskryf, vertolk en te kritiseer, ten einde ’n persoonlike mensbeskouing te formuleer, waarteen menslike- en/of organisasie-ontwikkeling gefasiliteer kan word.

**PSIG251: PSIGOLOGIESE GESONDHEID: MENSLIKE STERKTES EN VEERKRAGTIGHEID**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die oorsprong, manifestasies en patrone van psigologiese sterktes en veerkragtigheid uit verskillende teoretiese raamwerke te kan konseptualiseer; die manifestasies daarvan by mense in verskillende lewensfases (kindertyd, adolessensie, volwassenheid, bejaardheid) in verskillende kontekste (interpersoonlik, kultureel, werk) en op verskillende vlakke (individu, groep) te kan beskryf en in praktyk te kan identifiseer om die biopsigososiale welsyn van individue, groepe en op gemeenskapsvlak te kan fasiliteer.

**PSIG252: INLEIDING TOT HULPVERLENING EN ETIEK**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om ’n algemene model en proses van hulpverlening en fasiliterende gespreksvoering te konseptualiseer en te gebruik om ander mense te help om alledaagse lewensprobleme op te los, sowel as om etiese kwessies wat in die hulpverleningsituasie voorkom te kan bespreek.

**PSIG261: LEWENSVAARDIGHEDE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om lewensvaardighede in individue, groepe, organisasies en gemeenskappe te fasiliteer, ten einde algemene welsyn in sodanige kultureel-diverse konteks te bevorder deur aanbieding van lewensvaardigheidsprogramme.

**PSIG311: INLEIDING TOT PSIGOPATOLOGIE**

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Die leerder sal in staat wees om met betrekking tot die kinderjare, adolessensie en volwassenheid, risikofaktore te identifiseer wat die vatbaarheid vir psigopatologie verhoog; die verskillende vorme van psigopatologie te identifiseer en te omskryf.

**PSIG341: GEMEENSKAPSPSIGOLOGIE EN –PROGRAMME**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om deur middel van aksienavorsing, die impak van sosiale-, omgewings- en gemeenskapskrisisse op die gesondheid van mense te bepaal, en op grond daarvan 'n behoeftebepaling te doen, 'n program saam te stel en aan te bied in die gemeenskap.

**PSIG323: GESONDHEIDS- EN MIV-VOORLIGTING**

Pk 1 X 3 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die biopsigososiale perspektief op fisieke gesondheid en siekte, asook teorieë van gesondheidsvoorligting, te beskryf; gesondheids- en siektegedrag te evalueer; basiese psigologiese intervensies binne die mediese konteks te doen; asook programme wat siekterisiko's uitskakel en gesondheid bevorder, toepaslik vir die Suid-Afrikaanse konteks aan te bied.

**PSIG353: KRISISINTERVENSIE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die algemene aard en dinamiek van verskillende tipes krisissituasies (soos dreigende selfmoord, aanranding, traumatiese verliese, ens.), sowel as die tipiese reaksies van persone daarop te kan beskryf, en teen die agtergrond van teoretiese modelle en spesifieke evalueringsisteme, kultuursensitiewe, eties-verantwoorde intervensies en kritiese-insident-stresontlontings te kan toepas, met bewustheid van die langtermyneffek van hierdie werk op die hulpverlener, en wyses om die impak daarvan te hanteer.

**PSIG363 MENSLIKE DIVERSITEIT**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om vanuit 'n eko-sistemiese model, die nodige kennis, vaardighede en houdings te demonstreer om in 'n kultureel-diverse samelewingsomgewing as hulpverlener / voorligter die biopsigososiale welsyn van individue en groepe te bevorder.

## R.9.8 MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Verwys na Engelse jaarboek aan die agterkant van hierdie handlyding = R9.8 of

## MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE (BEDRYFSIELKUNDE EN BEDRYFSOSIOLOGIE)

**MHBP111 INLEIDING TOT MENSEHULPBRON-BESTUUR**

1½ uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die komponente van mensehulpbronbestuur (insluitend mensehulpbronbeplanning, posontleding, werwing, keuring, opleiding, prestasie-bestuur en vergoeding) te ken en te verstaan; Verskille in individue se gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en te verstaan; Die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in die werksplek te ken en te verstaan; Die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van stres, motivering, leierskap, groepsgedrag en kommunikasie te ken en te verstaan; Die belangrikheid van loopbaan-selfbestuur te ken en te verstaan; Die bestuur van verandering te ken en te verstaan.

## ONDERNEMINGSBESTUUR

**ONBP111 INLEIDING TOT ONDERNEMINGSBESTUUR**

1½ uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die grondbegrippe van Ondernemingsbestuur te verstaan en dit toe te pas; Die ekonomiese struktuur waarbinne die onderneming funksioneer te verstaan; Ondernemingsbestuur as wetenskap te verklaar; Die historiese ontwikkeling in Ondernemingsbestuur te verstaan; Die verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en te verklaar; Die bestuursomgewing op internasionale, makro-, mark- en mikrovlak te bespreek; Die strategiese beplannings- en strategie-implementeringsproses te bespreek; Beplanning as een van die basiese bestuurstake te doen, die elemente wat die beplanningsproses beïnvloed te identifiseer en die beginsels van besluitneming toe te pas; Koördinasie en produktiwiteit te verduidelik; Die beginsels van organiseer en delegeer toe te pas; Die aktivering van werknemers deur middel van kommunikasie, leierskap en motivering te ken; Te verduidelik hoe ondernemingsaktiwiteite beheer word.

**ONBP121 ENTREPRENEURSKAP**

3 uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Kennis en toepassing rakende entrepreneurskap, intrapreneurskap en die belangrikheid van klein-, medium- en mikro-ondernemings te demonstreer; Die probleme van Klein- en medium ondernemings, vestigingsfaktore, ondernemingsvorme en wetlike aspekte te verduidelik; Die entrepreneuriese proses, idee-

generering en omgewingsverkenning te ken; Te verduidelik wat 'n lewensvatbaarheidstudie behels; Te verduidelik wat 'n verkorte sakeplan met funksionele planne behels; Risko en versekering, belasting en oktrooi-agentskappe te ken.

## BEDRYFSIELKUNDE

**BSKP151 BEROEPSGESONDHEID**

1½ uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die aard en belangrikheid van 'n veilige, gesonde werkomgewing en 'n werkomgewing wat die kwaliteit van werkslewe van werknemers verhoog te ken en te verstaan; Insig te toon in die probleme wat werknemers ten opsigte van veiligheid, gesondheid en kwaliteit van werkslewe ervaar; Maniere te ken en te verstaan waarop organisasies te werk kan gaan om 'n veilige en gesonde werkomgewing te verseker en kwaliteit van werkslewe te verseker; Die belangrikste bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en die rol wat NOSA (National Occupational Safety Association of South Africa) speel betreffende die handhawing van 'n veilige en gesonde werkomgewing te ken en te verstaan.

**BSKP161 DIVERSITEIT IN WERKSKONTEKS**

1½uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Verskille in individue se gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en te verstaan; Die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in die werksplek te ken en te verstaan; Die uitwerking van stereotipes, vooroordeel en assimilasie op 'n diverse werksplek te ken en te verstaan; Die waarde van 'n diverse werksmag te kan motiveer; Verskillende programme wat gebruik kan word om diversiteit te bestuur (bv. regstellende aksie, gelyke geleenthede) te evalueer; Die rol van mensehulpbronpraktisyns in die ontwikkeling en implementering van beleid wat werknemers teen onregverdige diskriminasie beskerm te; Kennis van die primêre beginsels van die Suid-Afrikaanse Grondwet en ander toepaslike wetgewing ten opsigte van die bestuur van diversiteit te demonstreer.

**BSKP211 PERSONEELSIELKUNDE**

3 uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die aard, waarde en funksies van mensehulpbron-bestuur en die uitdagings wat daaraan gestel word te ken en te verstaan; Kennis van en insig in posontleding, mensehulpbronbeplanning, werwing, keuring, vergoeding, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebestuur te demonstreer, en vaardighede te gebruik om programme hierin in organisasies te implementeer; Kennis en vaardighede toe te pas om programme in mensehulpbronbestuur saam te stel en te evalueer.

**BSKP251 BEROEPSIELKUNDE**

1½uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die teoretiese onderbou en aard van die beroepsiel-kunde te ken en te verstaan; Die aard loopbaandinamiek, waarin daar konstante interaksie bestaan tussen die individu wat 'n beroep beoefen en sy of haar werk/werkgewer/organisasie en die rol wat loopbaan(self)bestuur in hierdie verband speel te ken en te verstaan; Die

maniere waarop ’n individu sy of haar loopbaan en ander se loopbane effektief kan bestuur te ken en te verstaan en hierdie kennis toe te pas om eie loopbaanselfbestuur te bevorder.

**BSKP261 PSIGOPATOLOGIE IN WERKSKONTEKS**

1½uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Gedragsafwykings te ken, te identifiseer en te klassifiseer; Die etiologie van gedragsafwykings te verstaan; Die optrede van individue wat afwykende gedrag toon (in terme van die psigodinamiek), hul prognose en hoe hierdie gedrag funksionering in die werksplek kan beïnvloed te ken en te verstaan; Sensitiwiteit te kan ontwikkel om mense wat psigologiese afwykings het te hanteer deur besprekings en konsultasies; Te verstaan wanneer individue vir professionele hulp (bv. psigoterapie) verwys moet word; Eie gedrag wat angs veroorsaak te ken en te verstaan.

**BSKP311 ORGANISASIESIELKUNDE**

3 uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van organisasiegedrag, stres, motivering, werkstevredenheid, leierskap, groepsgedrag, organisasiepolitiek, konflik, besluitneming, kommunikasie en organisasie-ontwerp te ken en te verstaan; Sensitiwiteit te ontwikkel vir individuele, groep- en organisasieprobleme op nasionale en internasionale vlak; Vaardighede te demonstreer om individuele, groep- en organisasieprobleme of geleenthede te diagnoseer en ingrype te doen of te verwys na ander professionele persone; Individue en groepe te fasiliteer en/of relevante partye te adviseer ten opsigte van oplossings; Die bevoegdhede van ’n organisasie-ontwikkelingskonsultant te ken en te verstaan; Veranderinge te identifiseer wat individue, groepe en organisasies beïnvloed; Die bestuur van verandering te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om ’n organisasiediagnose te doen; Ken en verstaan Elementêre organisasie-ontwikkelingsintervensies te ken en te verstaan.

**BSKP351 PSIGOMETRIKA**

1½ uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die: Sielkundige meting, die etiek en vereistes daarvan te ken en te verstaan; Demonstreer Kennis van die toepassing van psigometriese tegnieke te demonstreer; Verskillende psigometriese tegnieke te evalueer en tegnieke te kies wat billik in ’n gegewe situasie gebruik kan word; Die aard en meting van intelligensie, aanleg, belangstelling en persoonlikheid te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om aanleg, belangstellings en persoonlikheid te bepaal; Protokolle te interpreteer en verslae te skryf oor die resultate van die meetinstrumente.

**BSKP361 NAVORSINGSMETODOLOGIE**

1½ uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: ’n Navorsingsmodel en die fokusareas van navorsing by die Noordwes-Universiteit te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om ’n elementêre navorsingsvoorstel te skryf; Die vereistes van ’n literatuurstudie (insluitend publikasieriglyne) en gebruik vaardighede om ’n literatuurstudie vir ’n elementêre navorsingsprojek te skryf te ken en te verstaan; Navorsingsontwerpe, steekproeftrekking en oorwegings rakende die betroubaarheid en geldigheid van navorsing te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om ’n elementêre navorsingsprojek te onderneem en ’n verslag daaroor te skryf.

## R.9.9 DIPLOMA MODULES

Verwys na Engelse jaarboek aan die agterkant van hierdie handleiding = R9.9

## R.9.10 NAGRAADSE MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT REGTE

Verwys na Engelse jaarboek aan die agterkant van hierdie handlyding = R9.10 of

### R.9.10.1 LL M IN ARBEIDSREG

**LLMA879 INDIVIDUELE ARBEIDSREG**

PK

Na bestudering van hierdie module behoort die student in staat te wees om die regsreëls en beginsels rakende die individuele arbeidsreg (privaat en openbare sektor) te kan identifiseer en regsreëls en beginsels op feitestelle toe te pas.

**LLM884 KOLLEKTIEWE BEDINGING EN GESKILBESLEGTING**

PK

Na bestudering van hierdie module behoort die student in staat wees om die regsreëls en beginsels rakende die kollektiewe arbeidsreg en die regsreëls en beginsels met betrekking tot geskilbeslegting (privaat en openbare sektor) te kan identifiseer en regsreëls en beginsels op feitestelle te kan toe pas.

**LLMA875 INTERNASIONALE EN VERGELYKENDE ARBEIDSREG**

PK

Na die voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om aspekte van internasionale regspraak met betrekking tot aangeduide *capita* en die reëls van die Verenigde Nasies en internasionale organisasies sover dit op Arbeidsreg betrekking het, ken en verstaan en advies daaromtrent kan gee.

**LLMA883 SOSIALE SEKERHEID EN BEROEPSGESONDHEIDSREG**

PK

Na die voltooiing van hierdie module behoort die student in staat wees om die regsreëls en – beginsels rondom algemene vereistes van sosiale sekerheidsreg; regsaspekte van sosiale sekerheidsreg en beroepsgesondheidsreg te kan identifiseer en op praktiese probleemgevalle toe te pas.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student kennis oor navorsings-metodologie hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regsweten-skaplike vaktydskrif.

**R.9.10.2 LL M IN BOEDELREG**

**LLMB874 BELASTINGREG**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis beskik van aspekte van die reg met betrekking tot Inkomstebelasting, Geskenkebelasting, Boedelbelasting, Hereregte, Seëlregte en Belasting op Toegevoegde waarde, en in staat wees om die genoemde vorme van belasting binne sowel as buite die vakterrein van die belastingreg as sodanig te kan integreer en prakties toe te pas vir doeleindes van probleem.

**LLMB875 BOEDELBEPLANNING**

PK

Die studente sal in staat wees om 'n boedelhouer se vermoënsposisie te ontleed en in die lig van die boedelhouer se persoonlike en gesinsomstandighede sy/haar boedel strategies te beplan met die oog op die optimale benutting van sy/haar bates *inter vivos* sowel as *mortis causa*.

**LLMB876 SAKEREG EN EIENDOMSWETGEWING**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis van eiendomsreg en regte in eiendom, deeltitels, aandeleblokke, eiendomstyddeling en aftree-oorde, serwitute, saaklike sekerheid en aspekte van grondreg, swart huweliks- en erfreg beskik ten einde in staat te wees om boedelhouers uit alle bevolkingsgroepe kundig en praktykgerig oor hulle regte met betrekking tot die besit en beheer van vaste eiendom te adviseer; boedelhouers behulpsaam te wees om bogemelde aspekte waar toepaslike in hulle individuele boedelbeplanning te verdiskonteer en te konkretiseer.

**LLMB877 HUWELIKSGOEDEREREG**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis beskik van die verskillende huweliksgoederebedelings in die Suid-Afrikaanse reg, en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van egskeiding. Die studente sal verder in staat wees om die toepaslike regspraak oor die genoemde aspekte te identifiseer en die beslissings van die howe in dié opsig te interpreteer, te evalueer en prakties toe te pas vir doeleindes van probleemoplossing.

**LLMB878 ERFREG**

PK

Die studente sal oor gevorder kennis beskik van die teoretiese vraagstukke met betrekking tot die vestiging van regte in bestorwe boedels en die trust *mortis causa*, en die praktiese toepassing van die trustfiguur in die testamentêre erfreg.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na afloop van die module behoort die student kennis oor navorsingsmetodologie hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regswetenskaplike vaktydskrif.

**R.9.10.3 LL M IN IN- EN UITVOERREG**

**LLMI874 INTERNASIONALE BETALINGSINSTRUMENTE, WAARBORGE EN VERSEKERINGSREG**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student die regsreëls en –beginsels rakende die nasionale en internasionale bankreg, betalings- en finansieringsinstrumente, dokumentêre kredietbriewe, waarborge, faktorering, uitvoerkredietversekering en die versekering van goedere spesifiek met betrekking tot die in- en uitvoer daarvan, te ken en op praktiese feitesituasies te kan toepas.

**LLMI875 INTERNASIONALE KONTRAKTEREG**

PK

Wanneer die student hierdie module voltooi het, behoort hy/sy in staat te wees om die regsreëls en -beginsels van die Suid-Afrikaanse en internasionale kontrakte- en handelsreg te identifiseer en toe te pas asook om die reëls met betrekking tot verdrae van toepassing op internasionale koopkontrakte; internasionale handelsreggebruike; verskillende tipes kontrakte; dokumentasie en standaardklousules; elektroniese data-uitruiling; kontrakte met tussenpersone; produkteaanspreeklikheid; verteenwoordiging en gesamentlike ondernemings te interpreteer en te verduidelik.

**LLMI876 INTERNASIONALE VERVOERREG**

PK

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om: (1) die reëls van die Suid-Afrikaanse en internasionale reg met betrekking tot die vervoer van goedere per pad, spoor, see of lug; (2) die verskillende tipes van vervoerkontrakte; (3) verdrae van toepassing op internasionale vervoer; (4) multi modale vervoer; (5) vraghouers; (6) elektroniese data oordrag en (7) besondere risiko's en verpligtinge te interpreteer, te verduidelik en op praktiese feitesituasies toe te pas.

**LLMI877 ADMINISTRATIEF- EN VOLKEREG**

PK

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om: (1) Die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Reg en die Volkereg aan die hand van die toepaslike grondwetlike voorskrifte te analiseer; (2) Die inhoud van die reëls en beginsels van die Verdragsreg te verduidelik en hierdie kennis in die praktyk toe te pas; (3) Die inhoud van die reëls en beginsels van toepassing op die soewereine immuniteit van vreemde state te verduidelik en hierdie kennis in die praktyk toe te pas; (4) Aan te dui tot welke mate artikel 33 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 en die *Promotion of Administrative Justice Act* 3 van 2000 van toepassing sal wees op in- en uitvoeraangeleenthede, wat die gevolg daarvan is en ook om hierdie kennis prakties toe te pas; (5) Geregtelike hersiening as remedie en die administratiefregtelike hersieningsgronde (met besonderde klem op prosedurele billikheid) krities te bespreek en hierdie kennis prakties toe te pas; (6) Die ontwikkeling van die internasionale administratiefreg te bespreek.

**LLMI878 BELASTING- EN VALUTAREG**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die regsreëls en –beginsels rondom valuta-transaksies en –beheer, doeane- en aksynsregte, belasting op internasionale transaksies en dubbel-belasting-verdrae op praktiese feitestelle toe te pas.

**LLMI881 INTERNASIONALE PRIVAATREG EN HANDELSINSTRUMENTE IN SUIDELIKE AFRIKA**

PK

Na voltooing van die module behoort die student in staat te wees om die regsreëls en -beginsels van die internasionale privaatreg, met spesifieke verwysing na internasionale kontraktereg, die afdwing van vorderingsregte en internasionale vonnisse, mededingingsreg, internasionale sakereg en oorgang van eiendomsreg vir sover dit op in en uitvoer betrekking het, uit te lê. Die student behoort ook in staat te wees om dit op praktiese gevalle toe te pas. Verder behoort die student kennis te hê van die belangrikste internasionale instrumente wat handel tussen die lande in Suidelike Afrika reël en bevorder. Die student behoort te weet wat die oogmerke van sodanige instrumente is, wat elkeen se praktiese implikasies is en hoe om dit tot beste voordeel van die klient aan te wend.

**LLMI882 OORGRENS INSOLVENSIES EN INTERNASIONALE OORDRAG VAN TEGNOLOGIE**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die reëls en beginsels in verband met oorgrens insolvensies op praktiese feitesituasies toe te pas. Verder behoort die student die volgende kundigheid en insig te verwerf: (1) Die verskilende vorme van immaterieelgoedereg (IMG) wat primêr betrokke is in die internasionale arena; (2) Die vereistes en, waar toepaslik, die prosedures vir die verkryging van beskerming vir die verskillende vorme van IMG soos onder (1) geïdentifiseer; (3) Die verskillende ooreenkomste en verdrae wat betrekking het op die verkryging van IMG beskerming in die internasionale arena; (4) Die internasionale beweging van IMG regte by wyse van die vervreemding en oordrag daarvan; (5) Die vergunning tot die gebruik van IMG regte by wyse van die lisensiëringsooreenkoms met die klem op sodanige ooreenkomste in die internasionale area; (6) Die grense van IMG regte in die lig van die "uitputting van regte" en parallelle invoere.

**LLMI883 INTERNASIONALE OMGEWINGSREG**

PK

Na voltooing van die module behoort die student vertroud te wees met die toepaslike regsbeginsels, volkeregtelike gewoontereg en internasionale ooreenkomste asook relevante regspraak van belang ten aansien van internasionale omgewingsreg. Voorts behoort die student vetroud te wees met die filosofiese onderbou met betrekking tot die belangrikste temas van die internasionale omgewingsreg.

**LLMI884 INTERNASIONALE KOMMERSIËLE ARBITRASIE**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student die algemene beginsels van arbitrasie en alternatiewe dispuutbeslegting te ken en te kan toepas, spesifiek met verwysing na internasionale arbitrasie, die toepaslike internasionale verdrae, die afdwing van toekennings en standaard klousules.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student kennis oor navorsings-metodologie te hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regsweten-skaplike vaktydskrif.

## LL M / M PHIL IN OMGEWINGSREG EN -BEHEER

**LLMO877 SUID-AFRIKAANSE OMGEWINGSREG**

PK

Na afloop van die module behoort die student oor gevorderde kennis beskik oor die teoretiese en praktiese vraagstukke rakende Suid-Afrikaanse omgewingsregbeginsels, waardes en wetgewing met spesifieke verwysing na die Grondwet, omgewingsraamwerkwetgewing, biodiversiteit, kulturele erfenis, lugkwaliteit-beheer, water en afvalbestuur, besoedelingsvoorkoming en remediëring, myne, energie en bureregte.

**LLMO878 GROND EN BEPLANNINGSREG**

PK

Na afloop van die module behoort die student oor gevorderde kennis beskik oor die teoretiese en praktiese vraagstukke rakende die Suid-Afrikaanse grond en beplanningsreg met spesifieke verwysing na die Grondwet, *capita selecta* uit die Sakereg, grondhervormingswetgewing, landelike en stedelike beplanning.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na afloop van die module behoort die student kennis oor navorsingsmetodologie hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regswetenskaplike vaktydskrif.

**LLMO874 INTERNASIONALE OMGEWINGSREG**

PK

Na voltooing van hierdie module behoort die student vertroud te wees met die toepaslike regsbeginsels, volkeregtelike gewoontereg en internasionale ooreenkomste asook relevante regspraak van belang ten aansien van internasionale omgewingsreg. Voorts moet studente vetroud wees met die filosofiese onderbou met betrekking tot die belangrikste temas van die internasionale omgewingsreg.

**LLMO875 SADC OMGEWINGSREG**

PK

Na afloop van die module behoort die student oor gevorderde kennis beskik oor die teoretiese en praktiese vraagstukke rakende die inhoud, toepassing en uitvoering van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) verdrag en protokolle rakende beskerming van die omgewing asook die praktiese implementering daarvan in ‘n *capita selecta* van SAOG lande buite Suid-Afrika.

**LLMP874 ADMINISTRATIEFREG**

PK

Nadat afloop van die module in administratiefreg behoort die student in staat te wees om die relevante reëls en beginsels krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMP877 PLAASLIKE OWERHEIDSREG**

PK

Na afhandeling van die module behoort die student daartoe in staat wees om die stand van die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot plaaslike regering krities te beskryf en om tred te hou met die verdere ontwikkeling daarvan.

**LLMA878 BEROEPSVEILIGHEIDSREG**

PK

Na afhandeling van die module, behoort die student in staat te wees om die regsreëls en -beginsels van die Veiligheidswetgewing in die algemeen en besonderlik die mynbedryf te interpreteer en te verduidelik en advies daaromtrent kan gee.

**OMBO878 OMGEWINGSBESTUUR**

PK

Na afhandeling van die studie behoort die student in staat wees om op 'n gevorderde vlak omgewingsbestuurtegnieke binne die Deming-bestuursiklus van beplanning, uitvoering, nagaan en verbetering, en rapportering van omgewingsbestuursprestasie in die openbare en privaatsektore te beheers ten einde innoverende oplossings vir volhoubaarheidskwessies te vind.

**MPGA816 OPENBARE BESTUUR**

PK

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om op strategiese vlak komplekse intra- en interowerheidsverhoudinge en -beplanning binne die konteks van volhoubare en geïntegreerde ontwikkeling te bestuur.

## LL M IN PUBLIEKREG

**LLMP874 ADMINISTRATIEFREG**

PK

Nadat u die module in administratiefreg voltooi het, moet u in staat wees om die relevante reëls en beginsels krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMP875 FUNDAMENTELE REGTE**

PK

Nadat u die module in fundamentele regte voltooi het, moet u in staat wees om die voorskrifte van die Suid-Afrikaanse Handves van Regte krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMP876 GRONDWETLIKE HERMENEUTIEK**

PK

Hierdie kursuseenheid het ten doel om u in staat te stel om hermeneutiese probleme en benaderings binne die konstitusionele konteks te verstaan en oplossings voor te stel.

**LLMP877 PLAASLIKE OWERHEIDSREG**

PK

Wanneer u hierdie module voltooi het, moet u daartoe in staat wees om die stand van die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot plaaslike regering te beskryf en om tred te hou met die verdere ontwikkeling daarvan.

**LLMP878 REGSFILOSOFIE**

PK

Wanneer u hierdie module in Regsfilosofie voltooi het moet u daartoe in staat wees om regsfilosofiese vraagstukke wat 'n impak op die Suid-Afrikaanse grondwetlike demokrasie het te identifiseer, te ontleed en krities te bespreek. U behoort in staat te wees om op 'n verantwoorde wyse oor sodanige regsfilosofiese kwessies standpunt in te neem en om u regfilosofiese kennis op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMP879 VERGELYKENDE STAATSREG**

PK

Nadat u hierdie module voltooi het, moet u goed ingelig wees oor die relevante kwessies op die terrein van staatsregtelike vergelyking en ook daartoe in staat wees om staatsregtelike vergelykingsprojekte met vertroue aan te pak.

**LLMP884 VOLKEREG**

PK

Nadat u die module in volkereg voltooi het, moet u in staat wees om die relevante reëls en beginsels krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na afloop van die module behoort die student kennis oor navorsingsmetodologie te hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regswetenskaplike vaktydskrif.

## NAGRAADSE DIPLOMA IN BOEDELREG

**LLMB574 BELASTINGREG**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis beskik van aspekte van die reg met betrekking tot Inkomstebelasting, Geskenkebelasting, Boedelbelasting, Hereregte, Seëlregte en Belasting op Toegevoegde waarde, en in staat wees om die genoemde vorme van belasting binne sowel as

buite die vakterrein van die belastingreg as sodanig te kan integreer en prakties toe te pas vir doeleindes van probleem.

**LLMB575 BOEDELBEPLANNING**

PK

Die studente sal in staat wees om 'n boedelhouer se vermoënsposisie te ontleed en in die lig van die boedelhouer se persoonlike en gesinsomstandighede sy/haar boedel strategies te beplan met die oog op die optimale benutting van sy/haar bates *inter vivos* sowel as *mortis causa*.

**LLMB576 SAKEREG EN EIENDOMSWETGEWING**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis van eiendomsreg en regte in eiendom, deeltitels, aandeleblokke, eiendomstyddeling en aftree-oorde, serwitute, saaklike sekerheid en aspekte van grondreg, swart huweliks- en erfreg beskik ten einde in staat te wees om boedelhouers uit alle bevolkingsgroepe kundig en praktykgerig oor hulle regte met betrekking tot die besit en beheer van vaste eiendom te adviseer; boedelhouers behulpsaam te wees om bogemelde aspekte waar toepaslike in hulle individuele boedelbeplanning te verdiskonteer en te konkretiseer.

**LLMB577 HUWELIKSGOEDEREREG**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis beskik van die verskillende huweliksgoederebedelings in die Suid-Afrikaanse reg, en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van egskeiding. Die studente sal verder in staat wees om die toepaslike regspraak oor die genoemde aspekte te identifiseer en die beslissings van die howe in dié opsig te interpreteer, te evalueer en prakties toe te pas vir doeleindes van probleemoplossing.

**LLMB578 ERFREG**

PK

Die studente sal oor gevorder kennis beskik van die teoretiese vraagstukke met betrekking tot die vestiging van regte in bestorwe boedels en die trust *mortis causa*, en die praktiese toepassing van die trustfiguur in die testamentêre erfreg.

## NAGRAADSE DIPLOMA IN IN- EN UITVOERREG

**LLMI574 INTERNASIONALE BETALINGSINSTRUMENTE EN WAARBORGE**

PK

Na bestudering van hierdie module moet u in staat wees om die regsreëls en –beginsels rakende die nasionale en internasionale bankreg, betalings- en finansieringsinstrumente en die versekering van goedere spesifiek met betrekking tot die in- en uitvoer daarvan te identifiseer en dit op feitestelle toe te pas.

**LLMI575 INTERNASIONALE KONTRAKTEREG**

PK

Wanneer u hierdie module voltooi het, sal u in staat wees om die regsreëls en -beginsels van die Suid-Afrikaanse en internasionale kontrakte- en handelsreg te identifiseer en toe te pas asook om die reëls met betrekking tot verdrae van toepassing op internasionale koopkontrakte te interpreteer en te verduidelik en internasionale handelsreggebruike uit te ken.

**LLMI576 INTERNASIONALE VERVOERREG**

PK

Na bestudering van hierdie module moet u in staat wees om die reëls van die Suid-Afrikaanse en internasionale reg met betrekking tot die vervoer van goedere per pad, spoor, see of lug te interpreteer, te verduidelik en op praktiese probleemgevalle toe te pas.

**LLMI577 ADMINISTRATIEF- EN VOLKEREG**

PK

Nadat u die module in administratief- en volkereg voltooi het, moet u in staat wees om die relevante reëls en beginsels krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMI578 BELASTING- EN VALUTAREG**

PK

U moet na die voltooiing van hierdie module in staat wees om die regsreëls en –beginsels rondom valutatransaksies en –beheer, doeane- en aksynsregte, belasting op internasionale transaksies, transnasionale insolvensies asook aspekte van internasionale oordrag van tegnologie te identifiseer en op praktiese probleemgevalle toe te pas.

**LLMI584 INTERNASIONALE KOMMERSIËLE ARBITRASIE EN TRANSNASIONALE INSOLVENSIE**

PK

Na die afloop van hierdie module sal u die algemene beginsels van arbitrasie en alternatiewe dispuutbeslegting, ken met spesifieke verwysing na internasionale arbitrasie, toepaslike internasionale verdrae, afdwing van toekennings en standaard klousules.

**LLMI585 INTERNASIONALE PRIVAATREG EN REGSVERGELYKING**

PK

Wanneer u hierdie module voltooi het, sal u in staat wees om die regsreëls en –beginsels van die internasionale privaatreg, met spesifieke verwysing na internasionale kontraktereg, die afdwinging van vorderingsregte, mededingingsreg, internasionale sakereg en oorgang van eiendomsreg sover dit op in- en uitvoer van goedere betrekking het, uit te lê en op feitestelle toe te pas. U sal verder die beginsels rakende regsvergelyking van bogemelde aspekte onder

## R.10 OORGANGSREËLS

### A. AGTERGROND

Met die aanvang van 2007 sal die Fakulteit Regte van die Mafikeng- en Potchefstroomkampusse die LL B programme in ooreenstemming met mekaar bring met die kode 607 107 R410P. Hierdie verandering sal die huidige studente wat vir die LL B en BA (Regte) ingeskryf is, direk beïnvloed.

### B. OORGANGSREëLS: LL B

#### 1. Benadering

Eerstejaarstudente sal in 2007 vir die nuwe kurrikulum geregistreer word. Alle studente in die tweede en derde studiejare sal in 2007 'migreer' na die nuwe kurrikulum, aangesien minder modules vir die nuwe graad vereis word, en dit tot hulle voordeel sal wees. Die vermindering van modules is in ooreenstemming met die nasionale standaard en gebruike aan ander universiteite. Erkenning sal verleen word vir die voorafbelynde modules reeds geslaag, in ooreenstemming met die verduideliking in 2.1 – 2.4 van hierdie dokument.

Studente wat in 2007 in die vierde studiejaar is sal steeds vir die ou kurrikulum registreer, aangesien die huidige reëls vereis dat 'n student vir ten minste twee jaar geregistreer moet wees om die LL B-graad te verwerf. Die modules waarvoor hierdie studente moet registreer sal egter die nuwe modules met nuwe modulekodes wees, met uitsondering van die skripsie, wat in 2007 steeds onder die huidige kode aangebied sal word.

#### 2. Vergelyking tussen die huidige en belynde kurrikula en oorgangsreëls

#### 2.1 LL B I

Inleiding tot die reg behou die huidige naam, formaat en inhoud, maar het 'n nuwe kode, JURI 111. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg (LLBR 113) word Regsgeskiedenis (JURI 113). Die inhoud van die belynde module is vergelykbaar met dié van die huidige module. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Die samestelling van Persone- en Huweliksreg (LLBR 114) en die belynde Persone- en Regspersonereg (JURI 114) verskil. Om erkenning te verwerf vir die belynde JURI 114, moes ‘n student Persone- en Huweliksreg (LLBR 114) asook Regspersonereg en Inleidende Ondernemingsreg (LLBR 125) geslaag het. ’n Student wat LLBR 114 gesak het, moet vanaf 2007 Persone- en Regspersonereg (JURI 114) en Familiereg (JURI 216) slaag. ’n Student wat Regspersonereg en Inleidende Ondernemingsreg (LLBR 125) gesak het, moet vanaf 2007 Persone- en Regspersonereg (JURI 114) slaag, selfs indien hy of sy reeds Persone- en Regspersonereg (LLBR 114).geslaag het.

Kommunikasievaardighede (SKTA/E 111) word herontwikkel deur die Skool vir Tale en word Taalvaardighede in Regskonteks genoem (JURI 112, 8 krediete). Die module word in Afrikaans en Engels aangebied. Herhalers van SKTA of SKTE registreer vir die nuwe module. Studente wat nie in graad 12 of hulle finale skooljaar Afrikaans geneem het nie, moet registreer vir ENGL 113, wat in Engels aangebied word.

Die verpligte modules Leer- en Leesvaardighede (LEER 111) en Rekenaarvaardighede (RINL 111) bly steeds deel van die kurrikulum. Herhalers registreer vir dieselfde modules.

Inheemsereg (JURI 121) sal in die eerstejaar aangebied word, terwyl Regspluralisme (LLBR 225) voorheen in die tweedejaar aangebied is. Die modules is vergelykbaar en in 2007 sal alle studente in die eerste en tweede jaar vir die nuwe module registreer. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Regsvaardighede (JURI 122) is ‘n nuwe module wat ontwikkel is om die ontwikkeling van vaardighede wat deur die regsprofessie vereis word, aan te pak. Tweede- en derdejaarstudente van 2006 sal ook hierdie module moet neem, aangesien hulle nie die vergelykbare komponent in die huidige LLBR 322 geneem het nie. Spesiale reëlings sal getref word om al drie jaargroepe in 2007 te akkommodeer.

Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg (LLBR 123) behou die huidige naam, formaat en inhoud, maar kry ’n nuwe kode, JURI 123. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Erfreg (LLBR 124) behou die huidige naam, formaat en inhoud, maar het ’n nuwe kode, JURI 124.

Die lys van taalkeusevakke waaruit ‘n student in die eerstejaar (albei semesters) mag kies bly dieselfde. Herhalers mag vir dieselfde modules registreer of mag uit enige van die ander taaalmodules soos gelys, kies.

## 2.2 LL B II

Strafreg: Algemene Beginsels (LLBR 121) word voortaan in die eerste semester van die tweede jaar aangebied onder dieselfde naam, maar ‘n nuwe kode, JURI 211. Die modules is vergelykbaar en herhalers registreer vir die nuwe module. Studente wat LLBR 121 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURI 211.

Staatsreg en Plaaslike Owerheidsreg (LLBR 317) word nie verder in die huidge formaat aangebied nie. Staatsreg (JURI 214) word voortaan in die eerste semester van die tweede jaar aangebied, alhoewel die kerninhoud van die twee modules dieselfde is. Studente wat reeds LLBR 317 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 214. Herhalers moet vir JURI 214 registreer. Alle tweede- en derdejaarstudente moet in 2007 vir JURI 214 registreer.

Ondernemingsreg (LLBR 316) word nie meer in die derde jaar aangebied nie, maar in die eerste semester van die tweede jaar (JURI 215), alhoewel die kerninhoud van die twee modules dieselfde is. Studente wat reeds LLBR 316 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURI 215. Herhales moet vir JURI 215 registreer. Alle tweede- en derdejaarstudente moet in 2007 vir JURI 215 registreer.

Familiereg (JURI 216) is ‘n samestelling van die huidige Personereg (LLBR 114) en Huweliks- en Egskeidingsreg (LLBR 315). Om erkenning vir JURI 216 te verwerf moes studente albei die huidige modules geslaag het. Indien enige van die twee modules nie geslaag is nie, sal vir JURI 216 gerigstreer moet word. Alle tweede- en derdejaarstudente sal in 2007 vir JURI 216 moet registreer.

Regshermeneutiek (LLBR 214) word vervang met Uitleg van Wette (JURI 217). Studente wat reeds LLBR 214 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURI 217. Herhalers moet vir JURI 217 registreer.

Strafprosesreg word tans as een-en-‘n-halwe module aangebied, naamlik Strafprosesreg (LLBR 216) en Strafproses- en Bewysreg (LLBR 223). Vanaf 2007 sal dit as twee modules aangebied word (JURI 213 en JURI 223 in die tweedejaar). Studente wat reeds LLBR 216 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURI 213 en herhalers van LLBR 216 registreer vir JURI 213. Studente wat reeds LLBR 223 geslaag het, sal erkening verwerf vir JURI 223 en Bewysreg (JURI 325). Herhalers van LLBR 223 registreer vir beide JURI 223 en Bewysreg (JURI 325).

Strafreg: Besondere Misdade (LLBR 217) word voortaan in die tweede semester van die tweede jaar onder dieselfde naam, maar ’n nuwe kode, JURI 221, aangebied. Die modules is vergelykbaar en herhalers registreer vir die nuwe module. Studente wat reeds LLBR 217 geslaag het, verwerf erkenning vir JURI 221.

Arbeidsreg (LLBR 224) behou die huidige naam, formaat en inhoud, maar het ’n nuwe kode, JURI 224. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Deliktereg (LLBR 221) behou die huidige naam, formaat en inhoud, maar het ‘n nuwe kode, JURI 225. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Sakereg (LLBR 213) word Sakereg (JURI 226) en word voortaan in die tweede semester, in plaas van die eerste semester, aangebied. Dit behou die huidige formaat en inhoud. Herhalers registreer vir die nuwe module en studente wat reeds LLBR 213 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 226.

Regspraktyk (LLBR 222) word nie meer in die tweede jaar nie, maar in die finale jaar aangebied. Studente wat reeds LLBR 222 geslaag het, sal erkenning vir Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding (JURI 312) verwerf, wat in die finale jaar aangebied word, ondanks die kode daarvan. Herhalers sal in hulle vierde studiejaar vir JURI 312 registreer.

Die verpligte generiese module Kreatiewe Entrepreneurskap (ENTR 221) word nie as ’n aparte module in die belynde kurrikulum aangebied nie. Die uitkomste van die module is ingewerk in Onderneimngsreg (JURI 215) en Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding (JURI 312 en 322).

Geen keusevakke is in die tweedejaar beskikbaar nie.

## 2.3 LL B III

Landdroshofprosesreg (LLBR 311) word Landdroshofprosesreg (JURI 311). Dit behou die huidige formaat en inhoud. Herhalers registreer vir die nuwe module en studente wat reeds LLBR 311 geslaag het verwerf erkenning vir JURI 311.

Algemene Regsleer (LLBR 211) verskuif vanaf die tweede na die derde jaar en die kode word JURI 313. Die modules is vergelykbaar en die studente wat reeds LLBR 211 geslaag het, verkry erkenning vir JURI 313. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Bewysreg word tans aangebied as een-en-'n-halwe module, naamlik Bewysreg (LLBR 215) en Strafproses- en Bewysreg (LLBR 223). Vanaf 2007 word dit as twee modules in die derde studiejaarjaar aangebied, JURI 314 en JURI 325. Studente wat reeds LLBR 215 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURI 314 en herhalers van LLBR 215 moet vir JURI 314 registreer. Studente wat reeds LLBR 223 geslaag het, sal erkenning verwerf vir beide JURI 223 en JURI 325. Herhalers van LLBR 223 registreer vir beide JURI 223 en JURI 325.

Kontraktereg (LLBR 313) word Kontraktereg (JURI 315) maar behou die huidige formaat en inhoud. Studente wat reeds LLBR 313 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 315. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Volkereg (LLBR 414) verskuif van die vierde jaar na die derde jaar en die kode word JURI 316. Studente wat reeds LLBR 414 geslaag het, verwerf erkenning vir JURI 316 en herhalers registreer vir JURI 316. Alle derde- en vierdejaars registreer in 2007 vir JURI 316.

Studente moet òf Alternatiewe Geskilbeslegting (JURE 311, voorheen 'n verpligte module, LLBR 327) òf Belastingreg (JURE 313, voorheen 'n keusemodule in die vierdejaar; LLBR 423) kies as keusemodule in die eerste semester; of twee semestermodules Regsrekeningkunde (RERP 211 en RERP 221). 'n Student mag ook registreer vir een van die volgende: JURE 311 of JURE 313, asook RERP 211 en 221. Sodanige student het nie nodig om gedurende die tweede semester van die derde jaar vir 'n keusevak te registreer nie. 'n Student wat reeds LLBR 327 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURE 311 en mag nie weer vir JURE 311 regsitreer nie. 'n Student wat reeds LLBR 423 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURE 313 en mag nie weer vir JURE 313 registreer nie. 'n Student wat reeds RERP 211 en/of RERP 221 geslaag het mag nie weer vir die betrokke vergelykbare modules registreer nie, maar sal erkenning daarvoor verwerf.

Administratiefreg (LLBR 321) behou die naam, inhoud en formaat, maar word JURI 321. Studente wat reeds LLBR 321 geslaag het, sal erkenning vir JURI 321 ontvang. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Hooggeregshofprosesreg (LLBR 323) word Hooggeregshofprosesreg (JURI 323). Die modules is vergelykbaar en die studente wat reeds LLBR 323 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 323. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Fundamentele Regte (LLBR 325) behou die naam, inhoud en formaat, maar word JURI 324. Studente wat reeds LLBR 325 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 324. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Insolvensiereg (LLBR 326) behou die naam, inhoud en formaat en word JURI 326. Studente wat reeds LLBR 326 geslaag het, sal erkenning vir JURI 326 ontvang. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Besondere Kontrakte (LLBR 324) behou die naam, inhoud en formaat, maar word JURI 327. Studente wat reeds LLBR 324 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 327. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Studente wat nie ‘n regskeusemodule in die eerste semester geneem het nie maar RERP 211 en 221, moet kies tussen Ontwikkelingsreg en Plaaslike Owerheidsreg (JURP 321, nuwe samestelling) of Regspluralisme: Religieuse Regstelsels (JURP 323, voorheen ’n verpligte module; LLBR 314). ’n Student wat reeds LLBR 314 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURP 323 en mag nie vir JURP 323 registreer nie. ’n Student wat reeds Ontwikkelingsreg en Sosiale Reg (LLBR 424, voorheen ‘n keusevak), geslaag het, mag nie registreer vir Ontwikkelingsreg en Plaaslike Owerheidsreg (JURP 321) nie maar sal erkening verwerf vir Sosio-Ekonomiese Regte (JURP 411).

Die praktiese module Regspraktyk (LLBR 312) verskuif na die finale jaar. ’n Student wat reeds LLBR 312 geslaag het, sal erkenning verwerf vir Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding (JURI 322, aangebied in die finale jaar, ongeag die kode). Herhalers van LLBR 312 registreer vir JURI 322 in hul finale jaar.

Die module Regskommunikasie en Navorsingsmetodologie (LLBR 322) word nie verder in die huidige formaat aangebied nie. Die vaardigheidskomponent word deur Regsvaardighede (JURI 122) ingesluit en die navorsingskomponent word by Navorsingsmetodologie (JURI 317, aangbied in die finalejaar, ongeag die kode)

ingesluit. JURI 317 en die Skripsie (JURI 425) sal 'n geheel vorm en daar word van studente vereis om vir beide in dieselfde studiejaar in hul finale jaar te registreer. Studente wat reeds LLBR 322 geslaag het, sal in 2007 erkenning verwerf vir JURI 122 en 317. Herhalers van LLBR 322 registreer in hul finale jaar vir JURI 317. Studente wat nie in 2007 in hulle finale jaar is nie, sal vir JURI 317 moet registreer en die module moet slaag in hul finale jaar.

**2.4 LL B IV**

Verhandelbaredokumentereg (LLBR 416) verander na Verhandelbaredokumentereg en Elektroniese Handel (JURI 411). Die modules is vergelykbaar en herhalers registreer vir die nuwe module. Studente wat reeds LLBR 416 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURI 411.

Twee modules Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding (JURI 312 en 322) sal voortaan in die finale jaar aangebied word. Studente wat reeds LLBR 222 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 312. Herhalers sal in hul vierde jaar registreer vir JURI 312. Studente wat reeds LLBR 312 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 322. Herhalers van LLBR 312 registreer in hul finalejaar vir JURI 322.

Studente wat reeds Regskommunikasie en Navorsingsmetodologie (LLBR 322) geslaag het sal erkenning verwerf vir JURI 122 en 317. Herhalers van LLBR 322 registreer in hul finale jaar vir JURI 317.

Padongelukke en Versekeringsreg (LLBR 413) behou die naam, inhoud en formaat, maar word JURI 414. Studente wat reeds LLBR 413 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 414. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Skadevergoedingsreg (LLBR 415) behou die naam, inhoud en formaat, maar word JURI 415. Studente wat reeds LLBR 415 geslaag het, sal erkenning verkry vir JURI 415. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Studente moet gedurende die eerste semester van die vierde jaar twee keusemodules uit die volgende kies: Omgewingsreg (JURE 411, voorheen LLBR 411; 'n keusemodule); Intellektuele Goedereg (JURE 413, voorheen LLBR 417 Immateriëlegoederereg; 'n keusevak); Skynhof (JURE 412, nuwe module) of Sosio-Ekonomieseregte (JURP 411, 'n nuwe samestelling). 'n Student wat reeds LLBR 411 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURE 411 en mag nie registreer vir JURE 411 nie. 'n Student wat reeds LLBR 417 geslaag het sal erkenning verwerf vir JURE

413 en mag nie registreer vir JURE 413 nie. 'n Student wat reeds Ontwikkelingsreg en Sosialereg geslaag het (LLBR 424, voorheen 'n keusevak), sal erkenning verwerf vir JURP 411 en mag nie vir JURP 411 registreer nie.

Boedelbereddering (LLBR 421) behou die naam, inhoud en formaat, maar word JURI 421. Studente wat reeds LLBR 421 geslaag het, sal erkening verwerf vir JURI 421. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Verryking en Estoppel (LLBR 426) behou die naam, inhoud en formaat, maar word JURI 423. Studente wat reeds LLBR 426 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 423. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Regsfilosofie (LLBR 425) behou die naam, maar sal effens in inhoud en formaat verskil en word JURI 424. Studene wat reeds LLBR 425 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 424. Herhalers registreer vir die nuwe module.

Die Navorsingsverslag (LLBR 451), voorheen 'n jaarmodule, word voortaan 'n semestermodule naamlik Skripsie (JURI 425). Die nuwe module Navorsingsmetodologie sal studente lei tot by die finalisering van hul navorsingsvoorstelle, navorsingsplanne en die versameling van basiese inligtingsmateriaal. Die student sal daarna gedurende die finale semester in direkte kontak wees met sy/haar studieleier ten einde die skripsie te voltooi. Studente wat reeds LLBR 451 geslaag het, sal erkenning verwerf vir JURI 425. Studente wat in 2007 in hul vierde jaar is moet steeds registreer vir LLBR 451 en hul navorsingsverslae ooreenkomstig die huidige reëls voltooi. Herhalers sal in 2007 vir LLBR 451 registreer. Vanaf 2008 sal alle studente in hul vierde jaar asook alle herhalers vir JURI 317 en daarna vir JURI 425 moet registreer. Die rede vir die grasieperiode is dat studente reeds in hul derde studiejaar in LLBR 322 studieleiers vir leiding met hul navorsingsverslae vir 2007 genader het en dat hulle reeds met navorsing begin het. Vanaf 2008 sal die navorsingsvoorstel en –plan in JURI 317 voltooi word.

Studente moet kies tussen Internasionale Privaatreg (JURE 421) en Grond- en Aktesreg (JURP 421) in die tweede semester van hul vierde jaar. Studente wat reeds Grond- en Aktesreg (LLBR 418, voorheen 'n verpligte module), geslaag het sal erkenning verwerf vir JURP 421 en mag nie registreer vir JURP 421 nie.

Konstitusionele Litigasie en Praktyksbestuur (LLBR 422) word nie meer in sy huidige formaat aangebied nie. Die uitkomste word geabsobeer in Hooggeregshofprosesreg (JURI 323) asook Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding (JURI 312 en 322).

## 3. Praktiese implikasies

### 3.1 Tweedejaarstudent in 2007 (belynde kurrikulum)

Hier word van die veronderstelling uitgegaan dat die student al die eerstejaarsmodules in 2006 geslaag het en die ideale tweedejaarstudent is.

**Modules geslaag in 2006:**

| **Modules geslaag:** | | **Erkenning vir :** | |
|---|---|---|---|
| Kommunikasievaardighede | SKTA111 | Taalvaardighede in Regskonteks | JURI 112 |
| Communication skills | SKTE111 | | |
| Rekenaar- en Inligtingsvaardigehede | RINL111 | Rekenaar- en Inligtingsvaardigehede | RINL111 |
| Leer- en Leesvaardighede | LEER111 | Leer- en Leesvaardighede | LEER111 |
| Inleiding tot die Reg | LLBR111 | Inleiding tot die Reg | JURI 111 |
| Historiese Grondslae van die SA Reg | LLBR113 | Regsgeskiedenis | JURI 113 |
| Persone- en Huweliksreg | LLBR114 | Persone- en Regspersonereg | JURI 114 |
| Regspersonereg en Inleidende Ondernemingsreg | LLBR125 | | |
| Strafreg : Algemene Beginsels | LLBR121 | Strafeg : Algemene Beginsels | JURI 211 |
| Kontemporêre Grondslae vd SA Reg | LLBR123 | Kontemporêre Grondslae vd SA Reg | JURI 123 |
| Erfreg | LLBR124 | Erfreg | JURI 124 |
| | | Persone- en Regspersonereg | JURI 114 |
| Taalmodule (2 modules) | | Taalmodule (2 modules) | |

**Registrasie in 2007:**

| **Semester 1** | | **Semester 2** | |
|---|---|---|---|
| **Module** | **Kode** | **Module** | **Kode** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Strafprosesreg | JURI 213 | Inheemse Reg | JURI 121 |
| Staatsreg | JURI 214 | Strafreg : Besondere Misdade | JURI 221 |
| Ondernemingsreg | JURI 215 | Strafprosesreg | JURI 223 |
| Familiereg | JURI 216 | Arbeidsreg | JURI 224 |
| Uitleg van Wette | JURI 217 | Deliktereg | JURI 225 |
| | | Sakereg | JURI 226 |
| | | Regsvaardighede | JURI 122 |

Registrasie vir 2008 en 2009 sal volgens die normale vereistes vir die belynde LLB plaasvind vir LLB III en IV; verwys na Aanhangsel “C”.

### 3.2 Derdejaarstudent in 2007 (Belynde kurrikulum)

Hier word van die veronderstelling uitgegaan dat studente wat alle eerstejaarsmodules in 2005 geslaag het en alle tweedejaarsmodules in 2006, ‘n ideale derdejaarstudent is.

**Modules geslaag in 2005:**

| **Modules geslaag:** | | **Erkenning vir :** | |
|---|---|---|---|
| Kommunikasievaardighede | SKTA111 | Taalvaardighede in Regskonteks | JURI 112 |
| Communication skills | SKTE111 | | |
| Rekenaar en Inligtingsvaardighede | RINL111 | Rekenaar en Inligtingsvaardighede | RINL111 |
| Leer- en Leesvaardighede | LEER111 | Leer- en Leesvaardighede | LEER111 |
| Inleiding tot die Reg | LLBR111 | Inleiding tot die Reg | JURI 111 |
| Historiese Grondslae vd SA Reg | LLBR113 | Regsgeskiedenis | JURI 113 |
| Persone- en Regspersonereg | LLBR114 | Persone- en Regspersonereg | JURI 114 |
| Regspersonereg en Inleidende Ondernemingsreg | LLBR125 | | |
| Strafreg : Algemene | LLBR121 | Strafreg: Algemene | JURI 211 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Beginsels | | beginsels | |
| Kontemporêre Grondslae vd SA Reg | LLBR123 | Kontemporêre Grondslae vd SA Reg | JURI 123 |
| Erfreg | LLBR124 | Erfreg | JURI 124 |
| Taalmodule (2 modules) | | Taalmodule (2 modules) | |

**Modules geslaag in 2006:**

| **Modules geslaag:** | | **Erkenning vir :** | |
|---|---|---|---|
| Algemene Regsleer | LLBR211 | Algemene Regsleer | JURI 313 |
| Sakereg | LLBR213 | Sakereg | JURI 226 |
| Regshermeneutiek | LLBR214 | Uitleg van Wette | JURI 217 |
| Bewysreg | LLBR215 | Bewysreg | JURI 314 |
| Strafprosesreg | LLBR216 | Strafprosesreg | JURI 213 |
| Strafreg : besondere misdade | LLBR217 | Strafreg : besondere misdade | JURI 221 |
| Deliktereg | LLBR221 | Deliktereg | JURI 225 |
| Regspraktyk | LLBR222 | Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding | JURI 312 |
| Strafproses- en Bewysreg | LLBR223 | Strafprosesreg<br>Bewysreg | JURI 223<br>JURI 325 |
| Arbeidsreg | LLBR224 | Arbeidsreg | JURI 224 |
| Regspluralisme | LLBR225 | Inheemse Reg | JURI 121 |

**Registrasie in 2007:**

| **Semester 1** | | **Semester 2** | |
|---|---|---|---|
| **Module** | **Kode** | **Module** | **Kode** |
| Landdroshofprosesreg | JURI 311 | Administratiefreg | JURI 321 |
| Kontraktereg | JURI 315 | Hooggeregshofprosesreg | JURI 323 |
| Volkereg | JURI 316 | Fundamentele Regte | JURI 324 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Staatsreg | JURI 214 | Insolvensiereg | JURI 326 |
| Ondernemingsreg | JURI 215 | Besondere Kontrakte | JURI 327 |
| Familiereg | JURI 216 | Derdejaar keusemodule | |
| Derdejaar keusemodule | | Regsvaardighede | JURI 122 |

**Registrasie in 2008:**

| **Semester 1** | | **Semester 2** | |
|---|---|---|---|
| **Module** | **Kode** | **Module** | **Kode** |
| Verhandelbaredokumentereg en Elektroniese Handel | JURI 411 | Boedelbereddering | JURI 421 |
| Navorsingsmetodologie | JURI 317 | Verryking en Estoppel | JURI 423 |
| Padongelukke- en Versekeringsreg | JURI 414 | Regsfilosofie | JURI 424 |
| Skadevergoedingsreg | JURI 415 | Skripsie | JURI 425 |
| Twee vierdejaar keusemodules | | Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding | JURI 322 |
| | | Een vierdejaar keusemodule | |

**3.3 Vierdejaarstudent in 2007 (Nie-belynde kurrikulum)**

Die tydrooster/kalender/oorgangsperiode sal bepaal dat alle vierdejaarstudente, asook alle leerders tussen die derde en vierde studiejare, alle huidige voorgeskrewe modules vir jare I – III sal moet slaag asook die volgende modules ten einde te gradueer:

| **Ou modulename** | **Nuwe modulename** | **kodes** |
|---|---|---|
| Padongelukke- en Versekeringsreg | Padongelukke- en Versekeringsreg | JURI 414 |
| Volkereg | Volkereg | JURI 316 |
| Skadevergoedingsreg | Skadevergoedingsreg | JURI 415 |

| | | |
|---|---|---|
| Verhandelbaredokumente-reg | Verhandelbaredokumen-tereg en Elektroniese Handel | JURI 411 |
| | Enige twee van :<br><br>(i) Omgewingsreg<br>(ii) Intellektuelegoederereg<br>(iii) Skynhof<br>(iv) Sosio-ekonomiese Regte | Enige twee van :<br><br>(i) JURE 411<br>(ii) JURE 413<br>(iii) JURE 412<br>(iv) JURP411 |
| Boedelbereddering | Boedelbereddering | JURI 421 |
| Regsfilosofie | Regsfilosofie | JURI 424 |
| Verryking en Estoppel | Verryking en Estoppel | JURI 423 |
| Navorsingsverslag | Navorsingsverslag (2007)<br>Navorinsgmetodologie EN Skripsie (vanaf 2008) | LLBR 451 (2007)<br>JURI 317 EN<br>JURI 425 (vanaf 2008) |
| | Enige een van :<br><br>(i) Grond- en Aktesreg<br>(ii) Internasionale Privaatreg | Enige een van :<br><br>(i) JURP 421<br>(ii) JURE 421 |

**NOTA:** Let asseblief daarop: Studente mag kies om vir **Belastingreg (JURE313)** en/of **Ontwikkelings- en Plaaslike Owerheidsreg (JURP321**) te registreer, bykomend saam met bogenoemde modules.

**4. Moontlike roosterbotsings**

Daar word veronderstel dat studente wat op datum is met hul studie geakkommodeer sal kan word om roosterbotsings te voorkom. Herhalers het steeds die opsie om by die Administratiewe Bestuuder aansoek te doen om hul uitstaande modules gedurende 2007 (tweede tot vierdejaar modules)., 2008 (derde en vierdejaarsmodules) en 2009 (vierdejaarsmodules) telematies te voltooi.

C. **OORGANGSREëLS: BA (Regte)**

1. **Tweedejaars in 2007**

Die volgende oorgangsreëls is net van toepassing op studente in die tweede studiejaar in 2007.

Indien alle regsmodules in 2006 geslaag is, sa die volgende erkennings gegee word:

| **Modules geslaag:** | | **Krediet vir:** | |
|---|---|---|---|
| Kommunikasievaardighede | SKTA111 | Taalvaardighede in Regskonteks | JURI 112 |
| Communication skills | SKTE111 | | |
| Inleiding tot die Reg | LLBR111 | Inleiding tot die Reg | JURI 111 |
| Historiese Grondslae van die SA Reg | LLBR113 | Regsgeskiedenis | JURI 113 |
| Persone- en Huweliksreg | LLBR114 | Persone- en Regspersonereg | JURI 114 |
| Regspersonereg en Inleidende Ondernemingsreg | LLBR125 | | |
| Strafreg: Algemene Beginsels | LLBR121 | Strafreg: Algemene Beginsels | JURI 211 |
| Kontemporêre Grondslae van SA Reg | LLBR123 | Kontemporêre Grondslae van SA Reg | JURI 123 |

**Die student registreer vir die volgende modules in die tweede jaar in 2007:**

| **Semester 1** | | **Semester 2** | |
|---|---|---|---|
| **Module** | **Kode** | **Module** | **Kode** |
| Strafprosesreg | JURI 213 | Erfreg | JURI 124 |
| Staatsreg | JURI 214 | Inheemse Reg | JURI 121 |
| Familiereg | JURI 216 | Strafreg: Besondere Misdade | JURI 221 |
| | | Strafprosesreg | JURI 223 |

Let wel: JURI122 (Regsvaardighede) is ‘n nuwe module, maar vanweë die reeds volgepakte tweede semesters in die tweede en derde studiejare, moet studente wat met LL B wil voortgaan na voltooiing van BA, JURI 122 neem benewens die ander voorgeskrewe regsmodules. Alleen studente in die tweede studiejaar in 2007 sal deur hierdie oorgangsreëling geraak word.

**Die student registreer vir die volgende modules in die derde jaar in 2008:**

| Semester 1 | | Semester 2 | |
|---|---|---|---|
| **Module** | **Kode** | **Module** | **Kode** |
| Ondernemingsreg | JURI 215 | Arbeidsreg | JURI 224 |
| Uitleg van Wette | JURI 217 | Deliktereg | JURI 225 |
| Kontraktereg | JURI 315 | Sakereg | JURI 226 |
| | | Besondere Kontrakte | JURI 327 |

**2. Derdejaars 2007**

Die benadering rakende derdejaars is dat hulle volgens die jaarboek moet registreer vir die ekwivalente van die modules waarvoor hulle sou registreer.

Studente wat al die regsmodules soos tans voorgeskryf in die eerste en tweede studiejare geslaag het, sal derhalwe vir die volgende regsmodules in 2007 moet registreer ten einde vir die graad te kwalifiseer:

| Modulenaam | Krediete | Modulekode | NQF VLAK |
|---|---|---|---|
| **Semester 1** | | | |
| Inleiding tot Regsfilosofie | 12 | JURI313 | 6 |
| Uitleg van Wette | 12 | JURI217 | 5(b) |
| Kontraktereg | 12 | JURI 315 | 6 |
| **Semester 2** | | | |
| Regsvaardighede | 12 | JURI122 | 5(a) |
| Deliktereg | 12 | JURI225 | 5(b) |
| Arbeidsreg | 12 | JURI224 | 5(b) |

Herhalers registreer vir die ooreenstemmende nuwe modules.

**D. OOREENSTEMMENDE MODULES VIR RPL EN REKORDDOELEINDES:**

**POTCHEFSTROOM**

| Ou Modulenaam | Nuwe Modulenaam | Ou Module-krediete | Nuwe Module-krediete | Ou Modulekode | Nuwe Modulekode |
|---|---|---|---|---|---|
| Kommunikasievaardig-hede | Taalvaardighede in regskonteks | 4 | 8 | SKTA111 | JURI 112 |
| Communication skills | | 4 | | SKTE111 | |
| Rekenaar- en Inligtingvaardighede | Rekenaar- en Inligtingvaardighede | 8 | 8 | RINL111 | RINL 111 |
| Leer- en Leesvaardighede | Leer- en Leesvaardighede | 8 | 8 | LEER111 | LEER 111 |
| Kreatiewe Entrepreneurskap | No equivalent – presented as add-in in Entrepreneurial Law and Legal Practice | 8 | | ENTR221 | |
| Inleiding tot die Reg | Inleiding tot die Reg | 8 | 12 | LLBR111 | JURI 111 |
| Historiese Grondslae van SA Reg | Regsgeskiedenis | 8 | 12 | LLBR113 | JURI 113 |
| Persone- en Huweliksreg | Persone-en Regspersonereg | 8 | 12 | LLBR114 | JURI 114 |
| Strafreg: Algemene Beginsels | Strafreg: Algemene Beginsels | 8 | 12 | LLBR121 | JURI 211 |
| Kontemporêre Grondslae van SA Reg | Kontemporêre Grondslae van SA Reg | 8 | 12 | LLBR123 | JURI 123 |
| Erfreg | Erfreg | 8 | 12 | LLBR124 | JURI 124 |
| Regspersonereg en Inleidende Ondernemingsreg | Persone- en Regspersonereg | 8 | 12 | LLBR125 | JURI 114 |
| Algemene Regsleer | Algemene Regsleer | 16 | 12 | LLBR211 | JURI 313 |
| Sakereg | Sakereg | 8 | 12 | LLBR213 | JURI 226 |
| Regshermeneutiek | Uitleg van Wette | 8 | 12 | LLBR214 | JURI 217 |
| Bewysreg | Bewysreg | 8 | 12 | LLBR215 | JURI 314 |
| Strafprosesreg | Strafprosesreg | 8 | 12 | LLBR216 | JURI 213 |
| Strafreg: Besondere Misdade | Strafreg: Besondere Misdade | 8 | 12 | LLBR217 | JURI 221 |
| Deliktereg | Deliktereg | 16 | 12 | LLBR221 | JURI 225 |
| Regspraktyk | Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding | 8 | 8 | LLBR222 | JURI 312 |
| Strafproses- en Bewysreg | Strafprosesreg EN Bewysreg | 8 | 12 | LLBR223 | JURI 223 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | 12 | | JURI 325 |
| Arbeidsreg | Arbeidsreg | 8 | 12 | LLBR224 | JURI 224 |
| Regspluralisme | Inheemse Reg | 8 | 12 | LLBR225 | JURI 121 |
| Landdroshofprosesreg | Landdroshofprosesreg | 8 | 12 | LLBR311 | JURI 311 |
| Regspraktyk | Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding | 8 | 8 | LLBR312 | JURI 322 |
| Kontraktereg | Kontraktereg | 16 | 12 | LLBR313 | JURI 315 |
| Regspluralisme | Regspluralisme en Religieuse Regstelsels (keuse) | 8 | 12 | LLBR314 | JURP 323 |
| Huweliks- en Egskeidingsreg | Familiereg | 8 | 12 | LLBR315 | JURI 216 |
| Ondernemingsreg | Ondernemingsreg | 8 | 12 | LLBR316 | JURI 215 |
| Staatsreg en Plaaslike Owerheidsreg | Staatsreg | 8 | 12 | LLBR317 | JURI 214 |
| Administratiefreg | Administratiefreg | 8 | 12 | LLBR321 | JURI 321 |
| Rgeskommunikasie en Navorsingsmetodologie | Regsvaardighede EN Navorsingsmetodologie | 8 | 12<br>12 | LLBR322 | JURI 122<br>JURI 317 |
| Hooggeregshofproses-reg | Hooggeregshofprosesreg | 8 | 12 | LLBR323 | JURI 323 |
| Besondere Kontrakte | Besondere Kontrakte | 16 | 12 | LLBR324 | JURI 327 |
| Fundamentele Regte | Fundamentele Regte | 16 | 12 | LLBR325 | JURI 324 |
| Insolvensiereg | Insolvensiereg | 8 | 12 | LLBR326 | JURI 326 |
| Alternatiewe Geskilbeslegting | Alternatiewe Geskilbeslegting (keuse) | 8 | 12 | LLBR327 | JURE 311 |
| Padongelukke- en Versekeringsreg | Padongelukke- en Versekeringsreg | 8 | 12 | LLBR413 | JURI 414 |
| Volkereg | Volkereg | 16 | 12 | LLBR414 | JURI 316 |
| Skadevergoedingsreg | Skadevergoedingsreg | 16 | 12 | LLBR415 | JURI 415 |
| Verhandelbaredoku-mentereg | Verhandelbaredokumen-tereg en Elektroniese Handel | 8 | 12 | LLBR416 | JURI 411 |
| Grond- en Aktesreg | Grond- en Aktesreg (Keuse) | 16 | 12 | LLBR418 | JURP 421 |
| Boedelberedderring | Boedelberedderring | 16 | 12 | LLBR421 | JURI 421 |
| Konstitusionele Litigasie en praktykbestuur | Geen ekwivalent | 8 | | LLBR422 | |
| Regsfilosofie | Regsfilosofie | 16 | 12 | LLBR425 | JURI 424 |
| Verryking en Estoppel | Verryking en Estoppel | 16 | 12 | LLBR426 | JURI 423 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Navorsingsverslag | Skripsie | 16 | 12 | LLBR451 | JURI 425 |
| Omgewingsreg (Keuse) | Omgewingsreg (Keuse) | 16 | 12 | LLBR 411 | JURE 411 |
| Immateriëlegoederereg | Immateriëlegoederereg (keuse) | 16 | 12 | LLBR417 | JURE 413 |
| Belastingreg (Keuse) | Belastingreg (keuse) | 16 | 12 | LLBR423 | JURE 313 |
| Ontwikkelingsreg en Sosiale Reg (keuse) | Enige EEN van:<br>Ontwikkelings- en Plaaslike Owerheidsreg (keuse)OF<br>Sosio-ekonomiese Regte (keuse)<br>Leerders mag geen van bg kies indien hulle LLBR 424 geslaag het nie) | 16 | 12<br>12 | LLBR424 | JURP 321<br>JURP 411 |